

# JIRMEJAHU

## Jeremia

**1** Die woorde van Jirmejahu, die seun van Hilkijahu, uit die priesters wat in Anatot, in die land Binjamin was,

<sup>2</sup> aan wie die woord van יהוה gekom het in die dae van Joshijahu, die seun van Amon, die koning van Jahuda, in die dertiende jaar van sy regering.

<sup>3</sup> En dit het gekom in die dae van Jahojakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, tot die einde van die elfde jaar van Tsidkijahu, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, totdat Jarushalajim ontvolk is in die vyfde maand.

<sup>4</sup> Die woord van יהוה het toe na my gekom en gesê:

<sup>5</sup> "Voordat Ek jou in die baarmoeder gevorm het, het Ek jou geken, en voor jy uit die baarmoeder gekom het, het Ek jou afgesonder. Ek het jou as 'n profeet vir die nasies aangestel.

<sup>6</sup> En ek het gesê: "Ag, Meester יהוה, kyk, ek kan nie praat nie, want ek is 'n seun."

<sup>7</sup> En יהוה het vir my gesê: "Moenie sê: 'Ek is 'n seun,' nie, maar gaan na almal na wie Ek jou ook al stuur, en wat Ek jou ook al beveel, moet jy sê.

<sup>8</sup> "Moenie vir hulle voorkoms bang wees nie, want Ek is met jou om jou te red," het יהוה gesê.

<sup>9</sup> Toe het יהוה Sy hand uitgesteek en aan my mond geraak en יהוה het vir my gesê: "Kyk, Ek lê My woorde in jou mond.

<sup>10</sup> "Kyk, Ek stel jou vandag aan oor die nasies en oor die koninkryke om uit te ruk en af te breek en te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant."

<sup>11</sup> En die woord van יהוה het na my gekom en gesê: "Wat sien jy, Jirmejahu?"

En ek het gesê: "Ek sien 'n amandeltak."<sup>a</sup>

<sup>12</sup> En יהוה het vir my gesê: "Jy het goed gesien, want Ek is paraat om My woord uit te voer."

<sup>13</sup> En die woord van יהוה het vir die tweede keer na my gekom en gesê: "Wat sien jy?" En ek het gesê: "Ek sien 'n kokende pot wat van die noorde af kyk."

<sup>14</sup> En יהוה het vir my gesê: "Vanaf die noorde breek teëspoed los oor al die inwoners van die land.

<sup>15</sup> "Want kyk, Ek roep al die stamme van die koninkryke van die noorde," sê יהוה. "En hulle sal kom, en hulle sal elkeen sy troon neersit by die ingang van die poorte van Jarushalajim en teen al sy mure rondom en teen al die stede van Jahuda.

<sup>16</sup> "En Ek sal My oordele oor hulle uitspreek, weens al hulle boosheid, omdat hulle My verlaat het en vir ander elohim wierook gebrand het en hulle voor die werke van hulle hande neergebuig het.

<sup>17</sup> "En jy, omgord jou heupe en staan op en sê aan hulle alles wat Ek jou sal beveel. Moenie voor hulle verbouereerd wees nie, dat Ek jou nie voor hulle afbreek nie.

<sup>18</sup> "Want kyk, Ek maak jou vandag 'n vesting stad en 'n ysterpilaar en kopermure teen die hele land: teen die konings van Jahuda, teen sy leiers, teen sy priesters en teen die volk van die land.

<sup>19</sup> "En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorwin nie. Want Ek is met jou," sê יהוה, "om jou te red."

**2** En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

---

<sup>a</sup> Die Hebreeuse woord vir amandel is byna dieselfde as die woord vir "paraat", "wakker" of "gereed". Die amandelblom spruit oornag.

## JIRMEJAHU 2

<sup>2</sup> “Gaan en roep uit voor die ore van Jarushalajim en sê: ‘יהוה: “Ek onthou die geneetheid van jou jeug, die liefde van jou bruidstyd, toe jy agter My aan geloop het in die woestyn, in ‘n onbesaaide land.

<sup>3</sup> “Jisra’ël was vir יהוה afgesonder, die eersteling van Sy opbrengs. Almal wat daarvan geëet het, is skuldig – teëspoed kom oor hulle,” sê יהוה.’”

<sup>4</sup> Hoor die woord van יהוה, huis van Jaakob, en alle stamme van die huis van Jisra’ël!

<sup>5</sup> So sê יהוה: “Watter ongeregtigheid het julle vaders in My gevind, dat hulle ver van My gegaan en agter nietighede aan geloop het en nietig geword het?”

<sup>6</sup> “En hulle het nie gesê: ‘Waar is יהוה wat ons uit die land Mitsrajim laat optrek het, ons in die woestyn gelei het, in ‘n land van wildernis en kuile, in ‘n land van droogte en doodskaduwee, in ‘n land waar niemand deurtrek en waar geen mens woon nie?’”

<sup>7</sup> “En Ek het julle in ‘n land van tuine gebring, om die vrugte en die goeie daarvan te eet. Maar toe julle ingekom het, het julle My land verontreinig en My erfenis ‘n gruwel gemaak.

<sup>8</sup> “Die priesters het nie gesê: ‘Waar is יהוה?’ nie. En hulle wat die Tora hanteer, het My nie geken nie, en die herders<sup>b</sup> het teen My oortree, en die profete het deur Baäl geprofeteer en agter *dinge* aan geloop wat geen voordeel bring nie.

<sup>9</sup> “Daarom twis Ek nog met julle,” sê יהוה, “en Ek twis met julle kindskinders.

<sup>10</sup> “Want gaan oor na die eilande van Kittim, en kyk, en stuur na Kēdar, en neem ernstig kennis, en kyk of so iets gebeur het:

<sup>11</sup> “Het ‘n nasie sy elohim verruil, wat nie eers elohim is nie? Maar My volk het My aansien verruil vir wat geen voordeel bring nie.

<sup>12</sup> “Wees verstom hieroor, en bevrees, verdroog heeltemal,” sê יהוה.

<sup>13</sup> “Want My volk het twee booshede gedoen: hulle het My, die fontein van lewendende waters,<sup>c</sup> verlaat om vir hulle waterbakke uit te kap, gebarste waterbakke wat geen water hou nie.

<sup>14</sup> “Is Jisra’ël ‘n dienaar? Is hy ‘n in die huis gebore? Waarom het hy ‘n buit geword?”

<sup>15</sup> “Die jong leeus het vir hom gebrul, hulle het gegrom en sy land ‘n woesteny gemaak; sy stede is verbrand, sonder inwoner.

<sup>16</sup> “Selfs die seuns van Nof en Tágpanhēs het jou die kop geskeer.

<sup>17</sup> “Het jy nie dit op jouself gebring, deur יהוה jou Elohim te verlaat het in die tyd toe Hy jou op die pad gelei het, nie?”

<sup>18</sup> “En nou, waarom die pad na Mitsrajim neem, om die water van Shihor te drink? Of waarom die pad na Ashshur neem, om die water van die rivier te drink?”

<sup>19</sup> “Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afvallighede sal jou straf. Weet dan en sien dat dit boos en bitter is dat My יהוה jou Elohim verlaat het, en dat My vrees nie in jou is nie,” sê die Meester, יהוה van die leërskaar.

<sup>20</sup> “Want van ouds af het jy jou juk verbreek, jou stroppe stukkend geruk. En jy het gesê: “Ek sal nie dien nie, terwyl jy op elke hoë heuwel en onder elke groen boom gaan lê om te hoereer.

<sup>21</sup> “Nogtans het Ek jou geplant as ‘n edele wingerdstok, heeltemal suiwer saad. Hoe dan is jy voor My verander in wilde lote van ‘n vreemde wingerdstok?”

<sup>22</sup> “Want al sou jy jou met loog was en baie seep gebruik, tog bly jou ongeregtheid ingekerf voor My,” sê die Meester יהוה.

<sup>23</sup> “Hoe kan jy sê: ‘Ek is nie verontreinig nie, ek het nie agter die Baäls aan geloop nie?’ Kyk jou weg in die vallei, weet wat jy gedoen het: jy, *soos* ‘n vinnige jong kameelkoei wat rond hardloop,

<sup>24</sup> ‘n wilde donkie, gewoon aan die woestyn, wat in haar begeerte die wind

<sup>b</sup> Sien 10:21; 12:10-11; 50:6-7

<sup>c</sup> Sien 17:13

opsnuif – in haar hittigheid, wie keer haar weg? Almal wat haar soek, hoef hulle nie te vermoei nie; in haar maand kry hulle haar.

<sup>25</sup> “Hou jou voet terug, dat dit sy skoen nie verloor nie, en jou keel, dat dit nie dors word nie. Maar jy het gesê: ‘Dit is hopeloos, want ek het vreemdes lief en agter hulle loop ek aan.’

<sup>26</sup> “Soos ‘n dief in die skande kom wanneer hy uitgevind word, so het die huis van Jisra’el in die skande gekom – hulle, hulle konings, hulle leiers en hulle priesters en hulle profete,

<sup>27</sup> wat vir ‘n boom sê: ‘Jy is my vader,’ en vir ‘n klip: ‘Jy het aan my geboorte gegee.’ Want hulle het hul rug op My gedraai en nie hul gesig nie. Maar in die tyd van hulle teëspoed sê hulle: ‘Staan op en verlos ons!’

<sup>28</sup> “Maar waar is jou elohim wat jy vir jou gemaak het? Laat hulle opstaan indien hulle jou kan verlos in die tyd van jou teëspoed. Want die aantal van jou elohim is soos jou stede, Jahuda!

<sup>29</sup> “Waarom kla julle by My? Julle almal het teen My oortree,” sê יהוה.

<sup>30</sup> “Ek het julle kinders tevergeefs geslaan, hulle het geen tugtiging aangeneem nie. Julle swaard het julle profete verslind soos ‘n verskeurende leeu.

<sup>31</sup> Julle geslag, sien die woord van יהוה! Was Ek vir Jisra’el ‘n woestyn of ‘n land van duisternis? Waarom sê My volk: ‘Ons loop vry rond, ons sal nie meer na U toe kom nie?’

<sup>32</sup> “Kan ‘n jong meisie haar versierings vergeet, of ‘n bruid haar rok? Maar My volk het My vergeet, dae sonder tal.

<sup>33</sup> “Waarom versier jy jou pad om liefde te soek? Daardeur het jy ook jou weë by die slegtes aangewakker.

<sup>34</sup> “Selfs aan jou some is die bloed van die lewens van onskuldige armes gevind. Jy het hulle nie betrap om in te breek nie, maar ten spyte van alles

<sup>35</sup> sê jy: ‘Omdat ek onskuldig is, sal Hy verseker Sy toorn van my wegdraai.’ Kyk, Ek sal jou oordeel, omdat jy sê: ‘Ek het

nie gesondig nie.’

<sup>36</sup> “Waarom loop jy so baie weg om jou pad te verander? Jy sal ook deur Mitsrajim in die skande kom soos jy deur Ashshur in die skande gekom het.

<sup>37</sup> Jy sal ook daarvandaan uitgaan met jou hande op jou kop. Want יהוה het hulle op wie jy vertrou, verwerp, en jy sal met hulle geen voorspoed hê nie.

**3** Hy het gesê: “Indien ‘n man sy vrou verstoot, en sy gaan van hom af weg en word ‘n ander man s’n, kan hy dan nog na haar teruggaan? Sal daardie land nie ergerlik onrein word nie? En jy het met baie minnaars gehoeëer. En wil jy na My terugkom?” sê יהוה

<sup>2</sup> “Lig jou oë op na die kaal hoogtes en kyk: Waar het jy nie *met mans* gelê nie? Aan die paaie het jy vir hulle gesit soos ‘n Arabier in die woestyn. En jy het die land onrein gemaak deur jou hoererye en jou boosheid.

<sup>3</sup> “Daarom is die stortreën teruggehou, en was daar geen laat reën nie. Maar jy het ‘n hoerevoorkop, jy weier om jou te skaam.

<sup>4</sup> “Sal jy My nie nou eers aanroep nie: ‘My Vader, U is die Vriend van my jeug!’

<sup>5</sup> “Bly iemand vir ewig kwaad, of bewaar hy dit vir altyd?” Kyk, jy het booshede gesê en gedoen soos jy kon.”

<sup>6</sup> “En יהוה het vir my gesê in die dae van koning Joshijahu: ‘Het jy gesien wat die afvallige, Jisra’el, gedoen het? Sy het op elke hoë berg en tot onder elke groen boom gegaan en daar gehoeëer.

<sup>7</sup> “En Ek het gesê, nadat sy dit alles gedoen het: ‘Keer terug na My!’ Maar sy het nie teruggekeer nie. En haar ontroue suster, Jahuda, het dit gesien.

<sup>8</sup> “En Ek het gesien toe Ek weens die owerspel van die afvallige, Jisra’el, haar verstoot en haar ‘n skeibrief gegee het, het haar ontroue suster Jahuda, steeds nie gevrees nie, maar gegaan en ook gehoeëer.

<sup>9</sup> “En dit het gebeur weens haar ligsin-nige hoerery, dat sy die land geskend en, met klip en hout owerspel gepleeg het.

<sup>10</sup> "En steeds ondanks dit alles het haar ontroue suster Jahuda, haar nie met haar hele hart na My gedraai nie, maar valslik," sê יהוה.

<sup>11</sup> En יהוה het vir my gesê: "Afvallige Jisra'ël, het haarself meer geregverdig as die ontroue, Jahuda.

<sup>12</sup> "Gaan en roep hierdie woorde uit na die noorde en sê: 'Keer terug, afvallige Jisra'ël,' sê יהוה. 'Ek sal julle nie in woede aankyk nie, want Ek is opreg,' sê יהוה, 'Ek hou die toorn nie vir ewig nie.

<sup>13</sup> 'Erken alleenlik jou ongeregtigheid, dat jy teen יהוה jou Elohim oortree het en jou weë gerig het na die vreemdes, onder elke groen boom, en julle het nie na My stem geluister nie,' sê יהוה.

<sup>14</sup> "Keer terug, afvallige kinders," sê יהוה, want Ek is getroud met julle, en Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n familie,<sup>d</sup> en sal julle na Tsjion bring.

<sup>15</sup> "En Ek sal aan julle herders gee na My hart, wat julle sal oppas met kennis en begrip.

<sup>16</sup> "En wanneer julle vermeerder en vrug sal dra in die land in daardie dae," sê יהוה, "dan sal hulle nie meer sê: 'Die verbondsark van יהוה nie.' Dit sal ook nie in die hart nie opkom nie, en hulle sal dit nie onthou en dit nie soek nie, en dit sal nie weer gemaak word nie.

<sup>17</sup> "In daardie tyd sal hulle Jarushalajim die troon van יהוה noem en al die nasies sal daarheen vergader word, na die Naam van יהוה in Jarushalajim. En hulle sal nie meer in die verdraaiing van hul bose hart wandel nie.

<sup>18</sup> "In daardie dae sal die huis van Jahuda na die huis van Jisra'ël gaan, en hulle sal saam uit die land van die noorde kom in die land wat Ek as erfenis aan julle vaders gegee het.

<sup>19</sup> "En Ek het gesê: 'Hoe gaan Ek jou tussen die seuns stel en aan jou 'n aangename land, 'n pragtige erfenis van die leër van nasies gee?' En Ek het gesê: 'Noem My: "My Vader!" en jy sal nie van

My af wegdraai nie.'

<sup>20</sup> "Maar waarlik, soos 'n vrou haar man bedrieg, so het julle My bedrieg, huis van Jisra'ël," sê יהוה.

<sup>21</sup> 'n Stem is gehoor op die kaal hoogtes, smekende geween van die kinders van Jisra'ël, omdat hulle hul weg verdraai het, hulle het יהוה hul Elohim vergeet.

<sup>22</sup> "Draai terug, afvallige kinders, Ek sal julle afvallighede genees." "Kyk, ons het na U gekom, want U is יהוה ons Elohim.

<sup>23</sup> "Waarlik, 'n leuen kom van die heuwels en van die rumoer op die berge. Waarlik, in יהוה ons Elohim is Jisra'ël se verlossing.

<sup>24</sup> "En skande het die arbeid van ons vaders van ons jeug af verslind, hulle kleinvee en hulle beeste, hulle seuns en hulle dogters.

<sup>25</sup> "Ons sal in ons skande neerlê, terwyl ons vernedering ons bedek. Want ons het teen יהוה ons Elohim gesondig, ons en ons vaders, van ons jeug af tot van-dag toe, en ons het nie geluister na die stem van יהוה ons Elohim nie."

**4** "Indien jy terug draai, Jisra'ël," sê יהוה, "draai terug na My. En indien jy jou gruwels van My gesig verwyder, en nie dwaal nie.

<sup>2</sup> en jy sal sweer: 'Soos יהוה leef!' in waarheid, in reg en in geregtigheid, dan sal die nasies hulself in Hom seën en hulle sal in Hom roem!"

<sup>3</sup> Want so sê יהוה aan die mans van Jahuda en aan Jarushalajim: "Ploeg julle braakland en moenie tussen die dorings saai nie.

<sup>4</sup> "Besny julle vir יהוה en verwyder die voorhuide van julle harte, mans van Jahuda en inwoners van Jarushalajim, sodat My grimmigheid nie soos 'n vuur gaan en brand sonder dat iemand kan blus nie, weens die boosheid van julle dade."

<sup>5</sup> Verkondig in Jahuda en laat dit hoor in Jarushalajim en sê: "Blaas die rams-horing in die land! Roep hardop en sê: 'Kom bymekaar, en laat ons in die vesting stede gaan!'

<sup>d</sup> Sien Jes 27:12

## JIRMEJAHU 4

<sup>6</sup> "Lig die banier op na Tsjion toe! Wees sterk, moenie stil staan nie! Want Ek bring 'n teëspoed uit die Noorde en 'n groot verwoesting."

<sup>7</sup> "n Leeu het uit sy bos opgekom en 'n vernietiger van nasies trek op. Hy het uit sy plek getrek om jou land 'n ruïne te maak. Jou stede word verwoes, sonder inwoners.

<sup>8</sup> "Daarom, omgord julle met rouklere, treur en huil, want die brandende toorn van יהוה het nie van ons weggedraai nie.

<sup>9</sup> "En op daardie dag," sê יהוה, sal die hart van die koning en die hart van die leiers vergaan. En die priesters sal verstom wees en die profete verslae."

<sup>10</sup> Toe het ek gesê: "Ag, Meester יהוה! Waarlik, U het hierdie volk en Jerusjalajim grootliks mislei met die woorde: 'Julle sal vrede hê,' terwyl die swaard aan die hart raak."

<sup>11</sup> In daardie tyd sal aan hierdie volk en aan Jarusjalajim gesê word: "n Skroeiende wind van die kaal hoogtes in die woestyn op pad na die dogter van My volk, nie om te wan of te suiwer nie!

<sup>12</sup> "n Wind te sterk vir dit sal vir My kom. Nou sal Ek ook oordele teen hulle uitspreek.

<sup>13</sup> "Kyk, hy kom op soos wolke, en sy strydwaens is soos 'n stormwind. Sy perde is vinniger as arende. Wee ons, want ons sal verwoes word!"

<sup>14</sup> Jarusjalajim, was jou hart van boosheid, dat jy gered kan word. Hoe lank sal jou bese gedagtes in jou bly?

<sup>15</sup> Want 'n stem verklaar uit Dan en verkondig teëspoed vanaf die berge van Efrajim:

<sup>16</sup> "Vertel aan die nasies! Kyk, verkondig teen Jarusjalajim! Soldate kom uit 'n verland en verhef hulle stem teen die stede van Jahuda.

<sup>17</sup> "Soos veldwagters is hulle rondom teen die stad, omdat dit teen My gerebelleer," sê יהוה.

<sup>18</sup> "Jou weg en jou daade het dit aan jou gedoen. Dit is jou boosheid, want dit is bitter, want dit raak tot in jou hart."

<sup>19</sup> My ingewande, my ingewande! Ek kriel van pyn! Mure van my hart! My hart bons in my, ek kan nie stilbly nie. Want jy, my wese, het die klank van die ramshoring gehoor, oorlogsgeskreeu!

<sup>20</sup> Verwoesting op verwoesting word uitgeroep, want die hele land is verwoes. Skielik is my tente verwoes, my seile in 'n oomblik.

<sup>21</sup> Hoe lank sal ek 'n banier sien, die klank van die ramshoring hoor?

<sup>22</sup> "Want My volk is dwaas, My ken hulle nie. Hulle is dwase kinders, en hulle het geen begrip nie. Hulle is slim om kwaad te doen, mlaar hulle weet nie om goed te doen nie."

<sup>23</sup> Ek het na die aarde gekyk, en gesien dit was verlate en leeg. En die hemele, daar was geen lig nie.

<sup>24</sup> Ek het na die berge gekyk, en gesien hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud.

<sup>25</sup> Ek het gekyk, en gesien daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het gevlug.

<sup>26</sup> Ek het gekyk, en gesien die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor יהוה, voor Sy brandende toorn.

<sup>27</sup> Want so sê יהוה: "Die hele aarde sal verwoes word, maar Ek sal nie 'n totale einde maak nie.

<sup>28</sup> "Hieroor sal die aarde treur en die hemele daarbo donker wees, omdat Ek dit gesê het. Ek het dit besluit en Ek het geen berou en sal nie daarvan terugdraai nie."

<sup>29</sup> Die hele stad vlug vir die geluid van die ruiters en boogskutters. Hulle sal in die bosse gaan en op die rotse klim. Die hele stad is verlate, en niemand woon daarin nie.

<sup>30</sup> En jy, verwoeste, wat gaan jy doen? Al klee jy jou in skarlaken, al versier jy jou met goue juwele, al vergroet jy jou oë met verf, jy maak jou tevergeefs mooi. Jou minnaars verag jou, hulle soek jou lewe.

<sup>31</sup> Want ek het 'n stem gehoor soos van

een wat inmekaar krimp, 'n benoudheid soos van een wat die eerste keer geboorte gee, die stem van die dogter van Tsjon! Sy hyg na asem, sy strek haar hande uit en sê: "Wee my, want my wese kwyn weens die moordenaars!"

**5** "Loop op en af in die strate van Jarushalajim, en kyk asseblief en weet en soek op sy pleine of julle iemand vind, of daar een is wat reg doen, wat waarheid soek, dan sal Ek hom vergewe.

<sup>2</sup> "En al sê hulle: 'Soos יהוה leef,' hulle sweer verseker vals."

<sup>3</sup> יהוה, is U oë nie op waarheid nie? U het hulle geslaan, maar hulle het geen pyn gevoel nie. U het hulle tot niet gemaak, maar hulle het geweier om tugtiging aan te neem. Hulle het hul gesigte harder gemaak as 'n rots, geweier om hulle terug te draai.

<sup>4</sup> En ek het gesê: "Hulle is maar die geringes. Hulle was dwaas, omdat hulle die weg van יהוה, die reg van hulle Elohim, nie geken het nie.

<sup>5</sup> "Laat ek na die grotes gaan en met hulle praat, want hulle het die weg van יהוה, die reg van hulle Elohim, geken." Maar hulle het almal saam die juk gebreek, die stroppe stukkend geruk.

<sup>6</sup> Daarom sal 'n leeu uit die bos hulle doodmaak, 'n wolf van die wildernisse sal hulle verniel. 'n Luiperd loer by hulle stede, almal wat daaruit gaan, word verskeur. Want hulle oortredinge is baie, hulle afvallighede het vermeerder.

<sup>7</sup> "Waarom moet Ek jou hieroor vergewe? Jou kinders het My verlaat en gesweer by die wat teen elohim is nie. En toe Ek aan hulle gesweer het, het hulle overspel gepleeg en na die hoerhuis gestroom.

<sup>8</sup> "Soos vet gevoerde hingste runnik elkeen na die vrou van sy naaste.

<sup>9</sup> "Sou Ek nie hieroor straf nie?" sê יהוה. "En sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie?"

<sup>10</sup> "Klim op sy mure en verwoes, maar moenie 'n totale einde maak nie. Neem sy ranke weg, want hulle behoort nie aan יהוה nie.

<sup>11</sup> "Want die huis van Jisra'el en die huis van Jahuda het My baie bedrieg," sê יהוה.

<sup>12</sup> Hulle het יהוה verloën en gesê: "Dit is nie Hy nie. Geen teespoed sal oor ons kom nie, ons sal geen swaard of hongersnood sien nie."

<sup>13</sup> En die profete het wind geword, en die Woord is nie by hulle nie. Mag dit so met hulle gaan:

<sup>14</sup> Daarom, so sê יהוה, die Elohim van die leërskaar: "Omdat julle hierdie woord sê, kyk, Ek maak My woorde in jou mond vuur en hierdie volk hout, en dit sal hulle verteer.

<sup>15</sup> "Kyk, Ek bring oor julle 'n nasie van ver af, huis van Jisra'el," sê יהוה. "Dit is 'n blywende nasie, 'n ou nasie, 'n nasie wie se jy die taal nie ken en jy nie verstaan wat hulle sê nie.

<sup>16</sup> "Hulle pylkoker is soos 'n oop graf, hulle is almal kragtig.

<sup>17</sup> "En hulle sal jou oes en jou brood opeet, wat jou seuns en jou dogters moet eet. Hulle sal jou kleinvee en jou beeste opeet, hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom opeet. Hulle sal jou vesting stede waarop jy vertrou, met die swaard verwoes.

<sup>18</sup> "En selfs in dié dae sal Ek," sê יהוה, "nie 'n einde aan julle maak nie.

<sup>19</sup> "En dit sal wees wanneer hulle sê: 'Waarvoor doen יהוה ons Elohim al dié dinge aan ons?' dan sal jy antwoord: 'Soos julle My verlaat het en vreemde elohim in julle land gedien het, so sal julle vreemdes dien in 'n land wat nie julle s'n is nie.'

<sup>20</sup> "Verkondig dit in die huis van Jaakob, en laat dit hoor in Jahuda en sê:

<sup>21</sup> 'Nou hoor hier, dwase volk sonder hart, wat oë het maar nie sien nie, wat ore het maar nie hoor nie!

<sup>22</sup> 'Vrees julle My nie?' sê יהוה, 'of bewe julle nie voor My gesig nie, wat die sand as grens vir die see gestel het, 'n ewige beperking wat hy nie oorsteek nie? Al rol sy golwe, hulle is onmagtig; al dreun hulle, hulle steek nie oor nie.

## JIRMEJAHU 6

<sup>23</sup> Maar hierdie volk het 'n afvallige en rebelse hart, hulle het afdedraai en weggegaan.

<sup>24</sup> 'En hulle sê nie in hul hart: "Laat ons nou יהוה ons Elohim vrees, wat reën gee, vroeg en laat op hulle tyd, wat vir ons die vasgestelde weke van die oes in stand hou." nie.

<sup>25</sup> 'Julle ongeregtighede het hierdie dinge weggekeer, en julle sondes het die goeie van julle weerhou.

<sup>26</sup> 'Want tussen My volk word bese mense gevind, hulle loer soos iemand wat strikke stel. Hulle het 'n val gestel, hulle vang mense.

<sup>27</sup> 'Soos 'n hok vol voëls, so is hulle huise vol bedrog. Daarom het hulle groot en ryk geword.

<sup>28</sup> 'Hulle blink, hulle is glad. Hulle bedek die daade van die bese. Hulle verskaf nie reg nie, selfs nie die reg van die vaderlose nie, sodat hulle voorspoed kan hê. En hulle handhaaf nie die reg van die behoeftiges nie.

<sup>29</sup> 'Sou Ek nie hieroor straf nie?' sê יהוה. 'En sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie een nie?'

<sup>30</sup> "n Ontsettende en afskuwelike ding het in die land gebeur:

<sup>31</sup> die profete profeteer vals,<sup>e</sup> en die priesters regeer met hul eie hand, en My volk is lief daarvoor.<sup>f</sup> Maar wat sal julle doen aan die einde daarvan?

**6** "Vergader, kinders van Binjamin, om uit Jarushalajim te vlug! Blaas die rams-horing in Takoa, en stel 'n seinvuur in Bêt-Hakkérem op, want teëspoed dreig uit die Noorde en groot verwoesting.

<sup>2</sup> "Ek het die dogter van Tsjion vergelyk as pragtig en sag.

<sup>3</sup> "Herders sal met hulle kuddes na haar toe kom, hulle sal tente rondom teen haar opslaan. Hulle sal afwei, elkeen op sy plek.

<sup>4</sup> "Sonder die oorlog teen haar af! Staar op, en laat ons teen middag optrek! Wee

ons, want die dag gaan verby, want die aandskaduwees word langer!

<sup>5</sup> "Staan op, en laat ons optrek in die nag, en laat ons haar paleise verwoes!"

<sup>6</sup> Want so sê יהוה van die leërskaar: "Kap bome af, en gooi 'n wal teen Jarushalajim. Dit is die stad wat gestraf moet word, binne haar is net verdrukking.

<sup>7</sup> "Soos 'n put sy water gee, so gee sy haar boosheid. Geweld en verdrukking word in haar gehoor. Siektes en wonde is aanhoudend voor My gesig.

<sup>8</sup> "Laat jou tugtig, Jarushalajim, dat My wese nie van jou weggeruk word nie, dat Ek jou nie 'n wildernis, 'n onbewoonde land, maak nie."

<sup>9</sup> So sê יהוה van die leërskaar: "Laat hulle die oorblyfsel van Jisra'el soos 'n wingerdstok, skoon afoes. Draai jou hand weer soos 'n druiwesnyer na die lote!"

<sup>10</sup> Met wie sal ek praat en waarsku, dat hulle kan hoor? Kyk, hulle oor is onbesnede, sodat hulle nie kan luister nie. Kyk, die woord van יהוה is 'n skande vir hulle, hulle het geen vreugde daarin nie.

<sup>11</sup> Daarom is ek vol van die grimmigheid van יהוה. Ek het my moeg gemaak om in te hou. "Giet dit uit oor die kinders buite en oor die vergadering van jong-mans, oor almal. Want ook die man saam met die vrou sal gevang word, die be-jaarde saam met die oue van dae.

<sup>12</sup> "En hulle huise sal oorgedra word op andere, landerye en vrouens, alles saam. Want Ek sal My hand uitstrek teen die inwoners van die land," sê יהוה.

<sup>13</sup> Want van die geringste tot die grootste van hulle, is hulle almal gierig vir wins. En van die profeet selfs tot die priester, pleeg almal bedrog.

<sup>14</sup> "En hulle genees die verbreking van My volk ligtelik deur te sê: 'Vrede, vrede!' en daar is geen vrede nie.

<sup>15</sup> "Was hulle skaam, toe hulle gruwel bedryf het? Hulle het hul geensins geskaam nie, en hulle het nie geweet om te bloos nie. Daarom sal hulle val tussen die wat val. In die tyd wat Ek hulle besoek, sal hulle struikel," sê יהוה.

<sup>e</sup> Sien 27:14, 15

<sup>f</sup> Jesh 30:10;

## JIRMEJAHU 7

<sup>16</sup> So sê יהוה: "Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie weg is, en wandel daarin; en julle vind rus vir julleself. Maar hulle het gesê: 'Ons sal nie *daarin* wandel nie.'

<sup>17</sup> "Ek het ook wagters oor julle opgerig *en gesê*: 'Luister na die geluid van die ramshoring.' Maar hulle het gesê: 'Ons wil nie luister nie.'

<sup>18</sup> "Daarom, hoor, o nasies! En weet, vergadering, wat op hulle is!

<sup>19</sup> "Hoor, aarde! Kyk, Ek bring teëspoed oor hierdie volk. Die vrug van hulle gedagtes, want hulle het nie na My woorde en My Tora geluister nie, maar hulle het dit verwerp.

<sup>20</sup> "Waarom word daar vir My wierook uit Sheba en suikerriet uit 'n ver land gebring? Julle brandoffers is nie 'n vreugde nie, en julle slagoffers is nie vir My aanvaarbaar nie."

<sup>21</sup> Daarom, so sê יהוה: "Kyk, Ek gooi struikelblokke voor hierdie volk. En vaders en seuns sal saam oor hulle struikel, die buurman en sy vriend sal vergaan."

<sup>22</sup> So sê יהוה: "Kyk, 'n volk sal uit die land van die noorde kom, en 'n groot nasie word opgewek uit die uithoeke van die aarde.

<sup>23</sup> Hulle gryp boog en spies, hulle is wreed en sonder ontferming, hulle stem brul soos die see, en hulle ry op perde, opgestel soos 'n man vir die oorlog, teen jou, dogter van Tsjion!"

<sup>24</sup> Ons het die gerug daarvan gehoor, ons hande het slap geword. Benoudheid het ons vasgegryp, pyn soos van een wat kraam.

<sup>25</sup> Moenie in die veld uitgaan of op die pad loop nie. Want die swaard van die vyand is daar, vrees rondom!

<sup>26</sup> Dogter van my volk, omgord jou met 'n roukleed en rol jou in die as! Bedryf rou soos oor 'n enigste kind, 'n bitter treurlied, want skielik sal die verwoester oor ons kom.

<sup>27</sup> "Ek het jou as toets, as vesting onder my volk gestel, dat jy weet en hulle weg kan toets.

<sup>28</sup> "Hulle is almal afvallige rebelle wat rondloop as kwaadpraters. Hulle is koper en yster, hulle is almal verderwers.

<sup>29</sup> "Die blaasbalk het gebrand, die lood is deur die vuur verteer. Die smelter het tevergeefs gesmelt, want die slegtes word nie afgeskei nie.

<sup>30</sup> "Hulle sal verworpe silwer genoem word, want יהוה het hulle verwerp."

**7** Die woord wat van יהוה tot Jirmejahu gekom het:

<sup>2</sup> "Staan in die poort van die Huis van יהוה, en roep hierdie woord daar uit en sê: 'Hoor die woord van יהוה, almal van Jahuda, wat deur hierdie poorte ingaan om voor יהוה te buig!'"

<sup>3</sup> So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: "Maak julle weë en julle dade goed, dan laat Ek julle in hierdie plek woon.

<sup>4</sup> "Moenie op valse woorde vertrou en sê: 'Dit is יהוה se Tempel, יהוה se tempel, יהוה se tempel!'"

<sup>5</sup> "Maar indien waarlik julle jul weë en julle dade goed maak, indien julle waarlik reg doen tussen 'n man en sy buurman, <sup>6</sup> die vreemdeling, vaderlose en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie of agter ander elohim aan loop tot julle eie skade nie,

<sup>7</sup> dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, <sup>8</sup> vir ewig en ewig.

<sup>8</sup> "Kyk, julle vertrou op valse woorde wat nie baat nie.

<sup>9</sup> "Julle steel, moor en pleeg owerspel en sweer vals en brand wierook vir Baäl en loop agter ander elohim aan, wat julle nie ken nie.

<sup>10</sup> "En julle kom staan voor My in hierdie huis wat na My Naam genoem is, en sê: 'Ons is verlos!' - om al hierdie gruwels te doen!

<sup>11</sup> "Het hierdie huis, wat na My Naam genoem is, 'n grot van geweldenaars in julle oë geword? Kyk, ook Ek, Ek het dit gesien," sê יהוה.

<sup>12</sup> "Maar gaan nou na My plek in Shilo, waar Ek eerste My Naam laat woon het,



## JIRMEJAHU 7

en kyk wat Ek daaraan gedoen het weens die boosheid van My volk Jisra'ël.

<sup>13</sup> "En nou, omdat julle al hierdie dinge gedoen het," sê יהוה, "en Ek met julle gepraat het, vroeg opgestaan en gepraat het, maar julle nie geluister het nie, en Ek julle geroep het, maar julle nie geantwoord het nie,

<sup>14</sup> sal Ek aan die huis wat na My Naam genoem is, waarop julle vertrou, en aan die plek wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, doen soos Ek aan Shilo gedoen het.

<sup>15</sup> "En Ek sal julle van My gesig wegwerp soos Ek al julle broers, die hele saad van Efrajim, weggewerp het.

<sup>16</sup> "En jy, moenie vir hierdie volk bid nie en vir hulle geen smeking of gebed ophef nie en by My intree nie, want Ek sal nie na jou luister nie.

<sup>17</sup> "Sien jy nie wat hulle in die stede van Jahuda en op die strate van Jarushalajim doen nie?

<sup>18</sup> Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vrouens knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin en vir ander elohim drankoffers uit te giet om My te tart.

<sup>19</sup> "Tart hulle My?" sê יהוה. "Is dit nie hulself nie - tot skande van hul eie gesigte nie?"

<sup>20</sup> Daarom, so sê Meester יהוה: "Kyk, My toorn en My grimmigheid word oor hierdie plek uitgestort, oor die mense en oor die diere en oor die bome van die veld en oor die vrugte van die land. En dit sal brand en nie geblus word nie."

<sup>21</sup> So sê יהוה van die leërskaar, die Elohim van Jisra'ël: "Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.

<sup>22</sup> "Want Ek het nie met julle vaders gepraat en hulle geen bevel gegee, op die dag dat Ek hulle uit die land Mitsrajim uitgelei het, aangaande brandoffer of slagoffer nie.

<sup>23</sup> "Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, en gesê: 'Luister na My stem, en Ek sal julle Elohim wees, en julle sal My volk wees. En wandel net in die weg wat Ek

julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.'<sup>9</sup>

<sup>24</sup> "Maar hulle het nie geluister en nie gehoor gegee nie, maar gewandel in die raad, in die hardkoppigheid van hul bese hart, en hulle het agteruitgegaan en nie vorentoe nie.

<sup>25</sup> "Van die dag dat jul vaders uit die land Mitsrajim getrek het tot vandag toe, het Ek na julle al My dienaars, die profete, gestuur, daagliks vroeg opgestaan en hulle gestuur.

<sup>26</sup> "Maar hulle het nie na My geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard. Hulle het dit erger gemaak as hul vaders.

<sup>27</sup> "En jy moet al hierdie woorde aan hulle vertel, maar hulle sal nie na jou luister nie. En jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie.

<sup>28</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'Dit is die nasie wat nie na die stem van יהוה hulle Elohim geluister het nie en die tugtiging nie aangeneem het nie. Waarheid het vergaan en is uit hul mond gesny.

<sup>29</sup> 'Skeer jou natsireër hare af en gooi dit weg, en hef 'n klaaglied op die kaal heuwels aan, want יהוה het die geslag van Sy grimmigheid verwerp en verstoot.'

<sup>30</sup> "Want die kinders van Jahuda het gedoen wat boos is in My oë," sê יהוה. "Hulle het hul gruwels in die huis wat na My Naam genoem is, gesit om dit te besoedel.

<sup>31</sup> "En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in Vallei Ben-Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand, wat Ek nie beveel het nie en nie in My hart opgekom het nie.

<sup>32</sup> "Daarom, kyk, daar kom dae," sê יהוה, "dat dit nie meer Tofet of Vallei Ben-Hinnom nie genoem sal word nie, maar Moordvallei. En hulle sal in Tofet begrawe, omdat daar geen plek sal wees nie.

<sup>33</sup> "En die lyke van hierdie volk sal kos vir die voëls van die hemel en die diere van

<sup>9</sup> Sien B'r 26:5 – Abraham is gehoorsaam. Sien ook Sh'm 19:5.

die aarde wees en niemand sal hulle skrikmaak nie.

<sup>34</sup> "En in die stede van Jahuda en in die strate van Jarushalajim sal Ek die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid laat ophou. Want die land sal 'n puinhooop word!

**8** "In daardie tyd," sê יהוה, "sal hulle die bene van die konings van Jahuda en die bene van sy leiers en die bene van die priesters en die bene van die profete en die bene van die inwoners van Jarushalajim uit hulle grafte bring, <sup>2</sup> en hulle sal dit uitsprei voor die son en voor die maan en voor die hele leër van die hemele wat hulle liefgehad en gedien het, en agter wat hulle aan geloof het, en wat hulle gesoek en waarvoor hulle hul neergebui het. Hulle sal nie versamel en begrawe word nie, hulle sal soos mis op die aarde wees.

<sup>3</sup> "En dood sal bo lewe verkies word deur die hele res van die oorblyfsel van hierdie bese geslag wat oorbly in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf het," sê יהוה van die leërskaare.

<sup>4</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Sal hulle val en nie opstaan nie? Sal hy wegdraai en nie terugkom nie?'

<sup>5</sup> "Waarom dan het hierdie volk, Jerushalajim, weggedraai met 'n aanhoudende afvalligheid? Hulle hou vas aan bedrog, hulle weier om terug te draai.

<sup>6</sup> "Ek het geluister en gehoor: hulle praat nie reg nie. Niemand het berou oor sy boosheid gehad gesê, 'Wat het ek gedoen?' nie. Elkeen draai terug in sy eie rigting soos 'n perd wat storm in die geveg.

<sup>7</sup> "Selfs 'n ooeivaar in die hemele ken sy bepaalde tye. En 'n tortelduif en 'n swaeltjie en 'n kraanvoël neem die tyd van hulle koms in ag. Maar My volk ken nie die oordeel van יהוה nie.

<sup>8</sup> "Hoe kan julle sê: 'Ons is wys, en die Tora van יהוה is by ons?' Waarlik, kyk, die bedrieglike pen van die skrywers werk bedrog.

<sup>9</sup> "Die wyse kom in die skande, is verslae en gevang. Kyk, hulle het die Woord van יהוה verwerp, en watter wysheid het hulle?

<sup>10</sup> Daarom gee Ek hulle vrouens aan ander, hulle landerye aan oorwinnaars. Want van die geringste tot die grootste van hulle, is hulle almal gierig vir wins. En van die profeet selfs tot die priester, pleeg almal bedrog.

<sup>11</sup> "En hulle genees die verbrekking van My volk ligtelik deur te sê: 'Vrede, vrede!' en daar is geen vrede nie.

<sup>12</sup> "Was hulle skaam, toe hulle gruwel bedryf het? Hulle het hul geensins geskaam nie, en hulle het nie geweet om te bloos nie. Daarom sal hulle val tussen die wat val. In die tyd wat Ek hulle besoek, sal hulle struikel," sê יהוה.

<sup>13</sup> "Ek sal hulle gesamentlik wegruk," sê יהוה. "Daar is geen druiwe aan die wingerdstok en geen vye aan die vyeboom nie, en die blare verdor. En wat Ek vir hulle gegee het sal van hulle weggaan.'"

<sup>14</sup> "Waarom sit ons? Kom bymekaar, en laat ons in die vesting stede gaan en daar stilwees. Want יהוה ons Elohim laat ons omkom, en Hy het ons giftige water gegee om te drink, omdat ons teen יהוה gesondig het.

<sup>15</sup> "Ons het vrede verwag, maar daar is niks goeds nie; 'n tyd van herstel, maar kyk, vrees.

<sup>16</sup> Vanaf Dan is die geproes van sy perde gehoor. Die hele land het vir die geluid van die gerunnik van sy sterk *perde* gebewe. En hulle het gekom en die land en sy volheid opgeëet, die stad en die wat daarin woon.

<sup>17</sup> "Want kyk, Ek stuur slange, adders tussen julle waarteen geen beswering is nie, en hulle sal julle byt," sê יהוה.

<sup>18</sup> "Ek wil myself vertroos teen smart! My hart is siek in my.

<sup>19</sup> "Kyk, die stem, die geroep van die dogter van my volk uit 'n ver land: "Is יהוה nie in Tsjon nie? Is haar Koning nie in haar nie?" "Waarom het hulle My getart met hulle gesnede beelde, met

vreemde, nietighede?"

<sup>20</sup> "Die oes is verby, die somer het geëindig, en ons is nie verlos nie!"

<sup>21</sup> Weens die verbreking van die dogter van my volk is ek gebreek. Ek is gebroke; verdwaasdheid het my aangegryp.

<sup>22</sup> Is daar geen balsem in Gil'ad nie? Is daar geen heelmeester nie? Waarom het die genesing van die dogter van my volk nie gekom nie?

**9** Ag, was my kop maar waters en my oog 'n fontein van trane, sodat ek dag en nag kon ween vir die wat verslaan is van die dogter van my volk!

<sup>2</sup> Ag, het ek in die woestyn maar 'n herberg vir reisigers gehad, dan sou ek my volk verlaat en van hulle af wegtrek! Want hulle is almal owerspelers, 'n vergadering ontroues.

<sup>3</sup> "En hulle buig hulle tong, soos hul boog. Leuens, en nie waarheid nie, is magtig in die land. Want hulle gaan voort van boosheid tot boosheid, maar hulee het My nie geken nie," sê יהוה.

<sup>4</sup> "Elkeen moet versigtig wees vir sy naaste, en op geen broer vertrou nie. Want elke broer gryp die hakskeen, en elke naaste loop rond met kwaadpraterij.

<sup>5</sup> "En hulle bedrieg elkeen sy naaste en praat nie die waarheid nie. Hulle het hul tong geleer om leuens te praat, en hulself moeg gemaak met skelmstreke.

<sup>6</sup> "Jou woning is in die middel van bedrog; deur bedrog weier hulle om My te ken," sê יהוה.

<sup>7</sup> Daarom, so sê יהוה van die leërskaare: "Kyk, Ek sal hulle smelt en hulle toets, want wat sou Ek doen weens die dogter van My volk?"

<sup>8</sup> "Hulle tong is 'n pyl wat doodmaak. Dit praat bedrog – met die mond praat hy van vrede met sy naaste, maar in sy hart stel hy sy strik.

<sup>9</sup> "Sou Ek hulle hieroor nie straf nie? sê יהוה. "Sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie nie?"

<sup>10</sup> "Ek sal ween en treur oor die berge en 'n klaaglied oor die weivelde van die woestyn ophef, want hulle is verbrand,

sodat niemand daar deurtrek nie, en 'n mens hoor geen geluid van vee nie. Die voëls van die hemel sowel as die diere het gevlug, hulle het weggetrek.

<sup>11</sup> "En Ek sal Jarushalajim 'n hoop klippe maak, 'n lêplek van jakkalse; en die stede van Jahuda sal Ek 'n woesteny maak, sonder inwoner."

<sup>12</sup> Wie is die wyse man wat dit verstaan? En met wie het die mond van יהוה gepraat, dat hy dit verkondig? Waarom het die land vergaan, is dit verbrand soos 'n woestyn, sodat niemand daar deurtrek nie?

<sup>13</sup> En יהוה sê: "Omdat hulle My Tora wat Ek voor hulle gestel het, verlaat het en nie na My stem geluister en daarin gewandel het nie,

<sup>14</sup> maar gewandel het agter die hardheid van hulle hart en agter die Baäls aan, wat hulle vaders hulle geleer het."

<sup>15</sup> Daarom, so sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Hirda'ël: "Kyk, Ek sal aan hulle, aan hierdie volk, wildeals gee om te eet, en Ek hulle giftige water laat drink.

<sup>16</sup> "En Ek sal hulle onder die nasies wat hulle en hul vaders nie geken het nie, verstrooi. En Ek sal die swaard agter hulle aanstuur totdat Ek hulle verteer het."

<sup>17</sup> So sê יהוה van die leërskaare: "Dink mooi, en roep die vrouens wat treur, dat hulle kom. En stuur na die wyse vrouens, dat hulle kom.

<sup>18</sup> "En laat hulle gou maak en 'n treurlied vir ons aanhef, en laat ons oë afloop in trane en ons ooglede stroom van water.

<sup>19</sup> "Want 'n stem van treursang word uit Tsjion gehoor: 'Hoe is ons verwoes! Ons het geweldig in die skande gekom, want ons het die land versaak, want ons is uit ons wonings gegeroep.'"

<sup>20</sup> Maar hoor die woord van יהוה, o vrouens, en laat julle oor die woord van Sy mond opvang. En leer julle dogters om te treur en vir mekaar 'n treurlied.

<sup>21</sup> Want die dood het in ons vensters opgekom, in ons paleise gekom om die

## JIRMEJAHU 10

kinders van die straat af te sny, die jongmanne van die pleine.

<sup>22</sup> Sê: "So sê יהוה: 'En die lyke van die mense sal neerval soos mis op die oop veld en soos gerwe agter die een wat oes sonder dat iemand dit versamel!'"

<sup>23</sup> So sê יהוה: "Laat die wyse nie roem op sy wysheid nie, en laat die kragtige nie roem op sy krag nie, laat die ryke nie roem op sy rykdom nie,

<sup>24</sup> maar laat hy wat wil roem, hierop roem: dat hy verstaan en My ken, dat Ek יהוה is wat guns, reg en geregtigheid op die aarde doen. Want in dié dinge het Ek vreugde," sê יהוה.

<sup>25</sup> "Kyk, die dae kom," sê יהוה, dat Ek al die besnedenes met die onbesnedes sal straf –

<sup>26</sup> oor Mitsrajim en Jahuda en Edom en oor die kinders van Ammon en Moab en oor almal wat die rand *van hulle hare* wegskeer, wat in die woestyn woon. Want al die heidene is onbesnede, en die hele huis van Jisra'ël is onbesnede van hart!"

**10** Hoor die woord wat יהוה vir julle sê, huis van Jisra'ël!

<sup>2</sup> So sê יהוה: "Moenie die weg van die heidene aanleer nie,<sup>h</sup> en moenie vir die tekens van die hemel skrik nie, want die heidene skrik daarvoor.<sup>i</sup>

<sup>3</sup> "Want die gebruike van die volke is nietigheid. Want hy kap 'n boom uit die bos om. Die werk vir die hande van 'n vakman met 'n byl.

<sup>4</sup> "Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

<sup>5</sup> "Hulle is soos 'n ronde paal en hulle kan nie praat nie. Hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie hulle vrees nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, en ook kan hulle geen goed doen nie."

<sup>6</sup> Daar is niemand soos U nie, יהוה! U is groot, en U Naam is groot in mag.

<sup>h</sup> Waj 18:3; D'ב 12:30; 18:9; Jeh 11:12; 20:32.

<sup>i</sup> D'ב 4:19; 17:3

<sup>7</sup> Wie sou U nie vrees nie, Koning van die nasies? Want dit kom U toe, want onder al die wyse mans van die nasies en in al hul koninkryke is niemand soos U nie.

<sup>8</sup> Maar almal is dierlik en dwaas, die onderrig van nietighede is die boom.

<sup>9</sup> Silwer wat plat geslaan is, word uit Tarshish gebring en goud uit Ufas, die werk van die vakman en van die hande van die smid. Hulle klere is blou en pers. Hulle is almal die werk van kunstenaars.

<sup>10</sup> Maar יהוה is waarlik Elohim. Hy is die lewende Elohim en die ewige Koning. Die aarde skud vir Sy toorn, en die nasies kan Sy grimmigheid nie verdra nie.

<sup>11</sup> So moet jy vir hulle sê: "Die elah<sup>j</sup> wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie, sal vanaf die aarde en onder hierdie hemel uit vergaan."

<sup>12</sup> Hy het die aarde deur Sy krag gemaak, Hy het die wêreld deur Sy wysheid gegrond en het die hemel deur Sy verstand uitgespan.

<sup>13</sup> Wanneer Hy Sy stem laat hoor, is daar 'n gedreun van waters in die hemel. En Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde. Hy maak weerlig vir die reën en bring wind uit Sy skatkamers.

<sup>14</sup> Elke mens word dierlik in sy kennis; elke smid staan beskaamd deur sy idool. Want sy gegote beeld is 'n leuen, en daar is geen gees in hulle nie.

<sup>15</sup> Hulle is nietighede, werk van bedrog. In die tyd van hulle straf vergaan hulle.

<sup>16</sup> Jaakob se Deel is nie soos hulle nie, want Hy is die Maker van alles, en Jisra'ël is die stam van Sy erfenis – יהוה van die leërskaare is Sy Naam.

<sup>17</sup> Maak jou goed op die grond bymekaar, inwoner wat beleër word!

<sup>18</sup> Want so sê יהוה: "Kyk, Ek slinger die inwoners van die land hierdie keer weg, en Ek sal hulle benoud maak, dat hulle kan voel."

<sup>19</sup> Wee my weens my verbreking! My wond is smartlik, maar ek sê: "Waarlik, dit is my siekte, en ek moet dit dra.

<sup>j</sup> Aramese vorm van *eloah*.

## JIRMEJAHU 11

<sup>20</sup> "My tent is verwoes, en al my toue is afgeruk. My kinders het van my af weggegaan, en hulle is nie meer nie. Daar is niemand meer wat my tent opslaen en my gordyne opsit nie.

<sup>21</sup> "Want die herders het dierlik geword en יהוה nie gesoek nie. Daarom het hulle nie vertaan nie, en hulle hele kudde is verstrooi."<sup>k</sup>

<sup>22</sup> Kyk! 'n Aankondiging. Daar kom dit, en wel 'n groot geraas uit die land van die noorde, om die stede van Jahuda 'n woesteny te maak, 'n lèplek van jakkalse.

<sup>23</sup> Ek weet, יהוה, dat die weg van die mens nie in homself is nie, nie vir 'n man wat loop om sy voetstappe te rig nie.

<sup>24</sup> Kasty my, יהוה, maar regverdig – nie in U toorn nie, sodat U my nie te klein maak nie.

<sup>25</sup> Stort U grimmigheid uit oor die heidene wat U nie ken nie, en oor die stamme wat U Naam nie aanroep nie. Want hulle het Jaäkob opgeëet, ja, hulle het hom opgeëet en hom verteer en sy woning verwoes.<sup>l</sup>

**11** Die woord wat tot Jirmejahu van יהוה gekom het:

<sup>2</sup> "Hoor julle die woorde van hierdie verbond, en praat met die mans van Jahuda en met die inwoners van Jarushalajim.

<sup>3</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: "Vervloek is die man wat nie na die woorde van hierdie verbond luister

<sup>4</sup> wat Ek julle vaders beveel het op die dag toe Ek hulle uit die land Mitsrajim, uit die yster-smeltoond, gelei het met die woorde: 'Luister na My stem en doen die woorde net soos Ek julle beveel, en julle sal My volk wees, en Ek sal julle Elohim wees,'

<sup>5</sup> om die eed te bevestig wat Ek vir julle vaders gesweer het om aan hulle 'n land wat oorloop van melk en heuning te gee soos dit vandag is.'" Toe het ek

geantwoord en gesê: "Ômën, יהוה!"

<sup>6</sup> En יהוה het vir my gesê: "Roep al hierdie woorde uit in die stede van Jahuda en op die strate van Jarushalajim en sê: 'Hoor die woorde van hierdie verbond en doen dit.

<sup>7</sup> 'Want Ek het julle vaders ernstig gewaarsku op die dag toe Ek hulle uit die land Mitsrajim laat optrek het tot vandag toe, vroeg opgestaan en gewaarsku, en gesê: "Luister na My stem!"

<sup>8</sup> 'Steeds hulle het nie geluister of gehoor gegee nie, maar elkeen het gewandel in die hardheid van sy bose hart. Daarom het Ek oor hulle al die woorde van hierdie verbond wat Ek beveel het om te doen, maar wat hulle nie gedoen het nie, gebring."

<sup>9</sup> En יהוה het vir my gesê: "Daar is 'n sameswering tussen die mans van Jahuda en tussen die inwoners van Jarushalajim.

<sup>10</sup> "Hulle het teruggekeer na die ongeregtighede van hulle voorvaders wat geweier het om My woorde te hoor, en hulle het agter ander elohim aan geloop om hulle te dien. Die huis van Jisra'ël en die huis van Jahuda het My verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het, verbreek."

<sup>11</sup> Daarom, so sê יהוה: "Kyk, Ek bring 'n teëspoed oor hulle, waaruit hulle nie sal kan kom nie. Dan sal hulle na My roep, maar Ek sal na hulle nie luister nie.

<sup>12</sup> "En die stede van Jahuda en die inwoners van Jarushalajim sal gaan en na die elohim roep vir wie hulle wierook gebrand het, maar hulle sal geen verlossing vir hulle in die tyd van hul teëspoed bring nie.

<sup>13</sup> "Want jou elohim is soos die getal van jou stede, Jahuda! En soos die getal van die strate in Jarushalajim het julle altare vir die skande opgerig, altare om vir Baäl wierook te brand.

<sup>14</sup> "En jy, moenie vir hierdie volk bid nie en moet vir hulle geen smeking of gebed ophef nie, want Ek hoor nie in die tyd wat hulle My aanroep weens hulle teëspoed nie.

<sup>k</sup> Sien 2:8; 12:10-11; 50:6-7; Jeh 34:1-23.

<sup>l</sup> Teh 79:6; Mig 4:5

<sup>15</sup> "Waarom moet My beminde in My huis wees? Sy het boosheid met baie gedoen. Sal afgesonderde vleis jou teëspoed van jou wegneem dat jy kan jubel?"

<sup>16</sup> "יהוה" het jou die naam genoem: 'Groen Olyfboom, Pragtig, met Mooi Vrugte.' Met die geluid van 'n groot geraas het Hy 'n vuur daarteen aangesteek, en sy takke sal breek.

<sup>17</sup> "הן" van die leërskaie wat jou geplant het, het teëspoed teen jou gepraat weens die boosheid van die huis van Jisra'el en die huis van Jahuda, wat hulle aan hulself gedoen het, om My te tart deur wierook vir Baäl te brand."

<sup>18</sup> En יהוה" het dit aan my bekend gemaak, en ek weet dit. Toe het U my hulle dade laat sien.

<sup>19</sup> Maar ek was soos 'n mak lam wat gebring is om geslag te word. En ek het nie geweet dat hulle planne teen my beraam en gesê het nie: "Laat ons die boom met sy vrugte verwoes, en laat ons hom afsny uit die land van die lewendes, sodat sy naam nie meer onthou word nie!"

<sup>20</sup> Maar, יהוה" van die leërskaie, wat regverdig oordeel, wat niere en hart toets, laat my U wraak op hulle sien, want ek my saak aan U het onthou.

<sup>21</sup> "Daarom, so sê יהוה" aangaande die mans van Anatot wat jou lewe soek en sê: 'Moenie in die Naam van יהוה" profeteer nie, anders sterf jy deur ons hand' -

<sup>22</sup> daarom, so sê יהוה" van die leërskaie, 'Kyk, Ek straf hulle, die jongmans sal deur die swaard sterf, hulle seuns en hulle dogters sal deur hongersnood sterf.

<sup>23</sup> 'En daar sal geen oorblyfsel van hulle wees nie, want Ek sal teëspoed bring oor die mans van Anatot – die jaar van hul starf."

**12** Regverdig is U, יהוה", wanneer ek by U pleit. Laat ek tog oor oordele met U praat: Waarom is die weg van die bese voorspoedig? Is hulle almal wat bedrog doen rustig?"

<sup>m</sup> Dieselfde vraag in Ijob 21:7 en Teh 73:3. Die antwoord is in Teh 73:17 en 92:6-7.

<sup>2</sup> U het hulle geplant, ja, hulle het wortel geskiet, hulle groei, en hulle dra vrug. U is naby in hul mond, maar ver van hul niere.

<sup>3</sup> Maar U ken my, יהוה". U sien my en toets my hart by U. Ruk hulle weg soos skape wat geslag moet word, en sonder hulle af vir die dag van slagting.

<sup>4</sup> Hoe lank sal die land treur en die plante van die hele veld verdor? Diere en voëls vergaan weens die boosheid van die wat daarin woon, omdat hulle sê: "Hy sal nie ons einde sien nie!"

<sup>5</sup> "Indien jy met voetgangers loop, en hulle maak jou moeg, hoe sal jy dan met die perde meeding? En in 'n land van vrede voel jy veilig, hoe sal jy dan maak met 'n styging van die Jardën?"

<sup>6</sup> "Want ook jou broers, die huis van jou vader, ook hulle het jou bedrieg, ook hulle het hard agter jou aangeroop. Moenie hulle glo nie, selfs wanneer hulle mooi woorde met jou praat nie.

<sup>7</sup> "Ek het My huis verlaat, Ek het My erfenis verwerp, Ek het die beminde van My wese in die hand van haar vyande gegee.

<sup>8</sup> "My erfenis het vir My soos 'n leeu in die bos geword. Dit skreeu hard teen My, daarom het Ek dit gehaat.

<sup>9</sup> "My erfenis is vir My 'n bont roofvoël. Die roofvoëls rondom is teen haar? Kom, maak al die diere van die veld bymekaar, kom om te eet.

<sup>10</sup> "Baie herders het My wingerd verwoes, hulle het My deel vertrap, hulle het my begeerlike deel 'n verlate wildernis gemaak."

<sup>11</sup> "Hulle het dit verwoes, verlate, dit treur voor My. Die hele land is verwoes, omdat niemand dit ter harte neem nie.

<sup>12</sup> "Op al die kaal heuwels in die woestyn het verwoesters gekom, want die swaard van יהוה" verteer van die een end van die land tot die ander end van die land. Daar is geen vrede vir enige vleis nie.

<sup>13</sup> Hulle het koring gesaai, maar dorings

<sup>n</sup> Sien 2:8; 10:21; 50:6-7; Jeh 34:1-23.

goeos, hulle het hul uitgeput sonder voordeel. Hulle sal beskaamd staan oor julle inkomste, weens die brandende toorn van יהוה."

<sup>14</sup> So sê יהוה: "Wat al My bese bese betref wat die erfenis aantast wat Ek my volk Jisra'el laat erf het, kyk, Ek ruk hulle uit hul land, en die huis van Jahuda sal Ek uit hulle midde wegruk.

<sup>15</sup> "En dit sal wees nadat Ek hulle uitgeruk het, dat Ek sal terugkeer en My oor hulle sal ontferm en hulle terugbring, elkeen na sy erfenis en elkeen na sy land.

<sup>16</sup> "En dit sal wees indien hulle ywerig die weë van My volk leer om te sweer by My Naam: 'Soos יהוה leef', soos hulle My volk geleer het om by Baal te sweer, dan sal hulle onder My volk gebou word.

<sup>17</sup> "Maar indien hulle nie luister nie, dan sal Ek uitruk, daardie nasie uitruk en vernietig," sê יהוה."

**13** So het יהוה vir my gesê: "Gaan en kry vir jou 'n gordel van linne en bind dit om jou heupe, maar moenie dit in water laat kom nie."

<sup>2</sup> En ek het die gordel gekoop volgens die woord van יהוה en dit om my heupe gebind.

<sup>3</sup> En die woord van יהוה het vir die tweede keer na my gekom en gesê:

<sup>4</sup> "Neem die gordel wat jy gekry het, wat om jou heupe is, en staan op, gaan na die Paraat en versteek dit daar in 'n klipskeur."

<sup>5</sup> En ek het gegaan en dit by die Paraat versteek, soos יהוה my beveel het.

<sup>6</sup> En dit het gebeur na baie dae dat יהוה vir my gesê het: "Staan op, gaan na die Paraat en neem die gordel van daar wat Ek jou beveel het om daar te versteek."

<sup>7</sup> En ek het na die Paraat gegaan en gegrawe en die gordel geneem van die plek af waar ek dit versteek het. En kyk, die gordel het verniel, dit was vir alles nutteloos.

<sup>8</sup> En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

<sup>9</sup> "So sê יהוה: 'So verniel Ek die trots van

Jahuda en groot trots van Jarusalajim.

<sup>10</sup> 'Hierdie bese volk wat weier om na My woorde te luister, wat wandel in die verharding van hulle hart en agter ander elohim aan loop om hulle te dien en hul daarvoor neer te buig, is soos hierdie gordel wat vir alles nutteloos is.

<sup>11</sup> 'Want soos die gordel kleef aan die heupe van 'n man, so het Ek die hele huis van Jisra'el en die hele huis van Jahuda aan My laat kleef,' sê יהוה, 'om Myne te wees – as 'n volk, en vir 'n naam en 'n loflied en vir 'n versiering. Maar hulle het nie geluister nie.'

<sup>12</sup> "En jy moet hierdie woord aan hulle sê: 'So sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: "Elke kan moet vol wyn gemaak word." En wanneer hulle vir jou sê: 'Weet ons dan nie dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?'

<sup>13</sup> 'Dan moet jy vir hulle sê: "So sê יהוה: "Kyk, Ek vul al die inwoners van hierdie land met dronkenskap, selfs die konings wat op die troon van Dawid sit, en die priesters en die profete en al die inwoners van Jarusalajim!

<sup>14</sup> "En Ek sal hulle verbrysel, die een teen die ander, selfs die vaders en die kinders saam," sê יהוה. "Ek sal nie spaar of verskoon of My ontferm nie, dat Ek hulle nie sou verdag nie."''

<sup>15</sup> Luister en hoor, moenie trots wees nie, want יהוה het gepraat!

<sup>16</sup> Gee aansien aan יהוה julle Elohim voordat Hy donkerter bring en voordat julle voete teen die donker berge stamp, terwyl julle op lig wag. En Hy verander dit in doodskaduwee, maak dit swaar donkerheid.

<sup>17</sup> En indien julle nie luister nie, sal my wese in die geheim huil weens jou trots, en my oog sal bitterlik huil en afloop in trane, omdat die kudde van יהוה as gevangenes weggevoer sal word.

<sup>18</sup> Sê vir die koning en vir die koninginmoeder: "Verneder jule. Sit plat, want julle leierskap, julle sierlike kroon, het afgeval."

<sup>19</sup> Die stede van die Suide sal toegesluit

word, en niemand om oop te maak nie. Jahuda sal in ballingskap weggevoer word, geheel en al. Volkome weggevoer!

<sup>20</sup> Lig jou oë op, en sien die wat uit die noorde kom. Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige kleinvee?

<sup>21</sup> Wat sal jy sê wanneer Hy jou besoek? Want jy het hul geleer om jou vertroude vriende te wees, hoof oor jou. Sal geboortepyne jou nie aangryp soos 'n vrou in kraam nie?

<sup>22</sup> En wanneer jy in jou hart sê: "Waarom het hierdie dinge oor my gekom?" Dit is weens jou groot ongeregtigheid dat jou rokke uitgetrek is, jou hakskene onder geweld gely het.

<sup>23</sup> Kan 'n Kushi sy vel verander of 'n luiperd sy kolle? Dan sou julle ook kon goed doen, julle wat gewoon is om kwaad te doen.

<sup>24</sup> "Daarom sal Ek hulle verstrooi soos 'n stoppel wat verbyvlieg voor die wind van die woestyn.

<sup>25</sup> "Dit is jou lot, jou afgemete deel van My," sê יהוה, "omdat jy My vergeet en op leuens vertrou het.

<sup>26</sup> "Ek sal ook jou rokke oor jou gesig lig, sodat jou skande gesien sal word,

<sup>27</sup> jou owerspel en jou gerunnik, die boosheid van jou hoerery. Ek het jou gruwels op die heuwels in die veld gesien. Wee jou, Jarushalajim! Hoe lank nog voordat jy gereinig word?"

**14** Die woord van יהוה wat na Jirmejahu gekom het aangaande die droogte.

<sup>2</sup> "Jahuda treur en sy poorte verval. Hulle sit in rou op die grond, en die geskreeu van Jarushalajim gaan op.

<sup>3</sup> "En die edeles tussen hulle het hul ondergeskiktes na die water gestuur. Hulle het by die putte gekom, hulle het geen water nie gekry nie. Hulle het met leë kanne terug gekom. Hulle het beskaamd gestaan en gebloos en hul koppe bedek.

<sup>4</sup> "Omdat die grond gebars is, want daar is geen reën op die aarde nie, het die landbouers beskaamd gestaan, en hul koppe bedek.

<sup>5</sup> "Want selfs die wildsbokkooi het in die veld gelam maar weggegaan, omdat daar geen jong gras was nie.

<sup>6</sup> "En wilde donkies het op die kaal heuwels gestaan, hulle het die wind soos die jakkalse gesnuif. hulle oë het verlep, omdat daar geen gras was nie."

<sup>7</sup> Hoewel ons ongeregtighede teen ons getuig, יהוה, doen iets om U Naam ontwil. Want ons afvallighede is baie, ons het teen U gesondig.

<sup>8</sup> Verwagting van Jisra'ël, sy Verlosser in tyd van benoudheid! Waarom sou U soos 'n vreemdeling in die land wees en soos 'n reisiger wat uitdraai om te oornag?

<sup>9</sup> Waarom sou U wees soos iemand wat verstom is, soos 'n held wat nie kan verlos nie? U is tog in ons midde, יהוה, en U Naam is oor ons uitgeroep. Moenie ons verlaat nie!

<sup>10</sup> So sê יהוה van hierdie volk: "Hulle het só daarvan gehou om te swerf, hulle het hul voete nie teruggehou nie. Daarom het יהוה geen behag in hulle nie. Nou sal Hy aan hulle ongeregtigheid dink en hulle sondes straf."

<sup>11</sup> En יהוה het vir my gesê: "Moenie vir hierdie volk vir iets goeds bid nie.

<sup>12</sup> "Wanneer hulle vas, luister Ek nie na hulle gesmeek nie. En wanneer hulle brandoffer en graanoffer bring, aanvaar Ek hul nie. Maar deur die swaard en die hongersnood en die pes verteer Ek hulle."

<sup>13</sup> Maar ek het gesê: Ag, Meester יהוה, kyk, die profete sê vir hulle: 'Julle sal geen swaard sien en geen hongersnood hê nie, want Ek sal julle ware vrede in hierdie plek gee.'

<sup>14</sup> יהוה het toe vir my gesê: "Die profete profeteer leuens<sup>o</sup> in My Naam. Ek het hulle nie gestuur of hulle beveel of met hulle gepraat nie. Hulle profeteer vir julle 'n valse visioen en nuttelose waarsêery en bedrog van hulle hart.

<sup>15</sup> "Daarom, so sê יהוה: 'Aangaande die profete wat profeteer in My Naam wat Ek nie gestuur het nie, en wat sê: "Daar sal

<sup>o</sup> Jir 23:11-36



## JIRMEJAHU 15

geen swaard of hongersnood in hierdie land wees nie." Daardie profete sal deur die swaard en die hongersnood vergaan.

<sup>16</sup> 'En die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jarushalajim uitgegooi lê weens die hongersnood en die swaard en niemand wat hulle begrawe nie; hulle of hul vrouens, hul seuns of hul dogters. Want Ek sal hulle boosheid oor hulle uitstort.'

<sup>17</sup> "En jy moet hierdie woord vir hulle sê: 'Laat my oë in trane afloop nag en dag en nie ophou nie, want die jongvrou, die dogter van my volk, is gebreek met 'n groot breuk, met 'n baie ernstige wond.

<sup>18</sup> 'Indien ek in die veld uitgaan, lê daar die wat verslaan is deur die swaard! En indien ek in die stad kom, is daar dié wat siek is van die hongersnood! Ja, selfs profeet en priester trek rond in 'n land wat hulle nie ken nie.'

<sup>19</sup> Het U Jahuda dan heeltemal verwerp? Of het U wese Tsjon verag? Waarom het U ons geslaan, sodat daar geen genesing vir ons is nie? Hulle het vrede verwag, maar daar is niks goeds nie; en 'n tyd van genesing, maar kyk – vrees!

<sup>20</sup> יהוה, ons ken ons boosheid, die ongeregtigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.

<sup>21</sup> Moet ons ter wille van U Naam nie verag nie. Moenie die troon van U aansien minag nie. Onthou, moenie U verbond met ons verbreek nie.

<sup>22</sup> Is daar onder die nuttelose idole van die heidene *enige* wat reën kan maak of dat die hemele reënbuie gee? Is dit nie U, יהוה, ons Elohim? En ons wag op U, want U doen al hierdie dinge.

**15** En יהוה het vir my gesê: "Selfs al het Moshe en Shemu'el voor My gestaan, is My gevoel nie na hierdie volk nie. Verdryf hulle van My gesig, en laat hulle gaan.

<sup>2</sup> "En wanneer hulle jou vra: 'Waarheen moet ons gaan?' dan moet jy wil hulle sê: 'So sê יהוה: "Wie vir die pes bestem is, na die pes. En wie vir die swaard, na die swaard. En wie vir hongersnood, na

hongersnood. En wie vir ballingskap, na ballingskap.'"

<sup>3</sup> "En Ek sal vier soorte oor hulle aanstel," sê יהוה, "die swaard om te slag en die honde om te sleep en die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde om op te verteer en te vernietig.

<sup>4</sup> "En Ek sal hulle verstrooi na al die koninkryke van die aarde weens Manashshe, die seun van Hiskijahu, die koning van Jahuda, oor wat hy in Jarushalajim gedoen het.

<sup>5</sup> "Want wie bejammer jou, Jarushalajim? Of wie betreur jou? Of wie draai uit om vra of dit goed gaan met jou?

<sup>6</sup> "Jy het My verwerp," sê יהוה, "jy het agteruitgegaan. Daarom sal Ek My hand teen jou uitstrek en jou verwoes. Ek is moeg van berou hê.

<sup>7</sup> "En Ek sal hulle uitwan met 'n gaffel in die poorte van die land. Ek sal hulle *kinders* wegneem, My volk tot niet maak. Hulle sal nie van hulle weë nie terugdraai nie.

<sup>8</sup> "Hulle weduwees sal meer word as die sand van die see. Ek sal teen hulle, teen die moeder van die jong mans 'n verwoester teen die middag bring. Ek sal skrik en angs skielik op haar laat val.

<sup>9</sup> "Sy wat sewe gebaar het, sal wegwyn. Sy sal haar laaste asem uitblaas. Haar son sal ondergaan terwyl dit nog dag is. Sy word skaam en bloos. En hulle oorblyfsel gee Ek oor aan die swaard, voor hulle vyande," sê יהוה.

<sup>10</sup> Wee my, my moeder, dat u my gebaar het, 'n man van twis en 'n man van stryd vir die hele aarde! Ek het nie uitgeleen nie, en niemand het aan my geleen nie. Almal vloek my.

<sup>11</sup> יהוה het gesê: "Het Ek jou nie bevry nie? Het Ek nie vir jou ingetree in tyd van teespoed en in tyd van benoudheid teen die vyand nie?

<sup>12</sup> "Kan 'n mens yster breek, yster en koper uit die noorde,?

<sup>13</sup> "Jou rykdom en jou skatte gee Ek as buit, sonder betaling, weens al jou sondes, en in jou hele grondgebied.

<sup>14</sup> "En Ek sal jou laat oorgaan met jou vyande in 'n land wat jy nie ken nie, want 'n vuur is aangesteek in My toorn, wat oor julle brand."

<sup>15</sup> יהוה, U weet dit. Dink aan my en besoek my, en wreek my op my vervolgers. Neem my in U geduld nie weg nie. Weet dat ek vir U vernedering gedra het.

<sup>16</sup> U woorde is gevind, en ek het hulle geëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart. Want U Naam is oor my uitgeroep, יהוה, Elohim van die leërskaie!

<sup>17</sup> Ek het nie in 'n groep van spotters gesit en was nie uitgelate nie. Ek het weens U hand alleen gesit, want U het my met afkeur gevul.

<sup>18</sup> Waarom is my pyn aanhoudend en my wond ongeneeslik? Dit weier om gesond te word. Is U vir my bedrieglik, soos waters wat nie standhoudend is nie?

<sup>19</sup> Daarom, so sê יהוה: "Indien jy terugdraai, dan sal Ek jou terug bring. Voor My sal jy staan. En indien jy die kosbare uit die waardelose haal, sal jy soos My mond wees. Laat hulle na jou terugkeer, maar moenie na hulle terugkeer nie.

<sup>20</sup> "En Ek sal jou vir hierdie volk 'n sterk kopermuur maak. En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorweldig nie. Want Ek is met jou om jou te red en om jou te verlos," sê יהוה.

<sup>21</sup> "En Ek sal jou verlos uit die hand van die bose mense en jou loskoop uit die hand van die tiranne."

**16** En die woord van יהוה het na my gekom en gesê:

<sup>2</sup> "Jy moenie 'n vrou neem nie, en jy moenie seuns of dogters in hierdie plek hê nie."

<sup>3</sup> Want so sê יהוה van die seuns en die dogters wat in hierdie plek gebore word, en van hulle moeders wat hulle baar, en van hulle vaders wat hulle verwek in hierdie land:

<sup>4</sup> "Hulle sal sterf aan dodelike siektes, hulle sal nie betreur of begrawe word

nie, hulle sal soos mis op die aarde wees, en hulle sal deur die swaard en hongersnood verteer word. En hulle lyke sal voedsel vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde wees."

<sup>5</sup> Want so sê יהוה: "Moenie in die huis van rou ingaan nie en moenie gaan om te treur of te bejammer nie, want Ek het My vrede van hierdie volk weggeneem," sê יהוה, "ook die guns en die barmhartigheid.

<sup>6</sup> "Beide, groot en klein sal in hierdie land sterf. Hulle sal nie begrawe word nie, en niemand sal hulle betreur en homself stukkend kerf of hom kaal skeer vir hulle nie.

<sup>7</sup> "Ook sal niemand brood in rou vir hulle breek om iemand oor 'n dooie te troos, of aan hulle die troosbeker gee om te drink oor hulle vader of hulle moeder nie.

<sup>8</sup> "Moet ook nie in 'n huis van feesmaal gaan om saam met hulle te sit om te eet en te drink nie."

<sup>9</sup> Want so sê יהוה die leërskaie, die Elohim van Jisra'el: "Kyk, Ek laat in hierdie plek, voor julle oë en in julle dae, die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, ophou.

<sup>10</sup> "En wanneer jy al hierdie woorde aan hierdie volk bekend maak en hulle vir jou sê: 'Waarom het יהוה al hierdie groot teëspoed oor ons uitgespreek? En wat is ons ongeregtigheid en ons sonde wat ons teen יהוה ons Elohim begaan het?'

<sup>11</sup> dan moet jy vir hulle sê: 'Omdat julle vaders My verlaat het,' sê יהוה, 'en agter ander elohim aan geloop en hulle gedien en hul daarvoor neergebuig het, maar My verlaat het en My Tora nie bewaar het nie.

<sup>12</sup> 'En julle het nog erger *dinge* as julle vaders gedoen, want kyk, julle wandel elkeen volgens die hardheid van sy bose hart, sonder om na My te luister.

<sup>13</sup> 'Daarom sal Ek julle uit hierdie land gooi na 'n land wat julle nie ken nie, nie julle of julle vaders nie. En daar sal julle ander elohim dien dag en nag, waar Ek

julle geen guns sal bewys nie.'

<sup>14</sup> "Daarom, kyk, daar kom dae," sê יהוה, "dat daar nie meer gesê sal word: 'Soos יהוה leef, wat die kinders van Jisra'el uit die land Mitsrajim laat optrek het nie,'

<sup>15</sup> maar: 'Soos יהוה leef, wat die kinders van Jisra'el laat optrek het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het.' Want, Ek sal hulle terugbring in hulle land wat Ek aan hulle vaders gegee het.

<sup>16</sup> "Kyk, Ek stuur baie vissers," sê יהוה, "wat hulle sal vang, en daarna sal Ek baie jagters stuur wat hulle sal jag, van elke berg en van elke heuwel en uit die klipskeure.

<sup>17</sup> "Want My oë is op al hulle weë, dit is nie vir My gesig versteek nie, en hulle ongeregtigheid is nie vir My oë verberg nie.

<sup>18</sup> "En Ek sal eers hulle ongeregtigheid en hulle sonde dubbel vergeld, omdat hulle My land besoedel het met die lyke van hulle gruwels en My erfenis gevul het met hulle gruwels."

<sup>19</sup> יהוה, my sterkte en my vesting en my toevlug, in die dag van benoudheid sal die heidene van die eindes van die aarde af na U kom en sê: "Ons vaders het net leuens geërf, nietighede, en daar is geen waarde daarin nie."<sup>p</sup>

<sup>20</sup> Sal 'n mens vir hom elohim maak wat tog geen elohim is nie?

<sup>21</sup> "Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer weet, My hand en My mag weet. En hulle sal weet dat My Naam יהוה is."

**17** "Die sonde van Jahuda is met 'n ystergriffel geskryf, met 'n diamantpunt is dit gegraveer op die tafel van hulle hart en op die horings van julle altare,

<sup>2</sup> terwyl hulle kinders aan hulle altare en aan hulle Ash'ërim by die groen bome, op die hoë hewels dink.

<sup>3</sup> "My berg in die veld, jou rykdom, al jou skatte gee Ek as buit, jou hoogtes van sonde in jou hele grondgebied.

<sup>4</sup> "En jy sal, en dit deur jouself, jou

erfenis wat Ek jou gegee het, verloor. En Ek sal jou jou vyande laat dien in 'n land wat jy nie ken nie, want julle het 'n vuur in My toorn aangesteek, tot in ewigheid sal dit brand."

<sup>5</sup> So sê יהוה: "Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, wie sy hart van יהוה wegdraai.

<sup>6</sup> "Want hy sal soos 'n kaal bos in die wildernis wees, en hy sal nie sien wanneer die goeie kom nie, maar droë plekke in die woestyn bewoon, 'n brak land en onbewoon.

<sup>7</sup> "Geseënd is die man wat op יהוה vertrou, en wie se toevlug יהוה is.

<sup>8</sup> "Want hy sal soos 'n boom wees wat by die water geplant is, wat sy wortels uitskiet by die stroom en nie sien wanneer daar hitte kom nie. Maar sy blad bly groen, en in 'n jaar van droogte is hy nie angstig nie en hou nie op om vrugte te dra nie.

<sup>9</sup> "Die hart is bo alles bedrieglik, en ongeneeslik – wie sal dit ken?

<sup>10</sup> "EK, יהוה, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee volgens sy weë, volgens die vrug van sy dade.

<sup>11</sup> "Soos 'n voël wat eiers uitbroei wat hy nie gelê het nie, is hy wat rykdom verwerf maar nie regverdig nie. In die helfte van sy dae moet hy dit verlaat, en met sy einde sal hy 'n dwaas wees."

<sup>12</sup> 'n Troon van aansien, verhewe van die begin af, is die plek van ons afgesonderde plek.

<sup>13</sup> יהוה, Verwagting van Jisra'el! Almal wat U verlaat, sal beskaamd staan. Wie van My weggdraai, sal op die aarde geskryf word, want hulle het יהוה die fontein van lewendende water, verlaat."<sup>q</sup>

<sup>14</sup> Genees my, יהוה, dat ek genees kan wees. Verlos my, dat ek verlos kan wees, want U is my lof.

<sup>15</sup> Kyk hulle sê vir my: "Waar is die woord van יהוה? Laat dit nou kom!"

<sup>16</sup> Wat my betref, ek het nie as herder onttrek wat U volg nie, en die ongenees-

<sup>p</sup> Sien Teh 147:19; Jes 2:3; 60:2-3.

<sup>q</sup> Sien 2:13.

like dag het ek nie begeer nie. U weet dit. Wat uit my lippe gegaan het, was voor U.

<sup>17</sup> Moenie vir my 'n verskrikking wees nie. U is my toevlug in die dag van boosheid.

<sup>18</sup> Laat my vervolgers beskaamd staan, maar moenie my beskaamd laat staan nie. Laat hulle gebroke wees, maar moenie my gebroke laat wees nie. Bring oor hulle die dag van teëspoed, en breek hulle met 'n dubbele verbreking.

<sup>19</sup> So het יהוה vir my gesê: "Gaan staan in die poort van die kinders van die volk, waardeur die konings van Jahuda ingaan en waardeur hulle uitgaan, ja, al die poorte van Jarushalajim.

<sup>20</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'Hoor die woord van יהוה, konings van Jahuda en die hele Jahuda en al die inwoners van Jarushalajim wat deur hierdie poorte ingaan.

<sup>21</sup> "So sê יהוה: "Wees vir juisself versigtig, dat julle geen las dra op die Sabbatdag en dit inbring deur die poorte van Jarushalajim nie.

<sup>22</sup> "Julle mag ook geen las uit julle huise op die Sabbatdag dra of enige werk doen nie. Maar julle moet die Sabbatdag afsonder soos Ek julle vaders beveel het.

<sup>23</sup> "Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, en hul nek verhard om nie te luister nie en geen tugtiging aan te neem nie.

<sup>24</sup> "En indien julle dan behoorlik na My luister," sê יהוה, "om geen las deur die poorte van hierdie stad op die Sabbatdag in te bring nie en om die Sabbatdag af te sonder deur géén werk daarop te doen nie,

<sup>25</sup> dan sal konings en leiers deur die poorte van hierdie stad ingaan wat op die troon van Dawid sit, wat op strydwaens en op perde ry, hulle en hulle leiers, die mans van Jahuda en die inwoners van Jarushalajim. En hierdie stad sal vir ewig bewoon word.

<sup>26</sup> "En hulle sal uit die stede van Jahuda en uit die omgewing van Jarushalajim en uit die land Binjamin en uit die laeveld en

uit die berge en uit die Suide kom, hulle wat brandoffers en slagoffers en graanoffers en wierook bring, en looffers bring in die Huis van יהוה.

<sup>27</sup> "Maar indien julle nie na My luister om die Sabbatdag af te sonder nie en om geen las te dra of deur die poorte van Jarushalajim op die Sabbatdag in te gaan nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek, wat die paleise van Jarushalajim sal verteer en nie uitgeblus sal word nie.""

**18** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom en gesê het:

<sup>2</sup> "Staan op en gaan af na die huis van die pottebakker, en daar sal Ek jou My woorde laat hoor."

<sup>3</sup> En ek het afgegaan na die huis van die pottebakker, en kyk, hy was besig om 'n stuk werk op die skywe te maak.

<sup>4</sup> En die voorwerp wat hy van klei gemaak het, het misluk in die hand van die pottebakker, maar hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak soos dit reg was in die oë van die pottebakker om te maak.

<sup>5</sup> Toe het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

<sup>6</sup> "Huis van Jisra'ël, kan Ek nie met julle soos hierdie pottebakker maak nie?" sê יהוה. "Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in My hand, huis van Jisra'ël!

<sup>7</sup> "Die oomblik wat Ek praat oor 'n nasie en oor 'n koninkryk om dit uit te ruk en om te gooi en te vernietig,

<sup>8</sup> en daardie nasie sal wegdraai van hul boosheid waaroor Ek gepraat het, dan sal Ek berou hê oor die teëspoed wat Ek van plan was om hulle aan te doen.

<sup>9</sup> "En die oomblik wat Ek praat oor 'n nasie en oor 'n koninkryk om dit te bou en te plant,

<sup>10</sup> en hulle doen boosheid in My oë deur nie na My stem te luister nie, dan sal Ek berou hê oor die goeie waarmee Ek gesê het dat Ek aan hulle goed sal doen.

<sup>11</sup> "En nou, praat met die mans van Jahuda en die inwoners van Jarushalajim en sê: 'So sê יהוה: "Kyk, Ek maak

teespoed en bedink 'n plan teen julle. Draai nou terug, elkeen van sy bouse weg, en maak julle weë en julle dade goed.””

<sup>12</sup> Maar hulle sal sê: “Dit is tevergeefs! Want ons sal volgens ons planne wandel, en ons sal doen elkeen volgens die hardheid van sy bouse hart.”

<sup>13</sup> Daarom, so sê יהוה: “Vra nou onder die nasies, wie het van so iets gehoor? Die jonmeisie van Jisra'el het 'n baie afskuwelike ding gedoen.

<sup>14</sup> “Verdwyn die sneeu van Lebanon ooit van die rots in die veld? Of droog die, koue, stromende waters van ver, op?

<sup>15</sup> “Maar My volk het My vergeet, hulle brand wierook vir nietighede, en hulle het op hul weë gestruik, op die ou paaie, om op sypaaie te loop, nie 'n hoofweg nie,

<sup>16</sup> om hulle land 'n voorwerp van verwoesting te maak, van bespotting vir ewig. Elkeen wat daar verbytrek, sal verbaas wees en sy kop skud.

<sup>17</sup> Soos 'n oostewind sal Ek hulle verstrooi voor die vyand. Ek sal hulle die rug wys en nie die gesig nie, in die dag van hulle teespoed.”

<sup>18</sup> Toe het hulle gesê: “Kom, laat ons planne teen Jirmejahu beraam, want Tora sal nie by die priester verlore gaan of raad by die wyse of 'n woord by die profeet nie. Kom, laat ons hom slaan met die tong, en laat ons nie na een van sy woorde luister nie.”

<sup>19</sup> יהוה, gee ag op my, en luister na die stem van my teëstanders!

<sup>20</sup> Moet goed met kwaad vergeld word? Want hulle het vir my 'n gat gegrawe. Onthou hoe ek voor U gestaan het om 'n goeie woord vir hulle te doen, om U grimmigheid van hulle weg te draai.

<sup>21</sup> Daarom, gee hulle kinders oor aan die hongersnood, en lewer hulle oor in die mag van die swaard, en laat hulle vrouens kinderloos en weduwees word. En laat hulle mans doodgemaak word, hulle jongmanne verslaan word deur die

swaard in die geveg.

<sup>22</sup> Laat daar 'n geskreeu uit hulle huise gehoor word wanneer U skielik 'n bende oor hulle bring. Want hulle het 'n gat gegrawe om my te vang en vangnette voor my voete gespan.

<sup>23</sup> Maar U, יהוה, ken hulle hele plan teen my om my dood te maak. Moenie hulle ongeregigheid vergewe nie en moenie hulle sonde voor U gesig uitdelg nie. Ja, laat hulle tot 'n val voor U kom. Tree teen hulle op in die tyd van U toorn.

**19** So sê יהוה: “Gaan koop vir jou 'n pottebakkerskruik, saam met oudstes van die volk en oudstes van die priesters.

<sup>2</sup> “En gaan uit na die Vallei van die Seun van Hinnom wat voor die ingang van die Potskerfpoort lê, en roep daar die woorde uit wat Ek jou vertel.

<sup>3</sup> “En jy moet sê: ‘Hoor die woord van יהוה, konings van Jahuda en inwoners van Jarushalajim! So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: “Kyk, Ek bring teespoed oor hierdie plek, wie dit hoor, se ore sal tuit!

<sup>4</sup> “Want hulle My verlaat en hierdie plek geskend het en daarin wierook gebrand het vir ander elohim, wat hulle nie geken het nie, nie hulle of hulle vaders of die konings van Jahuda nie, en hulle het hierdie plek met die bloed van onskuldiges gevul.

<sup>5</sup> “En hulle het die hoogtes van Baäl gebou om hulle seuns met vuur te verbrand as brandoffers aan Baäl, wat Ek nie beveel of gesê het nie, of in My hart nie opgekom het nie.

<sup>6</sup> “Daarom, kyk, daar kom dae,” sê יהוה, “dat hierdie plek nie meer Tofet en die Vallei van die Seun van Hinnom genoem sal word nie, maar Moordvallei.

<sup>7</sup> “En Ek sal die raad van Jahuda en Jarushalajim in hierdie plek uitskud, en Ek sal hulle voor hul vyande deur die swaard laat val en deur die hand van die wat hulle lewe seek. En Ek sal hulle lyke as voedsel vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde gee.

<sup>8</sup> “En Ek sal hierdie stad 'n voorwerp van

<sup>1</sup> 7:24; 16:12; 17:9; 23:17.

verwoesting en bespotting maak – elkeen wat daar verbytrek, sal hom verbaas en fluit oor al sy plaë.

<sup>9</sup> “En Ek sal hulle die vleis van hul seuns en die vleis van hul dogters laat eet, en hulle sal elkeen die vleis van sy naaste eet, in die beleëring en in die benoudheid waarmee hulle vyande en die wat hulle lewe soek, hulle benoud sal maak.”

<sup>10</sup> “En jy moet die kruik voor die oë van die mans wat saam met jou gegaan het, breek

<sup>11</sup> en vir hulle sê: ‘So sê יהוה van die leërskaare: “Net so sal Ek hierdie volk en hierdie stad breek, soos ‘n mens ‘n erdepot breek, wat nie weer heelgemaak kan word nie. En hulle sal in Tofet begrawe, totdat daar geen plek sal wees om te begrawe nie.

<sup>12</sup> “So sal Ek met hierdie plek maak,” sê יהוה, “en met sy inwoners, en hierdie stad maak soos Tofet.

<sup>13</sup> “En die huise van Jarushalajim en die huise van die konings van Jahuda sal onrein word soos die plek Tofet, weens al die huise waar hulle wierook op die dakke gebrand het vir die hele leër van die hemel en drankoffers uitgegiet het vir ander elohim.””

<sup>14</sup> En toe Jirmejahu uit Tofet terug gekom, waarheen יהוה hom gestuur het om te profeteer, het hy in die voorhof van die Huis van יהוה gestaan en aan die hele volk gesê:

<sup>15</sup> “So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra’ël: ‘Kyk, Ek bring oor hierdie stad en al sy stede al die teespoed wat Ek daarvoor gesê het, omdat hulle hul nek verhard het om na My woorde nie te luister nie.”

**20** En Pashhur, die seun van Immër, die priester, wat hoofopsigter was in die Huis van יהוה, het gehoor dat Jirmejahu hierdie woorde geprofeteer het.

<sup>2</sup> En Pashhur het die profeet Jirmejahu geslaan en hom in die blok gesit wat in die Boonste Poort van Binjamin was, by die Huis van יהוה.

<sup>3</sup> En die volgende dag het dit gebeur dat

Pashhur Jirmejahu uit die blok laat haal het. En Jirmejahu het vir hom gesê: “יהוה noem jou nie Pashhur nie, maar Magor-Missabib.”<sup>5</sup>

<sup>4</sup> “Want so sê יהוה: ‘Kyk, Ek maak jou ‘n vrees vir jouself en vir al jou vriende. En hulle sal val deur die swaard van hul vyande, terwyl jou oë dit sien, en die hele Jahuda sal Ek gee in die hand van die koning van Babel, wat hulle in ballingskap sal wegvoer na Babel en hulle met die swaard sal verslaan.

<sup>5</sup> “En Ek sal al die rykdom van hierdie stad en al sy werk en al sy kosbarehede gee. Al die skatte van die konings van Jahuda sal Ek in die hand van hulle vyande gee, en hulle sal dit buitmaak en saamneem en na Babel bring.

<sup>6</sup> “En jy, Pashhur, en al die inwoners van jou huis sal in ballingskap gaan, en jy sal in Babel kom en daar sterf en daar begrawe word, jy en al jou vriende vir wie jy vals geprofeteer het.”

<sup>7</sup> יהוה, U het my oorreed, en ek het my laat oorreed. U is sterker as ek en het oorwin. Ek is die hele dag uitgelag, almal spot my.

<sup>8</sup> “Want wanneer ek praat, skree ek uit, roep ek geweld en verdrukking! Want die woord van יהוה het vir my ‘n daaglikse vernedering en bespotting geword.

<sup>9</sup> En wanneer ek sê: “Ek sal nie aan Hom dink nie en nie in Sy Naam meer praat nie,” dan word dit in my hart soos ‘n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het moeg geword om in te hou, maar kon nie.

<sup>10</sup> “Want ek het die spot van baie gehoor, “Vrees rondom!” “Voorspel, en ons sal dit voorspel!” Al my vriende, wag op my val. *Hulle sê:* “Miskien word hy verleë, dan kan ons hom oorwin en ons wraak op hom neem.”

<sup>11</sup> Maar יהוה is met my soos ‘n geweldige held. Daarom sal my vervolgers struikel en nie oorwin nie. Hulle sal diep beskaamd staan, omdat hulle nie geslaag

<sup>5</sup> Vrees – rondom.

## JIRMEJAHU 22

het nie, 'n ewige vernedering wat nie vergeet sal word nie.

<sup>12</sup> Maar, יהוה van die leërskaar, wat die regverdigte toets, wat die niere en die hart sien, laat my U wraak op hulle sien, want aan U het ek my saak bloot gelê.

<sup>13</sup> Sing vir יהוה! Prys יהוה! Want Hy het die wese van die behoeftige uit die hand van die kwaaddoeners verlos.

<sup>14</sup> Vervloek is die dag waarop ek gebore is! Laat die dag waarop my moeder my gebaar het, nie geseënd wees nie.

<sup>15</sup> Vervloek is die man wat aan my vader berig gebring en gesê het: "Vir jou is 'n anlike kind gebore," en hy baie bly was.

<sup>16</sup> En laat dié man wees soos die stede wat יהוה omgekeer het sonder dat dit Hom berou het. En laat hom in die môre geskeue hoor en in die middag geroep,

<sup>17</sup> omdat hy my nie dood gemaak het van die moederskoot af, sodat my moeder my graf geword het en haar skoot vir ewig swanger nie.

<sup>18</sup> Waarom het ek tog uit die moederskoot voortgekom om moeite en kommer te sien, sodat my dae in skande deurbring?

**21** Die woord wat van יהוה na Jirmejahu gekom het toe koning Tsidkijahu, Pashhur, die seun van Malkija, en Tsafanja, die seun van Maäsēja, die priester, na hom gestuur het met die woorde:

<sup>2</sup> "Raadpleeg asseblief יהוה vir ons, want Nebukadrétstsar, die koning van Babel, maak oorlog teen ons. Moontlik sal יהוה met ons maak volgens al Sy wonders, sodat hy van ons af wegtrek."

<sup>3</sup> En Jirmejahu het vir hulle gesê: "So moet julle vir Tsidkijahu sê:

<sup>4</sup> 'So sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: "Kyk, Ek laat die oorlogswapens wat in julle hande is, waarmee julle veg buitekant die muur teen die koning van Babel en teen die Kasdim wat julle beleër, terugdraai. En Ek sal dit binne hierdie stad versamel.

<sup>5</sup> "En Ek self sal teen julle veg met 'n uitgestrekte hand en 'n sterk arm, ja, in

toorn en in grimmigheid en in groot gramskap.

<sup>6</sup> "En Ek sal die inwoners van hierdie stad verslaan, die mense sowel as diere sal aan 'n groot pes sterf.

<sup>7</sup> "En daarna," sê יהוה, "sal Ek Tsidkijahu, die koning van Jahuda, en sy dienaars en die volk – die wat in hierdie stad oorgebly het van die pes, die swaard en die hongersnood - oorgee in die hand van Nebukadrétstsar, die koning van Babel, en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek. En hy sal hulle verslaan met die skerpte van die swaard. Hy sal geen meegevoel met hulle hê of hulle spaar of hom ontferm nie."

<sup>8</sup> "En aan hierdie volk moet jy sê: 'So sê יהוה: "Kyk, Ek hou voor julle die weg van die lewe én die weg van die dood.

<sup>9</sup> "Hy wat in hierdie stad bly, sal deur die swaard of die hongersnood of die pes sterf. Maar hy wat uitgaan en oorloop na die Kasdim wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees.

<sup>10</sup> "Want Ek het My gesig teen hierdie stad gerig vir kwaad en nie vir goed nie," sê יהוה. "Dit sal in die hand van die koning van Babel oorgegee word, en hy sal dit met vuur verbrand."

<sup>11</sup> "En aan die huis van die koning van Jahuda moet jy sê: 'Hoor die woord van יהוה,

<sup>12</sup> huis van Dawid! So sê יהוה: "Verskaf reg in die môre en red die beroofde uit die hand van die verdrukker, sodat My grimmigheid nie uitgaan en brand soos 'n vuur met niemand wat dit kan blus nie, weens die boosheid van julle dade nie.

<sup>13</sup> "Kyk, Ek is teen jou, inwoner van die vallei, rots van die vlakte," sê יהוה. "Julle wat sê: 'Wie sal teen ons afkom? En wie sal in ons woonplekke kom?"

<sup>14</sup> "En Ek sal julle straf volgens die vrug van julle dade," sê יהוה. En Ek sal 'n vuur aansteek in sy bos, en dit sal alles verteer wat rondom hom lê."'''

**22** So sê יהוה: "Gaan af in die huis van die koning van Jahuda en praat hierdie

woord daar

<sup>2</sup> en sê: 'Hoor die woord van יהוה, koning van Jahuda, wat op die troon van Dawid sit, jy en jou dienaars en jou volk wat deur hierdie poorte ingaan!

<sup>3</sup> 'So sê יהוה: "Doen reg en geregtigheid, en red die beroofde uit die hand van die verdrukker. En doen geen skade, geen geweld aan die vreemdeling, die vaderlose of die weduwee nie, en vergiet geen onskuldige bloed in hierdie plek nie.

<sup>4</sup> "Want indien julle verseker hierdie woord doen, sal deur die poorte van hierdie huis konings ingaan wat op die troon van Dawid sit, wat op strydwaens en op perde ry, hy en sy dienaars en sy volk.

<sup>5</sup> "Maar indien julle nie na hierdie woorde luister nie, sweer Ek by Myself," sê יהוה, "dat hierdie huis 'n puinhoop sal word."

<sup>6</sup> Want so sê יהוה aan die huis van die koning van Jahuda: "Gil'ad is jy vir My, die top van Leḇanon. Sekerlik, maak Ek sal jou 'n woestyn, stede wat nie bewoon word nie!

<sup>7</sup> "En Ek sal verwoesters teen jou afsonder, elkeen met sy wapens. En hulle sal jou beste seders afkap en in die vuur gooi.

<sup>8</sup> "En baie heidennasies sal by hierdie stad verbytrek en die een aan die ander sê: 'Waarom het יהוה so met hierdie groot stad gedoen?'

<sup>9</sup> "Dan sal hulle sê: 'Omdat hulle die verbond van יהוה hulle Elohim verlaat het en voor ander elohim hulle neer-gebuig en hulle gedien het.'

<sup>10</sup> Moenie oor die dooie huil of oor hom treur nie. Huil bitterlik oor hom wat weggaan, want hy sal nie weer terugkom of die land van sy geboorte sien nie.

<sup>11</sup> Want so sê יהוה aangaande Shallum, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, wat in die plek van sy vader Joshijahu regeer het, wat uit hierdie plek gegaan het: "Hy sal nooit weer terugkom nie,

<sup>12</sup> maar hy sal sterf in die plek waarheen hulle hom as gevangene weggevoer het,

en hierdie land sal hy nie weer sien nie.

<sup>13</sup> "Wee hom wat sy huis bou sonder geregtigheid en sy kamers sonder reg, wat sy naaste laat werk vir niks en hom nie sy loon gee nie,

<sup>14</sup> wat sê: 'Ek sal vir my 'n groot huis met ruim kamers bou en vensters daarvoor uitsny, en dit met sederhout bedek en dit rooi verf.'

<sup>15</sup> "Regeer jy, omdat jy in sederhout toegemaak is? Het jou vader nie geëet en gedrink en reg en geregtigheid gedoen nie? Toe het dit goed met hom gegaan.

<sup>16</sup> "Hy het reg verskaf aan die verdrukke en behoeftige – toe het dit goed gegaan. Is dit nie om My te ken nie?" sê יהוה.

<sup>17</sup> "Maar jou oë en jou hart is net op jou gierige wins en om onskuldige bloed te vergiet, en om bedrog en verdrukking te doen."

<sup>18</sup> Daarom sê יהוה so van Jahójakim, die seun van Joshijahu, koning van Jahuda: "Hulle sal hom nie betreur met: 'Ag, my broer!' of 'Ag, my suster!' nie. Hulle sal hom nie betreur met: 'Ag, meester!' of 'Ag, majesteit!' nie.

<sup>19</sup> "Hy sal met die begrafnis van 'n donkie begrawe word, weggesleep en uitgegooi buite die poorte van Jarushalajim.

<sup>20</sup> "Gaan op na Leḇanon en skreeu, en laat jou stem in Basan hoor. Ja, skreeu van die berge Aḇárim af, want al jou minnaars is vernietig.

<sup>21</sup> "Ek het met jou gepraat in jou gerief, maar jy het gesê: 'Ek wil nie luister nie.' Dit was jou weg van jou jeug af, dat jy nie na My stem geluister het nie.

<sup>22</sup> "Die wind sal al jou herders verstrooi, en jou minnaars gaan in gevangenskap. Ja, dan sal jy skaam en vernederd wees weens al jou boosheid.

<sup>23</sup> "Jy wat in Leḇanon sit, vasgenestel in die seders, hoe sal jy kreun wanneer pyne oor jou kom, smart soos van een wat geboorte gee!

<sup>24</sup> "Soos Ek leef," sê יהוה, "al was Konjahu, die seun van Jahójakim, koning van Jahuda, 'n seëlring aan My regter-



hand, sal Ek jou steeds daar afruk,

<sup>25</sup> en Ek sal jou in die hand van hulle wat jou lewe soek en in die hand van hulle vir wie jy bang is, gee, in die hand van Nebukadrétstsar, die koning van Babel, en in die hand van die Kasdim.

<sup>26</sup> "En Ek sal jou wegslinger, saam met jou moeder wat jou gebaar het, na 'n ander land waar julle nie gebore is nie, en daar sal julle sterf.

<sup>27</sup> "Maar na die land waarheen hulle wese verlang om daarna terug te gaan, daarheen sal hulle nie teruggaan nie.

<sup>28</sup> "Is hierdie man Konjahu 'n veragte, verbryselde voorwerp, of 'n ding waar 'n mens geen behae in het nie? Waarom is hy en sy geslag weggeslinger en in 'n land gegooi wat hulle nie ken nie?

<sup>29</sup> Land, land, land! Hoor die woord van יהוה!

<sup>30</sup> "So sê יהוה: 'Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie, want dit sal niemand van sy geslag slaag om op die troon van Dawid te sit en nog oor Jahuda te regeer nie.

**23** "Wee die herders wat die skape van My weiding vernietig en verstrooi,"<sup>f</sup> sê יהוה.

<sup>2</sup> Daarom, so sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël, teen die herders wat My volk oppas: "Julle het My skape verstrooi en hulle verdryf en hulle nie versorg nie. Kyk, Ek straf julle oor die boosheid van julle dade," sê יהוה.

<sup>3</sup> "En Ek sal die oorblyfsel van My skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het, en Ek sal hulle na hul weiveld terugbring, en hulle sal vrug dra en vermenigvuldig.

<sup>4</sup> "En Ek sal herders oor hulle laat opstaan wat hulle sal laat wei."<sup>g</sup> en hulle sal nie meer bang of mismoedig wees of wegraak nie," sê יהוה.

<sup>5</sup> "Kyk, daar kom dae," sê יהוה, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat

opstaan, 'n koning wat regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid in die land doen.

<sup>6</sup> "In sy dae sal Jahuda verlos word en Jisra'ël veilig woon. En dit is sy naam wat hy genoem sal word: 'יהוה' ons Geregtigheid.'

<sup>7</sup> "Daarom kyk, daar kom dae," sê יהוה, "dat hulle nie meer sal sê: 'Soos יהוה leef wat die kinders van Jisra'ël uit die land Mitsrajim laat optrek het nie,'

<sup>8</sup> maar: 'Soos יהוה leef wat die saad van die huis van Jisra'ël laat optrek en laat kom het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het.' En hulle sal in hulle land woon."

<sup>9</sup> My hart is in my binneste oor die profete gebreek, al my beendere sidder. Ek is soos 'n dronk man en soos 'n man wat deur die wyn oorweldig is, weens יהוה en Sy afgesonderde woorde.

<sup>10</sup> Want die land is vol owerspelers; want die land treur weens die vloek. Die weivelde van die woestyn verdroog. Hulle rigting is boos, en hul mag, onreg.

<sup>11</sup> "Want sowel profeet as priester is besoedel. Sels in My huis het Ek hulle boosheid gevind," sê יהוה.

<sup>12</sup> "Daarom sal hulle weg vir hulle soos glyerige plekke in die donker wees. Hulle sal afgestoot word en daarin val. Want Ek sal teespoed oor hulle bring in die jaar van hulle starf," sê יהוה.

<sup>13</sup> "En Ek het by die profete van Shomeron dwaasheid gesien: hulle het deur Baäl geprofeteer en My volk Jisra'ël verlei.

<sup>14</sup> "Maar by die profete van Jarushalajim het Ek iets afskuweliks gesien: hulle bedryf owerspel en gaan om met leuens, en hulle versterk die hande van die boosdoeners, sodat niemand van sy boosheid terug draai nie. Hulle is almal soos Sedom vir My, en sy inwoners soos Amorra.

<sup>15</sup> "Daarom, so sê יהוה van die leërskaare aangaande die profete: 'Kyk, Ek laat hulle wilde-als eet en laat hulle giftige water drink. Want boosheid het in die hele land

<sup>f</sup> 10:21; 50:5-6; Jêh 34:1-23; Zek 10:2.

<sup>g</sup> 3:14-17

van die profete van Jarushalajim gegaan."

<sup>16</sup> So sê יהוה van die leërskaare: "Moenie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer luister nie, hulle hule verlei julle. Hulle verkondig visioene uit hul eie hart, nie uit die mond van יהוה nie.

<sup>17</sup> "Hulle sê gedurig aan dié wat My verag: 'יהוה' het gesê julle sal vrede hê.' En aan elkeen wat wandel in die hardheid van sy hart: 'Geen teëspoed sal oor julle kom nie.'"

<sup>18</sup> Want wie het in die raad van יהוה gestaan, en Sy woord gesien en gehoor? Wie het Sy woord gehoor en geluister?

<sup>19</sup> Kyk, 'n storm het van יהוה in grimmigheid uitgegaan, 'n warrellende storm! Op die kof van die bese mense warrel dit.

<sup>20</sup> Die toorn van יהוה sal nie terugdraai, totdat Hy die planne van Sy hart gedoen en tot stand gebring het nie. Aan die einde van die dae sal julle dit duidelik verstaan.<sup>v</sup>

<sup>21</sup> " Ek het hierdie profete nie gestuur nie, tog het hulle gehardloop. Ek het nie met hulle gepraat nie, tog het hulle geprofeteer."<sup>w</sup>

<sup>22</sup> "Maar indien hulle in My raad gestaan het, sou hulle My volk My woorde laat hoor het en hulle teruggedraai het van hul bese weg en van die boosheid van hul dade.

<sup>23</sup> "Is Ek 'n Elohim van naby," sê יהוה, "en nie 'n Elohim van ver nie?"

<sup>24</sup> "Kan iemand wegkruip in skuilplekke dat Ek hom nie sien nie?" sê יהוה. "Vul Ek nie die hemel en die aarde nie?" sê יהוה.

<sup>25</sup> "Ek het gehoor wat die profete, wat in My Naam vals profeteer, met die woorde gesê het: 'Ek het gedroom, ek het gedroom!'

<sup>26</sup> "Hoe lank nog sal dit in die hart van die profete wees wat leuens profeteer? Hulle is profete van die bedrog van hulle hart.

<sup>27</sup> "Hulle probeer om My volk My Naam te laat vergeet deur hulle drome wat hulle die een aan die ander vertel, soos hulle vaders My Naam vergeet het vir Baäl?"

<sup>28</sup> "Die profeet wat 'n droom het, laat hom die droom vertel, en hy wat My Woord het, laat hom My Woord in waarheid praat. Wat het die kaf met die koring te doen?" sê יהוה.

<sup>29</sup> "Is My Woord nie só, soos 'n vuur nie," sê יהוה, "en soos 'n hamer wat 'n rots verbrysel nie?"

<sup>30</sup> "Daarom, kyk, Ek is teen die profete," sê יהוה, "wat My Woorde steel, die een van die ander.

<sup>31</sup> "Kyk, Ek is teen die profete," sê יהוה, "wat hulle tonge gebruik en sê: 'Hy sê!'

<sup>32</sup> "Kyk, Ek is teen hulle wat valse drome profeteer," sê יהוה, "en dit vertel en My volk verlei met hulle leuens en hul lig-sinnige praatjies. Want Ek het hulle nie gestuur en hulle nie beveel nie. En hulle bring vir hierdie volk geen voordeel nie," sê יהוה.

<sup>33</sup> "Wanneer hierdie volk of profeet of priester jou vra en sê: 'Wat is die opdrag van יהוה?' dan moet jy vir hulle sê: 'Watter opdrag?' En Ek sal julle weg stamp," sê יהוה.

<sup>34</sup> "En wat die profeet en die priester en die volk betref wat sê: 'Die opdrag van יהוה,' sal Ek dié man en sy huis straf.

<sup>35</sup> "Dit is wat elkeen vir sy naaste en elkeen vir sy broer sê: 'Wat het יהוה geantwoord?'" en, 'Wat het יהוה gesê?'"

<sup>36</sup> "Maar die opdrag van יהוה onthou julle nie meer nie! Want vir elkeen is sy eie woord die opdrag, want julle verdraai die woorde van die lewende Elohim, van יהוה van die leërskaare, ons Elohim!

<sup>37</sup> "So moet jy aan die profeet sê: 'Wat het יהוה jou geantwoord?' en, 'Wat het יהוה gesê?'"

<sup>38</sup> Maar aagesien julle sê: 'Die opdrag van יהוה!' daarom, so sê יהוה: 'Omdat julle hierdie woord sê: "Die opdrag van יהוה!" al het Ek na julle gestuur met die woorde: "Moenie sê: 'Die opdrag van יהוה!' nie,"

<sup>v</sup> 30:24

<sup>w</sup> 14:14-15; 23:32; 28:15; 29:9

## JIRMEJAHU 25

<sup>39</sup> daarom, kyk, Ek sal julle verseker vergeet en julle, saam met die stad wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, van My gesig af weggooi.

<sup>40</sup> 'En Ek sal op julle 'n ewige vernedering lê en 'n ewige skande wat nie vergeet sal word nie.'

**24** יהוה het my laat sien, en kyk, daar was twee mandjies met vye, reggesit voor die Tempel van יהוה, nadat Nebūkad-rétstsar, die koning van Babel, Jegónjahu, die seun van Jahójakim, die koning van Jahuda, en die vorste van Jahuda en die vakmanne en die smede uit Jarushalajim in ballingskap weggevoer en hulle in Babel gebring het.

<sup>2</sup> Een mandjie het baie goeie vye, soos vye wat eerste ryp is, gehad. En die ander mandjie het baie slegte vye gehad, te sleg om te eet.

<sup>3</sup> En יהוה het vir my gesê: "Wat sien jy, Jirmejahu?" En ek het gesê: "Vye; die goeie vye baie goed en die slegtes baie sleg, te sleg om te eet."

<sup>4</sup> Weer het die woord van יהוה na my gekom en gesê:

<sup>5</sup> "So sê יהוה é, die Elohim van Jisra'él: 'Soos hierdie goeie vye, so sal Ek na die ballinge van Jahuda wat Ek uit hierdie plek na die land van die Kasdim weggestuur het, omsien.

<sup>6</sup> 'En Ek sal My oë op hulle hou vir goeie *dinge* en hulle na hierdie land terugbring. En Ek sal hulle bou en nie afbreek nie, en hulle plant en nie uitruk nie.

<sup>7</sup> 'En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek יהוה is. En hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, want hulle sal met hul hele hart na My terugdraai.

<sup>8</sup> 'En soos die slegte vye wat te sleg is om te eet,' waarlik, so sê יהוה, 'so maak Ek Tsidkijahu, die koning van Jahuda, en sy vorste en die oorblyfsel van Jerushalajim wat in hierdie land oorgebly het en die wat in die land Mitsrajim woon.

<sup>9</sup> 'En Ek sal hulle *iets* sleg maak, 'n teëspoed vir al die koninkryke van die aarde, 'n vernedering en 'n spreekwoord,

'n bespotting en 'n vloek in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf.

<sup>10</sup> 'En Ek sal die swaard, die hongersnood en die pes onder hulle stuur, totdat hulle verteer is uit die land wat Ek aan hulle en hul vaders gegee het.'

**25** Die woord wat na Jirmejahu gekom het aangaande die hele volk van Jahuda, in die vierde jaar van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, dit was die eerste jaar van Nebūkad-rétstsar, die koning van Babel,

<sup>2</sup> wat die profeet Jirmejahu aan die hele volk van Jahuda en al die inwoners van Jarushalajim vertel en gesê het:

<sup>3</sup> "Vanaf die dertiende jaar van Joshijahu, die seun van Armon, die koning van Jahuda, tot op hierdie dag, nou drie en twintig jaar lank, het die woord van יהוה na my gekom. En ek het met julle gepraat, vroeg opgestaan en gepraat, maar julle het nie geluister nie.

<sup>4</sup> "Ook het יהוה al Sy dienaars, die profete, na julle gestuur, vroeg opgestaan en gestuur maar julle het nie geluister of julle oor geneig om te hoor nie.

<sup>5</sup> Hulle het gesê: 'Draai nou terug, elkeen van sy verkeerde weg en van die boosheid van julle dade, en woon op die grond wat יהוה aan julle en julle vaders gegee het, vir ewig en altyd.

<sup>6</sup> 'En moenie agter ander elohim aanloop om hulle te dien en julle voor hulle neer te buig nie, en moenie My met die werk van julle hande tart nie, dat Ek julle geen kwaad aandoen nie.'

<sup>7</sup> 'Maar julle het nie na My geluister nie,' sê יהוה, "om My met die werk van julle hande, julle tot te"spoed, te tart.

<sup>8</sup> 'Daarom, so sê יהוה van die leërskaar: 'Omdat julle nie na My woorde geluister het nie,

<sup>9</sup> kyk, Ek stuur en bring al die stamme van die noorde,' sê יהוה, 'en Nebūkad-rétstsar, die koning van Babel, My dienaar, en Ek sal hulle oor hierdie land en sy inwoners bring en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die

ban tref en hulle 'n voorwerp van verbasing en bespotting maak en ewige puinhoop.

<sup>10</sup> 'En Ek sal uit hulle die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die geluid van die handmeul en die lig van die lamp verban.

<sup>11</sup> 'En hierdie hele land sal 'n puinhoop, 'n woesteny word, en hierdie nasies sal die koning van Babel sewentig jaar lank dien.

<sup>12</sup> 'En dit sal gebeur, wanneer sewentig jaar vol is, dat Ek die koning van Babel en daardie nasie, en die land van die Kasdim, oor hul ongeregtigheid sal straf; sê יהוה, 'en sal dit ewige verlatenheid maak.

<sup>13</sup> 'En Ek sal oor daardie land al My woorde wat Ek daarvoor gesê het, bring, alles wat geskryf is in hierdie boek, wat Jirmejahu geprofeteer het oor al die nasies.

<sup>14</sup> 'Want hulle sal ook baie nasies en groot konings dien, en Ek sal hulle vergeld volgens hul dade en die werk van hul hande.'

<sup>15</sup> 'Want so het יהוה, die Elohim van Jisra'el, vir my gesê: "Neem hierdie wynbeker van grimmigheid uit My hand en gee dit aan al die nasies na wie Ek jou stuur, om te drink.

<sup>16</sup> "En hulle sal drink en bewe en rasend word weens die swaard wat Ek onder hulle stuur.

<sup>17</sup> 'En ek het die beker uit die hand van יהוה geneem en al die volke laat drink na wie יהוה my gestuur het:

<sup>18</sup> Jarushalajim en die stede van Jahuda en sy konings en sy vorste, om hulle 'n puinhoop te maak, 'n voorwerp van verbasing, 'n bespotting en 'n vloek soos dit vandag is;

<sup>19</sup> Par'o, die koning van Mitsrajim, en sy dienaars en sy vorste en sy hele volk;

<sup>20</sup> en die hele gemengde bevolking en al die konings van die land Uts, en al die konings van die land van die Palishtim, en Ashkelon en Asa en Ekron en die oorblyfsel van Ashdod;

<sup>21</sup> Edom en Moab en die kinders van Ammon;

<sup>22</sup> en al die konings van Tsor en al die konings van Tsidon en al die konings van die kusland wat oorkant die see is;

<sup>23</sup> Dedan en Tema en Bus en almal wat die rand van hulle hare wegskeer;

<sup>24</sup> en al die konings van Arabië en al die konings van die gemengde bevolking wat in die woestyn woon;

<sup>25</sup> en al die konings van Simri en al die konings van Elam en al die konings van Madai;

<sup>26</sup> en al die konings van die noorde wat naby en ver is, die een ná die ander, en al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is. En die koning van Sheshag sal ná hulle drink.

<sup>27</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה van die leërskaar, die Elohim van Jisra'el: "Drink en word dronk en spoeg en val neer en moenie weer opstaan nie weens die swaard wat Ek onder julle stuur."

<sup>28</sup> "En dit sal gebeur wanneer hulle weer om die beker uit jou hand te neem om te drink, dan moet jy vir hulle sê: 'So sê יהוה van die leërskaar: "Julle sal drink!

<sup>29</sup> "Want kyk, in die stad wat na My Naam genoem is, begin Ek met teëspoed en sal julle heeltemal ongestraf bly? Julle sal nie ongestraf bly nie, want Ek roep die swaard op teen al die inwoners van die aarde," sê יהוה van die leërskaar.'

<sup>30</sup> "En jy moet al hierdie woorde teen hulle profeteer en aan hulle sê: יהוה: brul uit die hoogte en verhef Sy stem uit Sy afgesonderde woning! Hy brul geweldig oor Sy woonplek, Hy roep uit soos *druiwetrappers*, teen al die inwoners van die aarde.

<sup>31</sup> 'Oproer sal tot by die einde van die aarde kom, want יהוה het 'n twis met die nasies. Hy sal oordeel oor alle vlees. Die bose sal Hy aan die swaard oorgegee,' sê יהוה.'

<sup>32</sup> So sê יהוה van die leërskaar: "Kyk, teëspoed gaan uit van volk tot volk, en 'n groot storm word opgewek uit die uithoeke van die aarde.

## JIRMEJAHU 26

<sup>33</sup> "En die wat deur יהוה verslaan is, sal daardie dag van die een kant van die aarde tot die ander kant van die aarde lê. Hulle sal nie betreur of versamel of begrawe word nie, hulle sal mis op die aarde wees.

<sup>34</sup> "Huil, herders, en skreeu! En rol julle *in die as*, julle leiers van die kudde! Want julle dae van jul slagting en verstrooiing is vol, en julle sal soos 'n kosbare voorwerp val.

<sup>35</sup> "En die herders sal geen toevlug hê nie en die leiers van die kudde geen ont-koming .

<sup>36</sup> "Luister! Geskreeu van die herders en gehuil van die leiers van die kudde, omdat יהוה hulle kudde verwoes.

<sup>37</sup> "En die weivelde van vrede sal verwoes word weens die toornloed van יהוה.

<sup>38</sup> "Hy sal soos 'n jong leeu sy lêplek verlaat, want hulle land sal 'n woesteny word weens die swaard van verdrukkers, en weens sy toornloed."

**26** In die begin van die regering van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, het hierdie woord van יהוה gekom en gesê:

<sup>2</sup> "So sê יהוה: 'Gaan staan in die binne-hof van die Huis van יהוה, en praat met al die stede van Jahuda wat kom om te aanbid in die Huis van יהוה, al die woorde wat Ek jou beveel het om aan hulle te sê. Moenie een woord weglaat nie.

<sup>3</sup> "Miskien sal hulle luister en elkeen van sy bouse weg terug draai, dan sal Ek berou hê oor die teëspoed wat Ek van plan is om hulle aan te doen weens die boosheid van hulle dade.'

<sup>4</sup> "En jy moet vir hulle sê: 'So sê יהוה: "Indien julle nie na My luister, om in My Tora te wandel wat Ek julle voorgelou het nie,

<sup>5</sup> om na die woorde van My dienaars, die profete, wat Ek na julle stuur te luister, vroeg opstaan en hulle stuur, sonder dat julle geluister het,

<sup>6</sup> dan sal Ek hierdie huis soos Shilo maak, en hierdie stad sal Ek 'n vloek vir al die

nasies van die aarde maak.'"

<sup>7</sup> En die priesters en die profete en die hele volk het Jirmejahu hierdie woorde hoor sê in die Huis van יהוה.

<sup>8</sup> En dit het gebeur toe Jirmejahu klaar gepraat het, alles wat יהוה beveel het om aan die hele volk te sê, dat die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê het: "Jy moet verseker sterf!

<sup>9</sup> "Waarom het jy in die Naam van יהוה geprofeteer en gesê: 'Hierdie huis sal soos Shilo word, en hierdie stad sal verlate word, sonder inwoner?'" En die hele volk het teen Jirmejahu in die Huis van יהוה bymekaargekom.

<sup>10</sup> En die vorste van Jahuda dit gehoor, en hulle het opgekom uit die huis van die koning na die huis van יהוה en hulle het by die ingang van die nuwe poort van die Huis van יהוה gaan sit.

<sup>11</sup> En die priesters en die profete het met die vorste en met die hele volk gepraat en gesê: "Die doodstraf vir hierdie man, want hy het teen hierdie stad geprofeteer, soos julle met jul ore gehoor het."

<sup>12</sup> En Jirmejahu het met al die vorste en die hele volk gepraat en gesê: "יהוה het my gestuur om teen hierdie Huis en teen hierdie stad te profeteer al die woorde wat julle gehoor het.

<sup>13</sup> "En nou, maak julle weë en julle dade goed, en luister na die stem van יהוה julle Elohim, dan sal יהוה berou oor die teëspoed wat Hy teen julle gespreek het.

<sup>14</sup> "En ek, kyk, ek is in julle hand. Maak met my soos dit goed en reg is in julle oë.

<sup>15</sup> "Maar weet verseker dat indien julle my doodmaak, julle onskuldige bloed op julleself en op hierdie stad en op sy inwoners bring. Want יהוה het my waarlik na julle gestuur om al hierdie woorde voor julle ore te sê."

<sup>16</sup> Toe het die vorste en die hele volk aan die priesters en die profete gesê: "Geen doodstraf vir hierdie man nie. Want hy het met ons gepraat in die Naam van יהוה ons Elohim."

<sup>17</sup> En sommige van die oudstes van die land het opgestaan, en hulle het met die hele vergadering van die volk gepraat en gesê:

<sup>18</sup> "Migaja, die Morastiet, het as profeet opgetree in die dae van Hiskijahu, koning van Jahuda, en met die hele volk van Jahuda gepraat en gesê: 'So sê יהוה van die leërskaare: "Tsjon sal soos 'n land omgeploeg word, en Jarusalajim sal puinhope word en die berg van die Huis soos die hoogtes van die bos.'"

<sup>19</sup> "Het Hiskijahu, koning van Jahuda, en die hele Jahuda hom ooit gedood? Het hy nie יהוה gevrees en יהוה om guns gesmeek, sodat dit יהוה berou het oor die teëspoed wat Hy teen hulle uitgespreek het nie? En ons doen groot boosheid teen onself!"

<sup>20</sup> En daar was ook 'n man wat in die Naam van יהוה geprofeteer het, Urijahu, die seun van Shemajahu, van Kirjat-Jeárim. En hy het teen hierdie stad en teen hierdie land geprofeteer volgens al die woorde van Jirmejahu.

<sup>21</sup> En toe koning Jahójakim en al sy helde en al die vorste sy woorde gehoor het, het die koning probeer om hom dood te maak. Maar Urijahu het dit gehoor en was bevrees en het gevlug en na Mitsrajim gegaan.

<sup>22</sup> Toe het koning Jahójakim mans na Mitsrajim gestuur: Élnatan, die seun van Akbor, en mans saam met hom, na Mitsrajim.

<sup>23</sup> En hulle het Urijahu uit Mitsrajim gaan haal en hom na die koning Jahójakim gebring, en hy het hom met die swaard geslaan en sy lyk op die grafte van die gewone mense gegooi.

<sup>24</sup> Maar die hand van Ahikam, die seun van Shafan, was met Jirmejahu, sodat hy nie in die hand van die volk oorgegee is om hom dood te maak nie.

**27** In die begin van die regering van Jahójakim, die seun van Joshijahu, koning van Jahuda, het hierdie woord van יהוה na Jirmejahu gekom:

<sup>2</sup> "So het יהוה vir my gesê: 'Maak vir jou

stroppe en jukke, en sit dit op jou nek;

<sup>3</sup> en stuur dit na die koning van Edom en na die koning van Moab en na die koning van die kinders van Ammon en na die koning van Tsor en na die koning van Tsidon deur middel van die gesante wat in Jarusalajim gekom het na Tsidkijahu, die koning van Jahuda.

<sup>4</sup> 'En beveel hulle om aan hul meesters, te sê: "So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'él: 'So moet julle aan jul meesters sê'

<sup>5</sup> 'Ek het die aarde, die mens en die diere wat op die aarde is, gemaak deur My groot krag en deur My uitgestrekte arm, en Ek gee dit aan wie dit reg is in My oë.

<sup>6</sup> 'En nou het Ék al hierdie lande gegee in die hand van Nebuqadnétstsar, die koning van Babel, My dienaar. En, selfs die diere van die veld het Ek aan hom gegee om hom te dien.

<sup>7</sup> 'En al die nasies sal hom dien en sy seun en sy seun se seun, totdat die tyd van sy land ook kom. En dan sal hulle self baie nasies en groot konings dien

<sup>8</sup> 'En dit sal gebeur dat die nasie en die koninkryk wat hom, Nebuqadnétstsar, die koning van Babel, nie sal dien nie, en wat sy nek nie onder die juk van die koning van Babel sal steek nie, daardie nasie sal Ek straf,' sê יהוה, 'met die swaard en die hongersnood en die pes, totdat Ek hulle heeltemal onder sy hand het.

<sup>9</sup> 'En julle moenie na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle towenaars luister nie, wat met julle praat en sê: "Julle sal nie die koning van Babel dien nie."

<sup>10</sup> 'Want hulle profeteer leuens vir julle om julle ver uit julle land te verwyder. En Ek sal julle verdryf en julle sal vergaan.

<sup>11</sup> 'Maar die nasie wat sy nek onder die juk van die koning van Babel sal bring en hom sal dien, sal Ek in sy land laat bly,' sê יהוה, 'en hulle sal dit bewerk en daarin woon.'"

<sup>12</sup> En ek het met Tsidkijahu, die koning van Jahuda, volgens al hierdie woorde

## JIRMEJAHU 28

gepraat en gesê: "Bring julle nekke onder die juk van die koning van Babel, en dien hom en sy volk en lewe!

<sup>13</sup> "Waarom moet julle sterf, u en u volk, deur die swaard, die hongersnood en die pes, soos יהוה gesê het van die nasie wat nie die koning van Babel dien nie?

<sup>14</sup> "Moenie na die woorde van die profete wat met julle praat en sê: 'Julle sal nie die koning van Babel dien nie,' luister nie, want hulle profeteer leuens vir julle.

<sup>15</sup> "Want Ek het hulle nie gestuur nie," sê יהוה, "en hulle profeteer vals in My Naam, dat Ek julle kan verdryf. Dan sal julle vergaan, julle en die profete wat vir julle profeteer."

<sup>16</sup> Ek het ook met die priesters en hierdie hele volk gepraat en gesê: "So sê יהוה: 'Moenie na die woorde van julle profete wat vir julle profeteer en sê: "Kyk, die voorwerpe van die Huis van יהוה sal nou gou uit Babel teruggebring word," luister nie, want hulle profeteer leuens vir julle.

<sup>17</sup> 'Moenie na hulle luister nie. Dien die koning van Babel, en lewe! Waarom moet hierdie stad 'n puinhoop word?

<sup>18</sup> 'Maar indien hulle profete is, en indien die woord van יהוה by hulle is, laat hulle יהוה van die leërske nou dringend smeek, dat die voorwerpe wat in die Huis van יהוה en die huis van die koning van Jahuda en in Jarushalajim oorgebly het, nie na Babel sal gaan nie.'

<sup>19</sup> "Want so sê יהוה van die leërske aangaande die pilare en aangaande die groot bak en aangaande die staanders en aangaande die ander oorblywende voorwerpe in hierdie stad,

<sup>20</sup> wat Nebukadnétzar, die koning van Babel, nie weggeneem het nie toe hy Jegónja, die seun van Jahójakim, die koning van Jahuda, uit Jarushalajim in ballingskap na Babel, saam met al die edeles van Jahuda en Jarushalajim weggevoer het –

<sup>21</sup> want so sê יהוה van die leërske, die Elohim van Jisra'el, aangaande die voorwerpe wat in die Huis van יהוה en die huis van die koning van Jahuda en in

Jarushalajim oorgebly het:

<sup>22</sup> 'Dit sal na Babel gebring word, en daar sal dit bly tot op die dag dat Ek hulle sal besoek,' sê יהוה. Dan sal ek dit opbring en terug draai na hierdie plek.'

**28** En dit het in daardie jaar gebeur, in die begin van die regering van Tsidkijahu, die koning van Jahuda, in die vierde jaar, in die vyfde maand, dat Hanánja, die seun van Ashshur, die profeet, wat uit Gib'on afkomstig was, met my in die Huis van יהוה in teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk gepraat en gesê het:

<sup>2</sup> "So sê יהוה van die leërske, die Elohim van Jisra'el: 'Ek het die juk van die koning van Babel gebreek.

<sup>3</sup> 'Binne twee jaar bring Ek in hierdie plek terug al die voorwerpe van die Huis van יהוה wat Nebukadnétzar, die koning van Babel, uit hierdie plek weggeneem en na Babel gegaan het.

<sup>4</sup> 'En Jegónja, die seun van Jahójakim, die koning van Jahuda, en al die ballinge van Jahuda wat na Babel gegaan het, bring Ek na hierdie plek terug,' sê יהוה, 'want Ek sal die juk van die koning van Babel verbreek.'

<sup>5</sup> Toe het die profeet Jirmejahu met die profeet Hanánja in teenwoordigheid van die priesters en van die hele volk wat in die huis van יהוה gestaan het, gepraat

<sup>6</sup> en die profeet Jirmejahu het gesê: "Omēn! Mag יהוה so doen! Mag יהוה jou woorde bevestig wat jy geprofeteer het, deur die voorwerpe van die Huis van יהוה en al die ballinge uit Babel na hierdie plek terug te bring!

<sup>7</sup> "Maar luister nou na hierdie woord wat ek voor jou ore en voor die ore van die hele volk sê:

<sup>8</sup> "Die profete wat voor my en voor jou daar was, van ouds af, het geprofeteer teen magtige lande en teen groot koninkryke van oorlog en teespoed en pes.

<sup>9</sup> "Die profeet wat profeteer van vrede - wanneer die woord van die profeet uitkom, sal die profeet bekend word wat יהוה waarlik gestuur het."

<sup>10</sup> En die profeet Hanánja het die juk van die nek van die profeet Jirmejahu afge- neem en dit gebreek.

<sup>11</sup> En Hanánja het in teenwoordigheid van die hele volk gepraat en gesê: "So sê יהוה: 'So sal Ek die juk van Nebuḳadnétstsar, die koning van Babel, binne twee jaar, van die nek van al die nasies breek.'" En die profeet Jirmejahu het weggegaan.

<sup>12</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu gekom, nadat die profeet Hanánja die juk van die nek van die profeet Jirmejahu afgeneem en gebreek het, en gesê:

<sup>13</sup> "Gaan en praat met Hanánja en sê: 'So sê יהוה: "Jy het houtjukke gebreek, maar jy moet ysterjukke in die plek daarvan maak."

<sup>14</sup> 'Want so sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: "Ek het 'n ysterjuk op die nek van al hierdie nasies gelê om Nebuḳadnétstsar, die koning van Babel, te dien. En hulle sal hom dien. En selfs die diere van die veld het Ek aan hom gegee.'" "

<sup>15</sup> En die profeet Jirmejahu het aan die profeet Hanánja gesê: "Luister asseblief, Hanánja! יהוה het jou nie gestuur nie, maar jy het hierdie volk op leuens laat vertrou.

<sup>16</sup> "Daarom, so sê יהוה: 'Kyk, Ek stuur jou van die aarde af weg. Hierdie jaar sal jy sterf, omdat jy afval van יהוה ver-kondig het.'" "

<sup>17</sup> En die profeet Hanánja het in daardie jaar, in die sewende maand, gesterf.

**29** En dit is die woorde van die brief wat die profeet Jirmejahu uit Jerushalajim na die oorblywende oudstes van die ballinge en na die priesters en die profete en na die hele volk wat Nebuḳadnétstsar uit Jarushalajim in ballingskap na Babel weggevoer het, gestuur het -

<sup>2</sup> ná die uittog van die koning Jegónja en die koningin en die hofdienaars, die vorse- te van Jahuda en Jarushalajim, en die vakmanne en die smede, uit Jarushalajim -

<sup>3</sup> deur die hand van El'ása, die seun van Shafan, en Gemárja, die seun van Hilkí- jah, wat Tsidkijahu, die koning van Jahu- da, na Nebuḳadnétstsar, die koning van Babel, na Babel gestuur het, om te sê:

<sup>4</sup> "So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el, aan al die ballinge wat Ek uit Jarushalajim na Babel verban het:

<sup>5</sup> 'Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.

<sup>6</sup> 'Neem vrouens en bring seuns en dogters voort. En neem vrouens vir julle seuns en gee julle dogters aan mans, dat hulle seuns en dogters baar, en ver- meerder daar, en moenie verminder nie.

<sup>7</sup> 'En soek die vrede van die stad waarheen Ek julle verban het, en bid tot יהוה daarvoor, want in sy vrede sal julle vrede hê.'

<sup>8</sup> "Want so sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: 'Laat julle profete en julle waarsêers wat onder julle is, julle nie bedrieg nie, en moenie na julle dromers wat vir julle droom, luister nie.

<sup>9</sup> 'Want hulle profeteer vir julle vals in My Naam. Ek het hulle nie gestuur nie,' sê יהוה.

<sup>10</sup> "Want so sê יהוה: "Wanneer sewentig jaar vir Babel verby is, sal Ek julle besoek en aan julle My goeie woord vervul om julle na hierdie plek terug te bring.

<sup>11</sup> 'Want Ek weet watter planne Ek vir julle beraam,' sê יהוה, 'planne van vrede en nie van teëspoed nie, om julle 'n toekoms en 'n verwagting te gee.

<sup>12</sup> 'Dan sal julle My aanroep en kom en tot My bid, en Ek sal na julle luister.

<sup>13</sup> 'En julle sal My soek en vind wanneer julle met julle hele hart na My vra.

<sup>14</sup> 'En Ek sal deur julle gevind word,' sê יהוה, 'en Ek sal julle ballingskap verander en julle versamel uit al die hei-dennasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het,' sê יהוה. 'En Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle verban het.'

<sup>15</sup> "Omdat julle gesê het: יהוה het vir ons profete in Babel opgerig' -



## JIRMEJAHU 30

<sup>16</sup> so sê יהוה oor die koning wat op die troon van Dawid sit, en oor die hele volk wat in hierdie stad woon, julle broers wat nie saam met julle in ballingskap uitgetrek het nie,

<sup>17</sup> so sê יהוה van die leërskaare: 'Kyk, Ek stuur die swaard, die hongersnood en die pes onder hulle, en Ek sal hulle soos bedorwe vye maak wat te sleg is om te eet.

<sup>18</sup> 'En Ek sal hulle agtervolg met die swaard, die hongersnood en die pes. En Ek sal hulle *iets* sleg maak vir al die koninkryke van die aarde, 'n vloek, en 'n verbasing, en 'n bespotting en en 'n vernedering onder al die volke waarheen Ek hulle verdryf het;

<sup>19</sup> 'Want hulle het nie na My woorde geluister nie,' sê יהוה, 'wat Ek met My dienaars, die profete, na hulle gestuur het, vroeg opgestaan en gestuur, sonder dat julle geluister het,' sê יהוה.

<sup>20</sup> 'Luister julle dan na die woord van יהוה, al julle ballinge wat Ek uit Jarushalajim na Babel weggestuur het!

<sup>21</sup> "So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'ël, aangaande Agab, die seun van Kolája, en aangaande Tsidkijahu, die seun van Maáséja, wat vir julle in My Naam leuens profeteer: 'Kyk, Ek gee hulle in die hand van Nebu-kadrétstsar, die koning van Babel, en hy sal hulle voor julle oë verslaan.

<sup>22</sup> 'En aan hulle sal 'n vloek ontleen word by al die ballinge van Jahuda wat in Babel is, deur te sê: "Mag יהוה jou soos Tsidkijahu en soos Agab maak wat die koning van Babel in die vuur gebraai het!"

<sup>23</sup> 'Want hulle het 'n bose daad in Jisra'ël begaan en owerspel met die vrouens van hulle naaste bedryf en 'n leuenwoord in My Naam verkondig, wat Ek hulle nie beveel het nie. En Ek is die Een wat weet en getuie is,' sê יהוה.

<sup>24</sup> 'En jy moet met Shemájahu, die Nehelamiet praat en sê:

<sup>25</sup> "So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'ël: 'Omdat jy 'n brief in

jou naam na die hele volk wat in Jarushalajim is, en na Tsafanja, die seun van Maáséja, die priester, en na al die priesters gestuur het met die woorde:

<sup>26</sup> "יהוה het jou in die plek van die priester Jahójada as priester aangestel, dat daar opsigters kan wees in die Huis van יהוה oor elkeen wat kranksinnig is en as profeet optree, dat jy hom in die blok en in die nekyster kan sit.

<sup>27</sup> "Waarom het jy Jirmejahu van Anatot, wat by julle as 'n profeet optree, dan nie bestraf nie?

<sup>28</sup> "Want hy het na ons in Babel gestuur en gesê: 'Dit sal lank duur. Bou huise en woon, en plant tuine aan en eet die vrugte daarvan.'"

<sup>29</sup> En Tsafanja, die priester, het hierdie brief voor die ore van die profeet Jirmejahu gelees.

<sup>30</sup> Toe het die woord van יהוה na Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>31</sup> "Stuur aan al die ballinge en sê: 'So sê יהוה aangaande Shemája, die Nehelamiet: "Omdat Shemája vir julle geprofeteer het, en Ek hom nie gestuur het nie, en hy julle op leuens laat vertrou het,"

<sup>32</sup> daarom, so sê יהוה: "Kyk, Ek bring straf oor Shemája, die Nehelamiet, en oor sy saad: hy sal niemand hê wat onder hierdie volk woon nie, en hy sal die goeie nie sien wat Ek aan My volk sal doen nie," sê יהוה, "want hy het teen יהוה afval verkondig.'"

**30** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het:

<sup>2</sup> "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: 'Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek vir jou gesê het.

<sup>3</sup> 'Want kyk, daar kom dae,' sê יהוה, 'dat Ek die ballingskap van My volk Jisra'ël en Jahuda sal verander,' sê יהוה, 'en Ek sal hulle in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het terugbring, en hulle sal dit in besit neem.'"

<sup>4</sup> En dit is die woorde wat יהוה oor Jisra'ël en Jahuda gesê:

<sup>5</sup> "Want so sê יהוה: 'Ons het 'n stem van angstigheid gehoor, daar is vrees en

geen vrede nie!

<sup>6</sup> 'Vra tog, en kyk of 'n man geboorte gee? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat geboorte gee, en alle gesigte het bleek geword?

<sup>7</sup> 'O! Want die dag is groot, sonder gelyke! En dit is 'n tyd van Jaakob se benoudheid, maar hy sal daaruit verlos word.

<sup>8</sup> 'En dit sal op daardie dag gebeur,' sê יהוה van die leërske, dat Ek sy juk van jou nek afbreek en jou stroppe stukkend ruk, en hy sal vreemdes nie meer dien nie.

<sup>9</sup> 'En hulle sal יהוה hulle Elohim dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal oprig.

<sup>10</sup> 'En jy moenie bang wees nie, My dienaar Jaakob,' sê יהוה, 'en moenie verslae wees nie, Jisra'el! Want kyk, Ek verlos jou uit ver plekke en jou saad uit die land van hulle ballingskap. En Jaakob sal terugkom en stil en gerus wees en niemand sal hom skrikmaak nie.

<sup>11</sup> 'Want Ek is met jou,' sê יהוה, 'om jou te verlos. Want Ek sal 'n totale einde maak aan al die heidennasies<sup>x</sup> waarheen Ek jou verstrooi het, maar aan jou sal Ek geen totale einde maak nie. Maar Ek sal jou straf met oordeel, jy sal nie ongestraf laat nie.'

<sup>12</sup> 'Want so sê יהוה: 'Jou verbreking is ongeneeslik, jou wond is ernstig.

<sup>13</sup> 'Niemand verdedig jou saak om jou te verbind nie. Daar is geen genesende medisyne vir jou nie.

<sup>14</sup> 'Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie. Want Ek het jou geslaan soos 'n vyand slaan, met 'n wrede tugtiging, omdat jou boosheid groot is, jou sondes is baie.

<sup>15</sup> 'Waarom skreeu jy oor jou verbreking? Jou smart is ongeneeslik. Omdat jou boosheid groot is, jou sondes baie is, het Ek hierdie dinge aan jou gedoen.

<sup>x</sup> Sien 46:28; Jes 34:2; 45:17; Dan 2:44; Amos 9:8; Haq̄ 2:22.

<sup>16</sup> 'Nietemin, almal wat jou opeet, sal opgeëet word. En al jou teëstanders, elkeen van hulle, sal in gevangenskap gaan. En hulle wat jou plunder, sal geplunder word, en Ek sal almal wat jou buitmaak, oorgee as 'n buit.

<sup>17</sup> 'Want Ek sal geneesing vir jou bewerk en jou van jou wonde genees,' sê יהוה; 'want hulle jou 'n verstoteling genoem en gesê: "Dit is Tsjion, niemand vra na haar nie."

<sup>18</sup> "So sê יהוה: 'Kyk, Ek draai die ballingskap van die tente van Jaakob terug en ontferm My oor sy wonings. En die stad sal op sy hoop herbou word, en die paleis sal op sy regte plek staan.

<sup>19</sup> 'En uit hulle sal danksegging opgaan en 'n stem van laggendes. En Ek sal hulle vermeerder, en hulle sal nie verminder nie. En Ek sal hulle verhef, en hulle sal nie gering wees nie.

<sup>20</sup> 'En sy seuns sal soos vroeër wees, en sy vergadering sal voor My bestendig wees. En Ek sal al sy verdrukkers straf.

<sup>21</sup> 'En sy Prins sal uit hom afkomstig wees, en sy Regeerder uit sy midde voortkom. En Ek sal hom laat aankom, en hy sal nader kom na My toe. Want wie is hy tog wat sy lewe waag om nader te kom na My toe?' sê יהוה.

<sup>22</sup> 'En julle sal My volk wees, en Ek sal julle Elohim wees.'

<sup>23</sup> Kyk, 'n storm van יהוה, grimmigheid het uitgegaan, 'n warrelende storm! Op die kop van die bose mense breek dit los.

<sup>24</sup> Die toorn gloed van יהוה sal nie weggedraai word, totdat Hy die planne van Sy hart uitgevoer en tot stand gebring het nie. Teen die laaste dae sal julle dit verstaan.<sup>y</sup>

**31** "In daardie tyd," sê יהוה, "sal Ek Elohim vir al die stamme van Jisra'el wees, en hulle sal My volk wees."

<sup>2</sup> So sê יהוה: "Die volk wat van die swaard vrygeraak het, het guns in die woestyn gevind, Jisra'el, op weg om sy rus te geniet."

<sup>y</sup> Sien 23:20

## JIRMEJAHU 31

<sup>3</sup> יהוה het uit die verte aan my verskyn: “Ja, Ek het jou liefgehad met ’n ewige liefde, daarom sal Ek jou trek met guns.

<sup>4</sup> “Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, jongvrou van Jisra’ël! Jy sal jou weer met jou tamboeryne versier en in danse van die wat juig uitgaan.

<sup>5</sup> “Jy sal weer wingerde op die berge van Shomaron plant. Die planters sal plant en dit sal alledaags wees.

<sup>6</sup> “Want daar is ’n dag wat die wagters op die berge van Efrajim sal roep: ‘Staan op en laat ons na Tsjion optrek, na יהוה ons Elohim.’”

<sup>7</sup> Want so sê יהוה: “Jubel van vreugde oor Jaäkob, en juig oor die leier van die nasies. Laat dit hoor, sing lof en sê: ‘יהוה’, verlos U volk, die oorblyfsel van Jisra’ël!’

<sup>8</sup> “Kyk, Ek bring hulle aan uit die land van die noorde en sal hulle bymekaar maak van die uithoeke van die aarde, en onder hulle blindes en lammes, swangeres en barendes, almal saam – ’n groot vergadering wat hierheen terugkeer.

<sup>9</sup> “Hulle sal kom met geweën, en met gebed sal Ek hulle lei. Ek sal hulle by waterstrome laat loop, op ’n reguit pad waarop hulle nie sal struikel nie. Want Ek sal vir Jisra’ël ’n Vader wees, en Efrajim is My eersgeborene.

<sup>10</sup> “Hoor die woord van יהוה, heiden-nasies, en verkondig in die eilande wat ver is, en sê: ‘Hy wat Jisra’ël verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos ’n herder sy kudde.’

<sup>11</sup> “Want יהוה sal Jaäkob loskoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker is as hy.

<sup>12</sup> “En hulle sal kom en op die hoogte van Tsjion jubel en stroom na die goedheid van יהוה, na die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste. En hulle wese sal wees soos ’n welbesproeide tuin, en nooit weer kwyn nie.

<sup>13</sup> “Dan sal die jongvrou haar verheug in ’n dans, en die jongmans en die oues tesaam. En Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle laat jubel

uit hulle smart.

<sup>14</sup> “En Ek sal die wese van die priesters vul met vettigheid. En My volk sal versadig word met My goedheid,” sê יהוה.

<sup>15</sup> So sê יהוה: “’n Stem is in Rama gehoor, weeklag, bitter geweën, Ragël ween oor haar kinders, sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle nie meer is nie.”

<sup>16</sup> So sê יהוה: “Weerhou jou stem van geweën en jou oë van trane, want daar is beloning vir jou arbeid,” sê יהוה, “en hulle sal uit die land van die vyand terugkeer.

<sup>17</sup> “En daar is verwagting vir jou nageslag,” sê יהוה, “en jou kinders sal t na hulle grondgebied terugkeer.

<sup>18</sup> “Ek het Efrajim duidelik gehoor weesklaag: ‘U het my getugtig en ek is getugtig soos ’n ongeleerde kalf. Draai my om, en ek sal my omdraai, want U is יהוה my Elohim.

<sup>19</sup> “Want nadat ek omgedraai het, het ek berou gehad. En nadat ek onderrig is, het ek op die dy geslaan. Ek was skaam, en selfs vernederd, omdat ek die skande van my jeug dra.’

<sup>20</sup> “Is Efrajim vir My ’n dierbare seun of ’n kind van vreugde? Want alhoewel Ek teen hom praat, dink Ek altyd aan hom. Daarom is My ingewande oor hom in beroering. Ek sal My verseker oor hom ontferm,” sê יהוה.

<sup>21</sup> “Rig vir jou merkers op, maak vir jou aanwysings, plaas jou hart op die grootpad, die pad wat jy geloop het. Draai terug, jongvrou van Jisra’ël, draai terug na hierdie stede van jou!

<sup>22</sup> “Hoe lank sal jy drentel, afvallige dogter? Want יהוה het iets nuuts op die aarde geskep: ’n Vrou sal ’n man omsluit!”

<sup>23</sup> So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra’ël: “Laat hulle weer hierdie woord in die land Jahuda en in die stede daarvan sê, wanneer Ek hulle ballingskap verander: ‘Mag יהוה jou seën, woning van geregtigheid, afgeson-derde berg!’

<sup>24</sup> "En in Jahuda en al sy stede sal die landbouers en die wat met troppe vee rondtrek almal saam woon.

<sup>25</sup> "Want Ek sal die vermoede wese vul en elke kwynende wese versadig."

<sup>26</sup> Hierop het ek wakker geword en opgekyk, en my slaap was vir my soet.

<sup>27</sup> "Kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat Ek die huis van Jisra'ël en die huis van Jahuda sal besaai met saad van mense en die saad van diere.

<sup>28</sup> "En dit sal wees soos Ek oor hulle wakker was om uit te ruk en om te gooi en te verwoes en te vernietig en skade aan te doen, so sal Ek oor hulle wakker wees om te bou en te plant," sê יהוה.

<sup>29</sup> "In daardie dae sal hulle nie meer sê: 'Die vaders het suur druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword,' nie.

<sup>30</sup> "Maar elkeen sal oor sy eie ongeregtigheid sterf. Elke mens wat die suur druiwe eet, sy tande sal stomp word.

<sup>31</sup> "Kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat Ek met die huis van Jisra'ël en die huis van Jahuda 'n nuwe verbond sal sluit,

<sup>32</sup> nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit die land Mitsrajim uit te lei nie, My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek hulle man was," sê יהוה.

<sup>33</sup> "Want dit is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Jisra'ël sal sluit," sê יהוה: "Ek sal My Tora in hulle binneste gee en dit op hulle harte skryf. En Ek sal hulle Elohim wees, en hulle sal My volk wees.

<sup>34</sup> "En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: 'Ken יהוה,' want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle," sê יהוה. "Want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."

<sup>35</sup> So sê יהוה wat die son gee as 'n lig oordag, die wette van die maan en van die sterre as 'n lig in die nag, wat die see in beroering bring, sodat sy golwe dreun – יהוה van die leërskaer is Sy Naam:

<sup>36</sup> "Indien hierdie wette voor My ver-

dwyn," sê יהוה, "dan sal die saad van Jisra'ël vir ewig ook ophou om 'n volk voor My te wees."

<sup>37</sup> So sê יהוה: "Indien die hemele daarbo gemeet en die fundamente van die aarde daaronder deursoek kan word, dan sal Ek ook die hele saad van Jisra'ël verwerp oor alles wat hulle gedoen het," sê יהוה.

<sup>38</sup> "Kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat die stad vir יהוה herbou sal word, vanaf die Toring Hanan'ël tot by die Hoekpoort.

<sup>39</sup> "En die maatlyn sal verder reguit aanloop tot by die heuwel Garêb en na Goa toe draai.

<sup>40</sup> "En die hele vallei van die lyke en van die as, en al die velde tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van die Perdepoort na die ooste, sal afgesonder aan יהוה wees. Dit sal in ewigheid nie weer uitgeruk of verwoes word nie."

**32** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het in die tiende jaar van Tsidkijahu, die koning van Jahuda, wat die agttiende jaar van Nebuqadrêtsar was.

<sup>2</sup> Die leër van die koning van Babel het Jarushalajim toe beleër, en die profeet Jirmejahu was ingeperk in die voorhof van die wag wat in die huis van die koning van Jahuda is.

<sup>3</sup> Want Tsidkijahu, die koning van Jahuda, het hom ingeperk, met die woorde: "Waarom profeteer jy en sê: 'So sê יהוה: "Kyk, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit inneem,

<sup>4</sup> en Tsidkijahu, die koning van Jahuda, sal nie uit die hand van die Kasdim ontsnap nie. Maar hy sal verseker in die hand van die koning van Babel oorgegee word, en hy sal mond tot mond met hom praat en hom oog tot oog sien,

<sup>5</sup> en hy sal Tsidkijahu na Babel neem, en daar sal hy wees totdat Ek hom besoek," sê יהוה. "Alhoewel julle teen die Kasdim veg, sal julle tog nie voorspoed hê nie?"

<sup>6</sup> En Jirmejahu het gesê: "Die woord van יהוה het na my gekom en gesê: <sup>7</sup> 'Kyk, Hanané'el, die seun van Shallum, jou

oom, kom na jou om te sê: "Koop jy my stuk grond wat in Anatot lê, want jy het die aflosreg om te koop."

<sup>8</sup> "En Ḥanáme'ël, die seun van my oom, het na my gekom volgens die woord van יהוה in die voorhof van die wag en vir my gesê: 'Koop asseblief my stuk grond wat in Anatot in die land Benjamin is, want jy het die reg van besit en jy het die aflos. Koop dit vir jou.' Toe het ek geweet dat dit die woord van יהוה was.

<sup>9</sup> "En ek het die stuk grond wat in Anatot is, van Ḥanáme'ël, die seun van my oom, gekoop en vir hom die geld afgeweeg, sewentien sikkels silwer.

<sup>10</sup> "En ek het dit in die brief geskryf en dit verseël en getuies geneem en die geld op 'n weegskaal afgeweeg.

<sup>11</sup> "Toe het ek die koopbrief geneem – die verseëelde een, volgens voorskrif en wet, en die oop een –

<sup>12</sup> en die koopbrief aan Barug, die seun van Nĕrĭja, die seun van Magsĕja, gegee voor die oë van Ḥanáme'ël, die seun van my oom, en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het, voor die oë van al die Jahudim wat in die voorhof van die wag gesit het.

<sup>13</sup> "En ek het Barug voor hulle oë beveel en gesê:

<sup>14</sup> "So sê יהוה van die leërskare, die Elohim van Jisra'ël: "Neem hierdie briewe, hierdie koopbrief, die verseëelde een sowel as hierdie oop brief, en sit hulle in 'n erdepot, dat hulle baie dae kan bly bestaan."

<sup>15</sup> "Want so sê יהוה van die leërskare, die Elohim van Jisra'ël: "Daar sal weer huise en gronde en wingerde in hierdie land gekoop word."

<sup>16</sup> "En nadat ek die koopbrief aan Barug, die seun van Nĕrĭja, gegee het, het ek tot יהוה gebid en gesê:

<sup>17</sup> "Ag, Meester יהוה, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot krag en deur U uitgestrekte arm. Daar is niks te wonderbaar vir U nie.

<sup>18</sup> "U wat guns aan duisende bewys en die ongeregtheid van die vaders

vergeld in die skoot van hulle kinders ná hulle – die Groot, die Magtige Ēl, יהוה van die leërskare is Sy Naam,

<sup>19</sup> groot in raad en magtig van daad, wie se oë oop is oor al die weë van die mensekinders om aan elkeen te gee volgens sy weë en die vrug van sy dae.

<sup>20</sup> "Wat tekens en wonders gedoen het in die land Mitsrajim, tot vandag toe, in Jisra'ël sowel as onder die mense, en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is.

<sup>21</sup> "En U volk Jisra'ël uit die land Mitsrajim deur tekens en wonders en deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm en deur 'n groot verskrikking gelei het.

<sup>22</sup> "En aan hulle die land gegee wat U met 'n eed aan hul vaders beloof het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

<sup>23</sup> "En hulle het gekom en dit in besit geneem, maar nie na U stem geluister en nie in U Tora gewandel nie. Hulle het nie alles wat U hulle beveel het om te doen, gedoen nie. Daarom het U al hierdie teëspoed oor hulle laat kom.

<sup>24</sup> "Kyk, die walle het tot by die stad gekom, om dit in te neem. En die stad is oorgegee in die hand van die Kasdim wat daarteen veg, weens die swaard en die hongersnood en die pes. En wat U gesê het, het gebeur. En kyk, U sien dit!

<sup>25</sup> "En tog het U, Meester יהוה, self aan my gesê: "Koop vir jou die stuk grond vir geld en neem getuies, terwyl die stad in die hand van die Kasdim oorgegee is!"

<sup>26</sup> "Toe het die woord van יהוה na Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>27</sup> "Kyk, Ek is יהוה, die Elohim van alle vlees. Is enigiets vir My te wonderbaar?"

<sup>28</sup> "Daarom, so sê יהוה: "Kyk, Ek gee hierdie stad oor in die hand van die Chal-deërs en in die hand van Neḅukadrĕts-tsar, die koning van Babel, en hy sal dit inneem.

<sup>29</sup> "En die Kasdim wat teen hierdie stad veg, sal kom en hierdie stad aan die brand steek en dit verbrand, saam met die huise waar hulle op die dakke vir Baäl

wierook gebrand het en vir ander elohim drankoffers uitgegiet het om My te tart.

<sup>30</sup> "Want die kinders van Jisra'ël en die kinders van Jahuda het van hulle jeug af net gedoen wat boos is in My oë. Want die kinders van Jisra'ël het My deur die werk van hulle hande net getart," sê יהוה.

<sup>31</sup> "Want hierdie stad was 'n oorsaak vir My toorn en My grimmigheid vanaf die dag dat hulle dit gebou het tot vandag toe, sodat Ek dit voor My gesig moet verwyder,

<sup>32</sup> weens al die boosheid van die kinders van Jisra'ël en van die kinders van Jahuda wat hulle gedoen het om My te tart, hulle, hulle konings, hulle leiers, hulle priesters en hulle profete en die mans van Jahuda en die inwoners van Jarushalajim.

<sup>33</sup> "En hulle het hul rug na my gedraai en nie hul gesig nie – alhoewel Ek hulle geleer het, vroeg opgestaan hulle geleer het, sonder dat hulle geluister het om onderig aan te neem.

<sup>34</sup> "En hulle het hul gruwels neergesit in die Huis wat na My Naam genoem is, om dit te verontreinig.

<sup>35</sup> "En hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die Vallei van die Seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog te offer, wat Ek hulle nie beveel het nie en wat nie in My hart opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedryf om Jahuda te laat sondig.

<sup>36</sup> "En nou, so sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël, aangaande hierdie stad waarvan julle sê: 'Dit sal in die hand van die koning van Babel oorgegee word deur die swaard en die hongersnood en die pes':

<sup>37</sup> 'Kyk, Ek vergader hulle uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in My toorn en in My grimmigheid en in groot gramskap. En Ek sal hulle na hierdie plek terugbring en hulle veilig laat woon.

<sup>38</sup> 'En hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle Elohim wees.

<sup>39</sup> 'En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My ewig te vrees, tot hulle voor-

deel en hulle kinders ná hulle.

<sup>40</sup> 'En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek nie van hulle sal omdraai om aan hulle goed te doen nie. En Ek sal My vrees in hulle harte gee, sodat hulle nie van My wegdraai nie.

<sup>41</sup> 'En Ek sal My oor hulle verheug om aan hulle goed te doen, en Ek sal hulle in hierdie land standvastig plant, met My hele hart en met My hele wese.'

<sup>42</sup> "Want so sê יהוה: Soos Ek al hierdie groot teëspoed oor hierdie volk gebring het, so bring Ek oor hulle al die goeie wat Ek oor hulle sê.

<sup>43</sup> 'En daar sal grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: "Dit is 'n wildernis, sonder mens of dier. Dit is in die hand van die Kasdim oorgegee."

<sup>44</sup> "Gronde sal hulle vir geld koop en die koopbriewe onderteken en verseël en getuies neem, in die land Binjamin en in die omstreke van Jarushalajim en in die stede van Jahuda en in die stede van die berge en in die stede van die Laeveld en in die stede van die Suide. Want Ek sal hulle ballingskap verander,' sê יהוה."

**33** En die woord van יהוה het vir die tweede keer na Jirmejahu gekom, terwyl hy nog ingeperk was in die voorhof van die wag, en gesê:

<sup>2</sup> "So sê יהוה wat dit doen, יהוה wat dit gevorm het om dit te bevestig, יהוה is Sy Naam:

<sup>3</sup> 'Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en aan jou groot en ondeurgrondelike dinge bekend maak wat jy nie weet nie.'

<sup>4</sup> "Want so sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël, aangaande die huise van hierdie stad en die huise van die konings van Jahuda wat omgegooi is as verdediging teen die walle en die swaard

<sup>5</sup> terwyl hulle gekom het om teen die Kasdim te veg, en om dié huise te vul met die lyke van mense wat Ek verslaan het in My toorn en in My grimmigheid en oor al die boosheid van diegene oor wie Ek My gesig vir hierdie stad verberg het.

<sup>6</sup> 'Kyk, Ek bring vir die stad gesondheid en genesing en sal hulle genees en aan

## JIRMEJAHU 34

hulle openbaar oorfloedigheid vrede en standvastigheid.

<sup>7</sup> 'En Ek sal die ballingskap van Jahuda en die ballingskap van Jisra'el verander en hulle bou soos in die begin.

<sup>8</sup> 'En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid wat hulle teen My gesondig het. En Ek sal al hulle ongeregtighede vergewe wat hulle teen My gesondig en teen My oortree het.

<sup>9</sup> 'En dit sal vir My 'n naam van vreugde wees, 'n lof en 'n versiering voor al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen, en hulle sal vrees en bewee oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys.'

<sup>10</sup> "So sê יהוה: 'In hierdie plek waarvan julle sê, "Dit is verlate, sonder mens en sonder dier," in die stede van Jahuda en op die strate van Jarusalajim wat verwoes is, sonder mens en sonder inwoner en sonder dier, sal weer gehoor word

<sup>11</sup> die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: "Loof יהוה van die leërskaare, want יהוה is goed, want Sy guns is vir ewig," van die wat 'n loffer bring in die Huis van יהוה. Want Ek sal die ballingskap van die land verander soos in die begin,' sê יהוה.

<sup>12</sup> "So sê יהוה van die leërskaare: 'In hierdie plek wat verlate is, sonder mens of dier, en in al die stede daarvan sal weer 'n blyplek vir die herders wees wat troppe kleinvee laat lê.

<sup>13</sup> 'In die stede van die berge, in die stede van die Laeveld en in die stede van die Suide en in die land Binjamin en in die omstreke van Jarusalajim en in die stede van Jahuda sal die troppe kleinvee weer by die teller verbygaan,' sê יהוה.

<sup>14</sup> 'Ky, die dae kom,' sê יהוה, 'wanneer Ek die goeie woord wat Ek aangaande die huis van Jisra'el en die huis van Jahuda gesê het, tot stand sal bring.

<sup>15</sup> 'In daardie dae en in daardie tyd sal Ek 'n spruit van geregtigheid vir Dawid laat

uitspruit. En hy sal reg en geregtigheid op aarde doen.

<sup>16</sup> 'In daardie dae sal Jahuda verlos word en Jarusalajim veilig woon. En dit sal genoem word: "יהוה ons Geregtigheid."

<sup>17</sup> "Want so sê יהוה: 'Vir Dawid sal daar nie 'n man ontbreek wat op die troon van die huis van Jisra'el sit nie.

<sup>18</sup> 'En vir die priesters, die Lëwijing sal daar nie 'n man ontbreek wat voortdurend brandoffers voor My bring en graanoffers aan die brand steek en slagoffers berei nie."

<sup>19</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>20</sup> "So sê יהוה: 'Indien julle My verbond met die dag en My verbond met die nag kan breek, dat daar geen dag of nag op hulle tyd is nie,

<sup>21</sup> dan sal My verbond met Dawid, my dienaar, ook gebreek kan word, dat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie, en met die Lëwijing, die priesters, My dienaars.

<sup>22</sup> 'Soos die leër van die hemele nie getel en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal Ek die saad van My dienaar Dawid, en die Lëwijing wat My dien, vermeerder."

<sup>23</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>24</sup> "Het jy nie opgemerk wat hierdie volk sê nie, wanneer hulle sê: 'Die twee stamme wat יהוה gekies het, dié het Hy verwerp'? Dus verag hulle My volk,<sup>z</sup> wat nie meer 'n nasie voor hulle is nie.

<sup>25</sup> "So sê יהוה: 'Indien Ek My verbond met dag en nag, die wette van hemel en aarde, nie vasgestel het nie,

<sup>26</sup> dan sal Ek ook die saad van Jaakob en van My dienaar Dawid verwerp, sodat Ek nie uit sy saad regeerders sal neem oor die saad van Abraham, Jitsjak en Jaakob nie. Want Ek sal hulle ballingskap verander en My oor hulle ontferm."

**34** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het, toe Nebukadnetsar,

<sup>z</sup> Teh 83:3-4; Jeh 28:24-26; 36:2-6.

die koning van Babel, en sy hele leër en al die koninkryke van die land onder sy regering en al die volke teen Jarushalajim en al die stede daarvan oorlog gevoer het, en gesê:

<sup>2</sup> "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: 'Gaan en praat met Tsidkijahu, die koning van Jahuda, en sê vir hom: 'So sê יהוה: "Kyk, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit met vuur verbrand.

<sup>3</sup> 'En jy sal uit sy hand nie ontsnap nie, maar verseker gegryp en in sy hand gegee word. En jy sal die koning van Babel oog tot oog sien, en mond tot mond sal hy met jou praat; en jy sal na Babel gaan.'"

<sup>4</sup> "Maar hoor die woord van יהוה, Tsidkijahu, koning van Jahuda! So sê יהוה aangaande jou: 'Jy sal nie deur die swaard sterf nie.

<sup>5</sup> 'Jy sal in vrede sterf, en net soos die verbrandings vir jou vaders, die vorige konings wat voor jou was, sal hulle vir jou aansteek en jou betreur met: "Ag, meester!" Want Ek het die woord gesê," sê יהוה.

<sup>6</sup> En die profeet Jirmejahu het al hierdie woorde aan Tsidkijahu, die koning van Jahuda, in Jarushalajim meegedeel,

<sup>7</sup> terwyl die leër van die koning van Babel oorlog teen Jarushalajim en teen al die stede van Jahuda wat oor was, gevoer het, teen Lagish en teen Asëka. Want hulle het as vesting stede oorgebly onder die stede van Jahuda.

<sup>8</sup> Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het nadat koning Tsidkijahu 'n verbond gesluit het met die hele volk wat in Jarushalajim was, om vir hulle 'n vrylating uit te roep,

<sup>9</sup> dat elkeen sy slaaf en sy slavin, 'n Ibri man of Ibri vrou, vry moet laat weggaan, sodat niemand 'n Jahudi, sy broer, vir hom sou verslaaf nie.

<sup>10</sup> En toe al die leiers en die hele volk wat die verbond aangegaan het, gehoor het dat elkeen sy slaaf en sy slavin vry moes laat weggaan, sodat hulle nie meer

verslaaf sou wees nie, het hulle gehoor gegee en hulle laat weggaan.

<sup>11</sup> Maar daarna het hulle weer die slawe en slavinne laat terugkom wat hulle vry laat weggaan het, en hulle as slawe en slavinne onderdanig gemaak.

<sup>12</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu van יהוה gekom en gesê:

<sup>13</sup> "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: 'Ek het 'n verbond gesluit met julle vaders op die dag toe Ek hulle uit die land Mitsrajim, uit die slawehuis, gelei het, met die woorde:

<sup>14</sup> "Aan die einde van sewe jaar moet julle elkeen sy broer, die Ibri wat aan jou verkoop is laat weggaan. En wanneer hy jou ses jaar lank gedien het, jy moet hom as vryman van jou af laat weggaan." Maar julle vaders het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie.

<sup>15</sup> 'En julle het vandag omgedraai en gedoen wat reg is in My oë, om 'n vrylating uit te roep, elkeen vir sy naaste. En julle het 'n verbond voor My gesluit, in die huis wat na My Naam genoem is.

<sup>16</sup> 'Maar julle het weer gedraai en My Naam geskend, en elkeen het sy slaaf en sy slavin wat julle vry laat weggaan het volgens hulle begeerte, laat terugkom, en julle het hulle onderdanig gemaak om julle slawe en slavinne te wees.'

<sup>17</sup> "Daarom, so sê יהוה: 'Julle het nie na My geluister om 'n vrylating elkeen vir sy broer en vir sy naaste uit te roep nie. Kyk, Ek roep 'n vrylating uit,' sê יהוה, 'vir die swaard, vir die pes en vir die hongersnood, en Ek sal julle 'n verskrikking maak vir al die koninkryke van die aarde.

<sup>18</sup> 'En Ek sal die mans wat My verbond oortree het, wat die woorde van die verbond wat hulle voor My gesluit het, nie gehou het nie, maak soos die kalf wat hulle in twee stukke gesny het en tussen die stukke waarvan hulle deurgegaan het:

<sup>19</sup> die leiers van Jahuda en die leiers van Jarushalajim, die hofdiensars en die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf



deurgegaan het.

<sup>20</sup> 'En Ek sal hulle in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek gee. En hulle lyke sal as voedsel vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde dien.

<sup>21</sup> 'En Ek sal Tsidkijahu, die koning van Jahuda, en sy leiers oorgee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek, aan die leër van die koning van Babel wat van julle af opgetrek het.

<sup>22</sup> 'Kyk, Ek beveel,' sê יהוה, 'en sal hulle na hierdie stad terugbring, en hulle sal daarteen veg en dit inneem en met vuur verbrand. En Ek sal die stede van Jahuda 'n wildernis maak, sonder inwoner.'

**35** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het in die dae van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda en gesê het:

<sup>2</sup> "Gaan na die huis van die Rëgabiete en praat met hulle en bring hulle in die Huis van יהוה, in een van die kamers en gee hulle wyn om te drink."

<sup>3</sup> En ek het Jaásánja, die seun van Jirmejahu, die seun van Həbatstsinja, geneem en sy broers en al sy seuns en die hele huis van die Rëgabiete,

<sup>4</sup> en ek het hulle in die huis van יהוה gebring, in die kamer van die seuns van Hənan, die seun van Jigdáljahu, die man van Elohim, wat langs die kamer van die leiers is, bo die kamer van Maəsəjahu, die seun van Shallum, die deurwagter.

<sup>5</sup> En ek het voor die kinders van die huis van die Rëgabiete kanne vol wyn en bekere neergesit en aan hulle gesê: "Drink wyn."

<sup>6</sup> Maar hulle het gesê: "Ons drink geen wyn nie, want Jonadaḅ, die seun van Rëgaḅ, ons vader, het ons beveel en gesê: 'Julle mag geen wyn drink, julle en julle kinders, tot in ewigheid nie.'

<sup>7</sup> "Julle mag ook geen huis bou of saad saai of wingerd plant of dit besit nie, maar julle moet in tente woon al julle dae, sodat julle baie dae mag lewe in die land waar julle as vreemdelinge vertoef."

<sup>8</sup> "En ons het geluister na die stem van ons vader Jonadaḅ, die seun van Rëgaḅ, in alles wat hy ons beveel het, om geen wyn te drink al ons dae nie, ons, ons vrouens, ons seuns en ons dogters;

<sup>9</sup> en geen huise te bou om in te woon nie. Ons het geen wingerd of landerye of saad nie.

<sup>10</sup> "En ons het in tente gewoon en geluister en gedoen net soos ons vader Jonadaḅ ons beveel het.

<sup>11</sup> "En dit het gebeur toe Neḅukadrétsar, die koning van Babel, na die land opgetrek het, het ons gesê: 'Kom, laat ons na Jarushalajim gaan uit vrees vir die leër van die Kasdim en uit vrees vir die leër van Aram.' So bly ons dan in Jarushalajim."

<sup>12</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>13</sup> "So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: 'Gaan, en jy moet aan die mans van Jahuda en die inwoners van Jarushalajim sê: "Wil julle geen onderrig neem om na My woorde te luister nie?" sê יהוה.'

<sup>14</sup> "Die woorde van Jonadaḅ, die seun van Rëgaḅ, wat hy sy kinders beveel het om geen wyn te drink nie, het hulle uitgevoer, want tot vandag toe het hulle geen wyn gedrink nie, maar geluister na die bevel van hulle vader. En Ek het met julle gepraat, vroeg opgestaan en gepraat, maar julle het nie na My geluister nie.

<sup>15</sup> "En Ek het na julle al my dienaars, die profete gestuur, vroeg opgestaan en gestuur, om te sê: 'Draai elkeen van sy bouse weg en maak julle dade goed en moenie agter ander elohim aanloop om hulle te dien nie, en julle sal in die land wat Ek aan julle en julle vaders gegee het, bly. Maar julle het geen gehoor gegee of na My geluister nie.'

<sup>16</sup> "Selfs, die seuns van Jonadaḅ, die seun van Rëgaḅ, het die bevel van hulle vader uitgevoer wat hy hulle beveel het, maar hierdie volk luister nie na My nie."

<sup>17</sup> "Daarom, so sê יהוה, die Elohim van

die leërskaar, die Elohim van Jisra'el: 'Kyk, Ek bring oor Jahuda en oor al die inwoners van Jarushalajim al die teëspoed wat Ek teen hulle gespreek het, omdat Ek met hulle gepraat het, maar hulle nie geluister het nie, en Ek het hulle geroep, maar hulle het nie geantwoord nie.'"

<sup>18</sup> En Jirmejahu het vir die huis van die Rëgabim gesê: "So sê יהוה van die leërskaar, die Elohim van Jisra'el: 'Omdat julle geluister het na die bevel van julle vader Jonadab en al sy bevele gehou en gedoen het net soos hy julle beveel het, <sup>19</sup> daarom, so sê יהוה van die leërskaar, die Elohim van Jisra'el: "Vir Jonadab, die seun van Rëgab, sal nooit 'n man ontbreek wat altyd voor My sal staan nie.'"

**36** En in die vierde jaar van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, het hierdie woord na Jirmejahu van יהוה gekom en gesê:

<sup>2</sup> "Neem vir jou 'n boekrol en skryf daarop al die woorde wat Ek vir jou gesê het oor Jisra'el en Jahuda en oor al die nasies, van die dag af dat Ek met jou gepraat het, van die dae van Joshijahu af, tot vandag toe.

<sup>3</sup> "Moontlik sal die huis van Jahuda luister na al die teëspoed wat Ek van plan is om aan hulle te doen, sodat elkeen omdraai van sy bose weg en Ek sal hulle ongeregtigheid en hulle sonde vergewe."

<sup>4</sup> En Jirmejahu het Barug, die seun van Nërjaja, geroep. En Barug het op 'n boekrol geskryf, uit die mond van Jirmejahu, al die woorde van יהוה wat Hy vir hom gesê het.

<sup>5</sup> En Jirmejahu het Barug beveel en gesê: "Ek is ingeperk, ek kan nie in die Huis van יהוה gaan nie.

<sup>6</sup> "Maar, gaan jy en lees uit die rol wat jy uit my mond geskryf het, die woorde van יהוה voor die ore van die volk in die Huis van יהוה, op die vasdag. En jy moet dit ook lees voor die ore van die hele Jahuda wat uit hulle stede kom.

<sup>7</sup> "Moontlik sal hulle smeking voor יהוה bring en sal hulle elkeen omdraai van sy

bose weg. Want groot is die toorn en die grimmigheid wat יהוה teen hierdie volk uitgespreek het."

<sup>8</sup> En Barug, die seun van Nërjaja, het alles gedoen soos die profeet Jirmejahu hom beveel het deur uit die boek die woorde van יהוה, in die huis van יהוה, te lees

<sup>9</sup> En dit het in die vyfde jaar van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda, in die negende maand, gebeur dat hulle 'n vasdag voor יהוה uitgeroep het vir die hele volk in Jarushalajim en die hele volk wat uit die stede van Jahuda in Jarushalajim gekom het.

<sup>10</sup> En Barug het uit die boek gelees die woorde van Jirmejahu, in die Huis van יהוה, in die kamer van Gemárjahu, die seun van Shafan, die skrywer, in die boonste voorhof by die ingang van die Nuwe Poort van die Huis van יהוה, voor die ore van die hele volk.

<sup>11</sup> En Migájahu, die seun van Gemárjahu, die seun van Shafan, het al die woorde van יהוה uit die boek gehoor,

<sup>12</sup> en hy het na die huis van die koning afgegaan, in die kamer van die skrywer. En daar het al die leiers gesit: Elisháma, die skrywer, en Delájahu, die seun van Shemájahu, en Élnatan, die seun van Akbor, en Gemárjahu, die seun van Shafan, en Tsidkijahu, die seun van Hanánjahu, en al die leiers.

<sup>13</sup> En Migájahu het aan hulle al die woorde vertel wat hy gehoor het toe Barug uit die boek voor die ore van die volk gelees het.

<sup>14</sup> Toe het al die leiers Jehúdi, die seun van Netánjahu, die seun van Shelémjahu, die seun van Kushi, na Barug gestuur, en gesê: "Neem die rol, waaruit jy voor die ore van die volk gelees het, in jou hand en kom." Daarop het Barug, die seun van Nërjaja, die rol in sy hand geneem, en by hulle gekom.

<sup>15</sup> En hulle het vir hom gesê: "Sit tog en lees dit voor ons ore." En Barug het voor hulle ore gelees.

<sup>16</sup> En dit het gebeur. toe hulle al die

## JIRMEJAHU 37

woorde gehoor het, het hulle mekaar verskrik aangekyk en vir Barug gesê: "Ons moet al hierdie woorde verseker aan die koning vertel."

<sup>17</sup> En hulle het Barug gevra en gesê: "Vertel ons tog hoe het jy al hierdie woorde opgeskryf? Uit sy mond?"

<sup>18</sup> En Barug het aan hulle gesê: "Uit sy mond het hy al hierdie woorde aan my gesê, en ek het hulle met ink in die boek geskryf."

<sup>19</sup> Toe het die vorste vir Barug gesê: "Gaan, kruip weg, jy en Jirmejahu, en laat niemand weet waar julle is nie."

<sup>20</sup> En hulle het na die koning in die voorhof gegaan. Maar die rol het hulle weggesit in die kamer van Elisháma, die skrywer, en al die woorde voor die ore van die koning vertel.

<sup>21</sup> Die koning het Jehúdi toe gestuur om die rol te bring en hy het dit geneem uit die kamer van Elisháma, die skrywer. En Jehúdi het dit voor die ore van die koning en van al die leiers wat by die koning staan, gelees.

<sup>22</sup> En die koning het in die winterhuis gesit, in die negende maand, met die brandende vuurpan voor hom.

<sup>23</sup> En dit het gebeur, wanneer Jehúdi drie of vier kolomme gelees het, dat hy dit met die mes van 'n skrywer stukkend gesny en in die vuur gegooi wat op die vuurpan was, totdat die hele rol in die vuur op die vuurpan verteer was.

<sup>24</sup> En die koning en al sy dienaars wat al hierdie woorde gehoor het was nie verskrik nie en het nie hulle klere geskeur nie.

<sup>25</sup> En selfs Élnatan en Delájahu en Gemárjahu het by die koning daarop aangedring om nie die rol te verbrand nie, maar hy het nie na hulle geluister nie.

<sup>26</sup> En die koning het Jerágmé'él, die seun van die koning, en Sarajahu, die seun van Asri'él, en Shelémjahu, die seun van Abde'él, beveel om die skrywer Barug en die profeet Jirmejahu te vang. Maar יהוה het hulle versteek.

<sup>27</sup> En die woord van יהוה het na

Jirmejahu gekom, nadat die koning die rol verbrand het met die woorde wat Barug uit die mond van Jirmejahu opgeskryf het, en gesê:

<sup>28</sup> "Neem jy weer 'n ander rol en skryf daarop al die vorige woorde wat op die eerste rol was, wat Jahójakim, die koning van Jahuda, verbrand het.

<sup>29</sup> "En sê Jahójakim, die koning van Jahuda: 'So sê יהוה: "Jy het hierdie rol verbrand en gesê: 'Waarom het jy daarop geskryf en gesê dat die koning van Babel verseker sal kom en hierdie land verwoes en mens en dier daar uitroei?'"

<sup>30</sup> 'Daarom, so sê יהוה aangaande Jahójakim, die koning van Jahuda: "Hy sal nooit een hê wat op die troon van Dawid sit nie, en sy lyk sal uitgegooi lê, bedags in die hitte en snags in die ryp.

<sup>31</sup> "En Ek sal hom en sy saad en sy dienaars vir hulle ongeregtheid straf. En Ek sal oor hulle en die inwoners van Jarushalajim en die mans van Jahuda al die teëspoed bring wat Ek teen hulle uitgespreek het. Maar hulle het nie geluister nie."'"

<sup>32</sup> En Jirmejahu het 'n ander rol geneem en dit aan die skrywer Barug, die seun van Nêrijahu, gegee, en hy het daarop geskryf, uit die mond van Jirmejahu, al die woorde van die boek wat Jahójakim, die koning van Jahuda, met vuur verbrand het. En nog baie soortgelyke woorde is daarby gevoeg.

**37** En koning Tsidkijahu, die seun van Joshijahu, het in die plek van Konjahu, die seun van Jahójakim regeer, wat Nebuqádrétstsar, die koning van Babel, in die land Jahuda laat regeer het.

<sup>2</sup> Maar nie hy of sy dienaars of die volk van die land, het na die woorde van יהוה, wat Hy deur die diens van die profeet Jirmejahu gesê het, geluister nie.

<sup>3</sup> En koning Tsidkijahu het Jahugal, die seun van Shelémja, en Tsafanjahu, die seun van Maáséja, die priester, na die profeet Jirmejahu gestuur en gesê: "Bid asseblief tot יהוה ons Elohim vir ons."

<sup>4</sup> Jirmejahu het toe nog in - en uitgegaan

onder die volk, want hulle het hom nog nie in die gevangenis gesit nie.

<sup>5</sup> Intussen het die leër van Par'o uit Mitsrajim vertrek. En toe die Kasdim, wat besig was om Jarushalajim te beleër, die tyding van hulle hoor, het hulle van Jarushalajim af weggetrek.

<sup>6</sup> En die woord van יהוה het na die profeet Jirmejahu gekom en gesê:

<sup>7</sup> "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: 'So moet jy aan die koning van Jahuda wat julle na My gestuur het om My te raadpleeg, sê: "Kyk, die leër van Par'o wat uitgetrek het om julle te help, sal terug draai na sy land, na Mitsrajim."

<sup>8</sup> "En die Kasdim sal terugkom en teen hierdie stad veg en dit inneem en dit met vuur verbrand."

<sup>9</sup> "So sê יהוה: 'Moenie julleself bedrieg deur te sê: "Die Kasdim sal van ons af wegtrek," want hulle sal nie wegtrek nie."

<sup>10</sup> 'Want al sou julle die hele leër van die Kasdim wat teen julle veg, verslaan, sodat daar onder hulle net swaar gewondes oorbly, dan sou hulle elkeen in sy tent opstaan en hierdie stad met vuur verbrand."

<sup>11</sup> En en dit het gebeur toe die leër van die Kasdim van Jarushalajim af weggetrek het uit vrees vir die leër van Par'o, <sup>12</sup> dat Jirmejahu Jarushalajim wou verlaat om in die land Binjamin te gaan, om daar tussen die volk sy deel te ontvang.

<sup>13</sup> En dit het gebeur toe hy in die Benjaminspoort was, dat daar 'n meester van die wag met die naam Jirija was, die seun van Shelémja, die seun van Hanánja. En hy het die profeet Jirmejahu gegryp, en gesê: "Jy gaan oor na die Kasdim!"

<sup>14</sup> Maar Jirmejahu het gesê: "Leuens! Ek gaan nie oor na die Kasdim nie." Maar hy het na hom nie geluister nie, en Jirija het Jirmejahu gegryp en hom na die leiers gebring.

<sup>15</sup> En die vorste het baie kwaad vir Jirmejahu geword en hom geslaan en hom in die gevangenis gesit in die huis van die skrywer Jahónatan. Want hulle

het 'n gevangenis daarvan gemaak.

<sup>16</sup> Toe Jirmejahu in die kerker en in die selle gegaan het, het Jirmejahu baie dae daar gebly.

<sup>17</sup> En koning Tsidkijahu het gestuur en hom laat haal. En die koning het hom in sy huis in die geheim gevra en gesê: "Is daar 'n woord van יהוה?" En Jirmejahu het gesê: "Daar is." En hy het gesê: "U word in die hand van die koning van Babel oorgelewer!"

<sup>18</sup> En Jirmejahu het aan die koning Tsidkijahu gesê: "Wat het ek teen u of teen u dienaars of teen hierdie volk gesondig, dat julle my in die gevangenis gesit het?"

<sup>19</sup> "En waar is julle profete wat vir julle geprofeteer en gesê het: 'Die koning van Babel sal nie teen julle of teen hierdie land kom nie?'"

<sup>20</sup> "Maar nou, luister asseblief, my meester die koning! Asseblief, laat my smeking voor u aanvaar word en laat my nie terugkeer na die huis van die skrywer Jónatan, dat ek daar nie sterf nie."

<sup>21</sup> Koning Tsidkijahu het toe beveel dat hulle Jirmejahu onder toesig moet hou in die voorhof van die wag en aan hom daagliks 'n skyf brood uit die Bakkerstraat moet gee, totdat al die brood van die stad op was. So het Jirmejahu in die voorhof van die wag gebly.

**38** En Shefátja, die seun van Mattan, en Gadaljahu, die seun van Pashhur, en Jugal, die seun van Shelémja, en Pashhur, die seun van Malkija, het die woorde hoor wat Jirmejahu aan die hele volk vertel en gesê het:

<sup>2</sup> "So sê יהוה: 'Wie in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard, die hongersnood of die pes, maar wie na die Kasdim uitgaan, sal lewe. En sy lewe sal vir hom 'n buit wees, en hy sal lewe.'

<sup>3</sup> "So sê יהוה: 'Hierdie stad sal verseker in die mag van die leër van die koning van Babel gegee word, en hy sal dit inneem.'

<sup>4</sup> Die leiers het toe aan die koning gesê: "Laat hierdie man asseblief dood gemaak

## JIRMEJAHU 38

word, want hy maak die hande van die krygsmanne slap wat in hierdie stad nog oor is en die hande van die hele volk deur sulke woorde vir hulle te sê. Want dié man soek nie die vrede van hierdie volk nie, maar die teespoed.”

<sup>5</sup> En koning Tsidkijahu het gesê: “Kyk, hy is in julle hand. want die koning kan niks teen julle doen nie.”

<sup>6</sup> En hulle het Jirmejahu geneem en hom in die put van Malkija, die seun van die koning, wat in die voorhof van die wag was, gegooi en hulle het Jirmejahu met toue laat afsak. En in die put was geen water nie, maar modder. En Jirmejahu het in die modder gesink.

<sup>7</sup> En Ebed-Meleg, die Kushiet, ’n hof-dienaar wat in die huis van die koning was, het gehoor dat hulle Jirmejahu in die put gegooi het. Die koning het toe in die Benjaminspoort gesit.

<sup>8</sup> En Ebed-Meleg het uit die paleis van die koning gekom en met die koning gepraat en gesê:

<sup>9</sup> “M’y meester die koning, hierdie mans het boos gehandel in alles wat hulle die profeet Jirmejahu aangedoen het, wat hulle in die put gegooi het. Hy sal ook sterf van honger op die plek waar hy is, want daar is geen brood meer in die stad nie.”

<sup>10</sup> En die koning het Ebed-Meleg, die Kushiet, beveel en gesê: “Neem dertig mans van hier met jou saam en trek die profeet Jirmejahu uit die put op voordat hy sterf.”

<sup>11</sup> Daarop het Ebed-Meleg die mans met hom saamgeneem en in die huis van die koning gegaan, onder die voorraadkamer en daarvandaan verslyte en geskeurde lappe geneem wat hy na Jirmejahu in die put met toue laat afsak het.

<sup>12</sup> En Ebed-Meleg, die Kushi, het vir Jirmejahu gesê: “Sit asseblief die verslyte en geskeurde lappe onder jou armholtes onder die toue.” En Jirmejahu het so gedoen.

<sup>13</sup> En hulle het Jirmejahu aan die toue opgetrek en hom uit die put gehaal. En

Jirmejahu het in die voorhof van die wag gebly.

<sup>14</sup> Koning Tsidkijahu het toe gestuur en die profeet Jirmejahu na hom laat bring in die derde ingang wat by die Huis van יהוה was. En die koning het vir Jirmejahu gesê: “Ek wil jou iets vra. Moenie vir my iets wegsteek nie.”

<sup>15</sup> En Jirmejahu het vir Tsidkijahu gesê: “Indien ek u dit vertel, sal u my nie verseker doodmaak nie? En indien ek u raad gee, sal u na my nie luister nie.”

<sup>16</sup> Maar koning Tsidkijahu het vir Jirmejahu in die geheim gesweer en gesê: “Soos יהוה leef wat vir ons hierdie lewe gemaak het, ek sal jou nie doodmaak en jou nie oorgee in die hand van hierdie mans wat jou lewe soek nie!”

<sup>17</sup> En Jirmejahu het vir Tsidkijahu gesê: “So sê יהוה, die Elohim van die leërskare, die Elohim van Jisra’el: ‘Indien u verseker oorgee aan die leiers van die koning van Babel, sal u wese lewe en hierdie stad sal nie met vuur verbrand word nie. En u sal lewe, u en u huis.’”

<sup>18</sup> “Maar indien u nie oorgee aan die leiers van die koning van Babel nie, sal hierdie stad in die hand van die Kasdim gegee word, en hulle sal dit met vuur verbrand, en u self sal nie uit hulle hand ontsnap nie.”

<sup>19</sup> Toe het koning Tsidkijahu vir Jirmejahu gesê: “Ek is bevrees dat hulle my in die hand van die Jahudim, wat na die Kasdim oorgeloopt het, sal oorgee en dat hulle my sal mishandel.”

<sup>20</sup> Maar Jirmejahu het gesê: “Hulle sal u nie oorgee nie. Luister asseblief na die stem van יהוה wat ek aan u sê, en dit sal goed met u gaan en u wese sal lewe.”

<sup>21</sup> “Maar, indien u weier om oor te gee, dit is die woord wat יהוה my laat sien het:

<sup>22</sup> “Kyk, al die vrouens wat in die huis van die koning van Jahuda oorgebly het, is uitgelei na die leiers van die koning van Babel, en kyk, hulle sê: “U goeie vriende het u verlei en u oorweldig; u voete het in die modder gesink; hulle het weer

weggedraai.”

<sup>23</sup> Hulle sal dan al u vrouens en u kinders na die Kasdim uitlei, en u sal self nie uit hulle hand ontsnap nie, maar u sal deur die hand van die koning van Babel gevang word, en hierdie stad sal met vuur verbrand word.”

<sup>24</sup> Tsidkijahu het toe vir Jirmejahu gesê: “Laat niemand van hierdie woorde weet nie, en jy sal nie sterf nie.

<sup>25</sup> “En indien die leiers hoor dat ek met jou gepraat het en by jou kom en aan jou sê: ‘Vertel ons nou wat jy met die koning bespreek het. Moenie dit vir ons wegsteek nie, en ons sal jou nie doodmaak nie. En wat het die koning met jou bespreek?’

<sup>26</sup> “Dan moet jy vir hulle sê: ‘Ek het my smeking voor die koning gebring, dat hy my nie moet laat terugstuur na die huis van Jónatan, om daar te sterf nie.’”

<sup>27</sup> En al die leiers het by Jirmejahu gekom en hom uitgevra. En hy het hulle ingelig volgens al hierdie woorde wat die koning beveel het. Hulle het toe stil gebly; want die saak is nie gehoor nie.

<sup>28</sup> En Jirmejahu het in die voorhof van die wag gebly tot op die dag dat Jarushalajim ingeneem is. En hy was toe Jarushalajim ingeneem is.

**39** In die negende jaar van Tsidkijahu, die koning van Jahuda, in die tiende maand, het Nebukadrétstsar, die koning van Babel, met sy hele leër teen Jarushalajim gekom en dit beleër.

<sup>2</sup> In die elfde jaar van Tsidkijahu, in die vierde maand, op die negende van die maand, is by die stad ingebreek.

<sup>3</sup> En al die leiers van die koning van Babel het ingekom en in die Middelste Poort gaan sit: Nêrgal-Sharétser, Samgar-Nêbo, Sársegim, Rábsaris, Nêrgal-Saréseer, Rabmag, en al die ander vorste van die koning van Babel.

<sup>4</sup> En dit het gebeur toe Tsidkijahu, die koning van Jahuda, en al die krygsmanne hulle gesien het, dat hulle gevlug en in die nag uit die stad getrek het op pad na die koning se tuin, deur die poort tussen

die twee mure. En hy het uitgetrek op pad na die woestyn toe.

<sup>5</sup> Maar die leër van die Kasdim het hulle agternagejaag en Tsidkijahu in die woestyn vlaktes van Jérigo ingehaal en hom gevang en hom na Nebukadrétstsar, die koning van Babel, na Ribla in die land Hamat gebring. En hy het vonnis oor hom uitgespreek.

<sup>6</sup> En die koning van Babel het die seuns van Tsidkijahu voor sy oë in Ribla geslag. Die koning van Babel het ook al die edeles van Jahuda geslag.

<sup>7</sup> En hy het Tsidkijahu se oë laat verblind en hom met koperkettings geboei om hom na Babel te bring.

<sup>8</sup> En die Kasdim het die huis van die koning en die huise van die volk met vuur verbrand, en die mure van Jarushalajim het hulle afgebreek.

<sup>9</sup> En Nebusarádan, die owerste van die wag het die deel van die volk wat in die stad oorgebly het en die oorlopers wat na hom oorgeloop het, en die deel van die volk wat oorgebly het, in ballingskap na Babel weggevoer.

<sup>10</sup> Maar Nebusarádan, die owerste van die wag, het van die arm mense wat niks gehad het nie, in die land Jahuda laat agterbly en aan hulle wingerde en landerye op daardie dag gegee.

<sup>11</sup> En Nebukadrétstsar, die koning van Babel, het aangaande Jirmejahu deur middel van Nebusarádan, die owerste van die wag, beveel en gesê:

<sup>12</sup> “Neem hom en hou jou oë op hom en doen hom geen kwaad nie, maar doen met hom soos hy jou sal sê.”

<sup>13</sup> En Nebusarádan, die owerste van die wag, en Nebusásban, Rábsaris, en Nêrgal-Sharétser, Rabmag, en al die bevelhebbers van die koning van Babel, het gestuur

<sup>14</sup> en Jirmejahu uit die voorhof van die wag laat neem en hom aan Gadaljahu, die seun van Ahikam, die seun van Shafan, gegee om hom huis toe te neem. En hy het onder die volk gebly.

<sup>15</sup> En die woord van יהוה het na Jir-

## JIRMEJAHU 40

mejahu gekom, terwyl hy in die voorhof van die wag ingeperk was, en gesê:

<sup>16</sup> "Gaan, en praat met Ebed-Meleg, die Kushiet, en sê: 'So sê יהוה van die leërs-kare, die Elohim van Jisra'el: "Kyk, Ek bring My woorde oor hierdie stad vir teëspoed en nie vir voorspoed nie, en dit sal voor jou oë wees in daardie dag.

<sup>17</sup> "En Ek sal jou in daardie dag red," sê יהוה, "en jy sal nie in die hand van die mans vir wie jy bang is, gegee word nie.

<sup>18</sup> "Want Ek sal jou verseker laat ontsnap, en jy sal nie deur die swaard val nie. Maar jou lewe sal vir jou 'n buit wees, omdat jy op My vertrou het," sê יהוה."

**40** Die woord wat na Jirmejahu van יהוה gekom het, nadat Neḅusarādan, die owerste van die wag, hom vrygelaat het uit Rama deur hom te neem, terwyl hy met kettings geboei was onder al die gevangenes van Jarushalajim en Jahuda wat in ballingskap na Babel weggevoer sou word.

<sup>2</sup> Die owerste van die wag het Jirmejahu geneem en vir hom gesê: "יהוה jou Elohim het hierdie teëspoed oor hierdie plek uitgespreek.

<sup>3</sup> "En יהוה het dit laat kom en gedoen soos Hy gesê het, omdat julle gesondig het teen יהוה en nie na Sy stem geluister het nie, daarom het dit oor julle gekom.

<sup>4</sup> "En nou, kyk, ek maak jou vandag uit die kettings wat aan jou hande is, los. Indien dit goed is in jou oë om saam met my na Babel te gaan, kom, en ek sal my oog op jou hou. Maar indien dit in jou oë verkeerd is om saam met my na Babel te kom, los dit. Kyk, die hele land lê voor jou, gaan waar dit goed en reg is in jou oë om te gaan."

<sup>5</sup> En nog voor hy omgedraai het, *het hy gesê*: "Of gaan terug na Gadalja, die seun van Aḥikam, die seun van Shafan, wat die koning van Babel oor die stede van Jahuda aangestel het, en woon by hom onder die volk, of gaan waar dit ook al reg is in jou oë om te gaan." En die owerste van die wag het vir hom padkos

en 'n geskenk gegee, en hom laat gaan.

<sup>6</sup> En Jirmejahu het na Gadalja, die seun van Aḥikam, in Mitspa gegaan en by hom gewoon onder die volk wat in die land oorgebly het.

<sup>7</sup> En al die owerstes van die leërs wat in die veld was, hulle en hulle manskappe, het gehoor dat die koning van Babel Gadaljahu, die seun van Aḥikam, oor die land aangestel het en dat hy aan hom mans en vrouens en kinders toevertrou het, en van die arm mense van die land, van die wat nie in ballingskap na Babel weggevoer is nie.

<sup>8</sup> En hulle het by Gadalja in Mitspa gekom: Jishma'el, die seun van Netanjahu, en Jōhanan en Jōnatan, die seuns van Karëag, en Saraja, die seun van Tānḥumet, en die seuns van Ofai, die Netofatiet, en Jesānjahu, die seun van die Maāgatiet, hulle en hulle mans.

<sup>9</sup> En Gadaljahu, die seun van Aḥikam, die seun van Shafan, het vir hulle en hulle mans geswee en gesê: "Moenie bang wees om die Kasdim te dien nie. Bly in die land en dien die koning van Babel, dan sal dit goed met julle gaan.

<sup>10</sup> "En ek, kyk, ek woon in Mitspa om voor die Kasdim te staan wat na ons sal kom. Maar julle, samel wyn en somervrugte en olie in en gooi dit in julle bakke, en woon in julle stede wat julle in geneem het."

<sup>11</sup> En ook al die Jahudim wat in Moab en onder die kinders van Ammon en in Edom en wat in al die lande was, het gehoor dat die koning van Babel vir Jahuda 'n oorblyfsel gelaat het, en dat hy Gadaljahu, die seun van Aḥikam, die seun van Shafan, oor hulle aangestel het.

<sup>12</sup> Toe het al die Jahudim uit al die plekke waarheen hulle verdryf was, teruggekome en in die land Jahuda na Gadaljahu gekom, in Mitspa, en hulle het groot hoeveelhede wyn en somervrugte ingesamel.

<sup>13</sup> En Jōhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leërs wat in die veld was, het na Gadaljahu in Mitspa gekom

<sup>14</sup> en vir hom gesê: "Het u geweet dat Báális, die koning van die kinders van Ammon, Jishma'ël, die seun van Netánja, gestuur het om u dood te slaan?" Maar Gadaljahu, die seun van Aḥikam, het hulle nie geglo nie.

<sup>15</sup> Toe het Jóhanan, die seun van Karëag, in die geheim met Gadaljahu in Mitspa gepraat en gesê: "Laat my asseblief gaan en Jishma'ël, die seun van Netánja, doodsla sonder dat iemand dit weet. Waarom sou hy u doodsla en die hele Jahuda wat by u versamel is, verstrooi word en die oorblyfsel van Jahuda tot niet gaan?"

<sup>16</sup> Maar Gadaljahu, die seun van Aḥikam, het vir Jóhanan, die seun van Karëag gesê: "Moenie hierdie ding doen nie, want wat jy sê van Jishma'ël is onwaar."

**41** En in die sewende maand het dit gebeur dat Jishma'ël, die seun van Netánja, die seun van Elisháma, uit die koninklike saad en uit die owerstes van die koning, en tien man saam met hom by Gadaljahu, die seun van Aḥikam, in Mitspa gekom het. En hulle het daar in Mitspa saam brood geëet.

<sup>2</sup> En Jishma'ël, die seun van Netánja en die tien mans wat by hom was, het opgestaan en hulle het Gadaljahu, die seun van Aḥikam, die seun van Shafan, met die swaard verslaan. En het hy hom wat die koning van Babel oor die land aangestel het, doodgemaak.

<sup>3</sup> En Jishma'ël het al die Jahudim verslaan wat by hom, by Gadaljahu, in Mitspa was, en die Kasdim, die krygsmanne, wat daar te vinde was.

<sup>4</sup> En op die tweede dag, nadat hy Gadaljahu doodgemaak het, en niemand geweet het nie,

<sup>5</sup> het daar mans van Shekem, van Shilo en van Shomaron, gekom. Tagtig mans, met afgeskeerde baard en geskeurde klere, wat hulleself stukkend gekerf het, en graanoffer en wierook was in hulle hand om dit na die Huis van יהוה te bring.

<sup>6</sup> En Jishma'ël, die seun van Netánja, het

uit Mitspa gegaan om hulle te ontmoet, terwyl hy heeltyd loop en huil. En toe hy hulle teëgekom het, het hy vir hulle gesê: "Kom na Gadaljahu, die seun van Aḥikam!"

<sup>7</sup> En dit het gebeur toe hulle binne-in die stad gekom het, het Jishma'ël, die seun van Netánja, hulle doodgemaak en in die put gegooi, hy en die mans wat by hom was.

<sup>8</sup> Maar onder hulle was daar tien mans wat vir Jishma'ël gesê het: "Moenie ons doodmaak nie, want ons het verborge voorrade in die veld: koring en gars en olie en heuning." Hy het toe terug gehou en hulle nie saam met hulle broers doodgemaak nie.

<sup>9</sup> En die put waar Jishma'ël al die lyke van die mans wat deur hom verslaan is, langs Gadaljahu ingegooi het, was dié wat koning Asa gemaak het uit vrees vir Baasha, die koning van Jisra'ël - Jishma'ël, die seun van Netánja, het dit vol gemaak met die wat verslaan was.

<sup>10</sup> En Jishma'ël het die hele oorblyfsel van die volk wat in Mitspa was, as gevanges weggevoer, die dogters van die koning en die hele volk wat in Mitspa oorgebly het, wat Neḅusarádan, die owerste van die wag, aan Gadaljahu, die seun van Aḥikam, toevertrou het. Jishma'ël, die seun van Netánja, het hulle as gevanges weggevoer en hy het gegaan om oor te gaan na die kinders van Ammon.

<sup>11</sup> Maar Jóhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leër wat by hom was, het gehoor al die teespoed wat Jishma'ël, die seun van Netánja, aangerig het,

<sup>12</sup> en hulle het al die mans geneem en gegaan om teen Jishma'ël, die seun van Netánja, te veg. En hy het was by die groot water wat by Giḅ'on is.

<sup>13</sup> En dit het gebeur toe die hele volk wat by Jishma'ël was, Jóhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leër saam met hom gesien het, dat hulle bly was.



## JIRMEJAHU 42

<sup>14</sup> En die hele volk wat Jishma'ël uit Mitspa as gevangenes weggevoer het, het omgedraai en weer oorgevloer na Jóhanan, die seun van Karëag.

<sup>15</sup> Maar Jishma'ël, die seun van Netánja, het van Jóhanan ontsnap saam met agt mans en weggetrek na die kinders van Ammon.

<sup>16</sup> Toe het Jóhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leër wat by hom was, die hele oorblyfsel van die volk geneem wat Jishma'ël, die seun van Netánja, uit Mitspa as gevangenes weggevoer het, nadat hy Gadaljahu, die seun van Aḥikam, verslaan het – krygsmanne, en vrouens en kinders en hofdienaars, wat hy van Gí'ón teruggebring het.

<sup>17</sup> En hulle het weggetrek en in Gerut-Kimham wat naby Bêt Leḥem lê oorgebly, om verder na Mitsrajim te trek,

<sup>18</sup> weens die Kasdim. Want hulle was vir hulle bang, omdat Jishma'ël, die seun van Netánja, Gadaljahu, die seun van Aḥikam, doodgeslaan het, wat deur die koning van Babel oor die land aangestel was.

**42** Toe het al die owerstes van die leër, en Jóhanan, die seun van Karëag, en Jesanja, die seun van Hoshája, en die hele volk, klein en groot, aangekom

<sup>2</sup> en aan die profeet Jirmejahu gesê: "Ons smEEK u, laat ons versoek aanvaarbaar wees voor u en bid tot יהוה u Elohim vir ons, vir hierdie hele oorblyfsel, want ons is min uit baie wat oorgebly het, soos u oë ons sien.

<sup>3</sup> "En laat יהוה u Elohim ons wys die weg wat ons moet gaan, en die woord wat ons moet doen."

<sup>4</sup> En die profeet Jirmejahu het vir hulle gesê: "Ek het gehoor. Kyk, ek sal tot יהוה julle Elohim bid volgens julle woorde, en alles wat יהוה julle ant-woord, sal ek julle vertel. Ek sal niks van julle weerhou nie."

<sup>5</sup> En hulle het vir Jirmejahu gesê: "Laat יהוה u ware en geloofwaardige getuie teen ons wees indien ons nie doen ooreenkomstig elke woord wat יהוה u Elohim deur u na ons sal stuur nie.

<sup>6</sup> "Of dit goed of sleg is, laat ons luister na die stem van יהוה ons Elohim na wie ons u stuur, dat dit met ons goed kan gaan wanneer ons luister na die stem van יהוה ons Elohim."

<sup>7</sup> En aan die einde van tien dae het die woord van יהוה na Jirmejahu gekom.

<sup>8</sup> En hy het Jóhanan, die seun van Karëag, geroep en al die owerstes van die leër wat by hom was, en die hele volk, klein en groot,

<sup>9</sup> en aan hulle gesê: "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël, na wie julle my gestuur het om julle versoek voor Hom te bring:

<sup>10</sup> 'Indien julle omdraai en in hierdie land bly, sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie. Want Ek het berou oor die teespoed wat Ek aan julle gedoen het.

<sup>11</sup> 'Moenie vir die koning van Babel vir wie julle bang is, bang wees nie. Moenie vir hom bang wees nie,' sê יהוה, 'want Ek is met julle om julle te verlos en julle uit sy hand te red.

<sup>12</sup> 'En Ek sal ontferming aan julle wys, sodat hy hom oor julle sal ontferm en julle na julle land terugbring.'

<sup>13</sup> "Maar indien julle sê: 'Ons wil nie in hierdie land bly nie,' en dus nie luister na die stem van יהוה julle Elohim nie,

<sup>14</sup> en sê: 'Nee, maar ons sal na die land Mitsrajim gaan waar ons geen oorlog sal sien of die geluid van die ramshoring sal hoor of honger na brood sal hê nie, en daar wil ons bly,'

<sup>15</sup> daarom hoor dan die woord van יהוה, oorblyfsel van Jahuda! So sê יהוה van die leërske, die Elohim van Jisra'ël: 'Indien julle werklik julle gesig rig om na Mitsrajim te gaan en weggaan om daar as vreemdelinge te bly,

<sup>16</sup> dan sal wees dat die swaard waarvoor julle bang is, julle daar in die land Mitsrajim inhaal, en die honger waarvoor julle bang is, sal daar in Mitsrajim kort agter julle aankom, en julle sal daar sterf.

<sup>17</sup> 'En so sal dit wees met al die mans wat hulle gesig gerig het om na Mitsrajim te

gaan om daar as vreemdelinge te bly: hulle sal deur die swaard sterf, die hongersnood en die pes. En nie een van hulle sal oorleef of ontsnap van die teëspoed wat Ek oor hulle bring nie.'

<sup>18</sup> "Want so sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: 'Soos My toorn en My grimmigheid uitgestort is oor die inwoners van Jarushalajim, so sal My grimmigheid oor julle uitgestort word wanneer julle na Mitsrajim gaan. En julle sal 'n verwensing, en 'n verbasing, en 'n vloek en 'n vernedering wees, en julle sal hierdie plek nie meer sien nie.'

<sup>19</sup> "יהוה het oor julle gepraat, oorblyfsel van Jahuda: 'Moenie na Mitsrajim gaan nie!' Weet verseker dat ek julle vandag gewaarsku het.

<sup>20</sup> "Want julle het juiself bedrieg, toe julle my na יהוה julle Elohim gestuur en gesê het: 'Bid tot יהוה ons Elohim vir ons, en net soos יהוה ons Elohim sal sê, vertel ons en ons sal dit doen.'

<sup>21</sup> "So het ek julle dit dan vandag vertel, en julle het nie na die stem van יהוה julle Elohim, na alles waarmee Hy my na julle gestuur het, geluister nie.

<sup>22</sup> "En nou, weet verseker dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterf in die plek waarheen julle begeer om te gaan om daar as vreemdelinge te bly."

**43** En toe Jirmejahu klaar al die woorde van יהוה hulle Elohim, met die hele volk gepraat het waarmee יהוה hulle Elohim hom na hulle gestuur het, al hierdie woorde,

<sup>2</sup> het Asárja, die seun van Hoshája, en Jóhanan, die seun van Karëag, en al die vermete mans gepraat en aan Jirmejahu gesê: "Jy vertel 'n leuen! יהוה ons Elohim het jou nie gestuur om te sê: 'Julle mag nie na Mitsrajim gaan om daar as vreemdelinge te bly nie.'

<sup>3</sup> "Maar Barug, die seun van Nërjja, maak jou op teen ons om ons in die hand van die Kasdim oor te gee, dat hulle ons kan doodmaak en ons in ballingskap na Babel kan wegvoer."

<sup>4</sup> So het Jóhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leër en die hele volk nie na die stem van יהוה geluister om in die land Jahuda te bly nie.

<sup>5</sup> En Jóhanan, die seun van Karëag, en al die owerstes van die leër het die hele oorblyfsel van Jahuda geneem wat uit al die nasies waarheen hulle verdryf was, teruggekom het om in die land Jahuda te woon,

<sup>6</sup> die mans en die vrouens en die kinders en die dogters van die koning en al die mense wat Nebusarádan, die owerste van die wag, by Gadaljahu, die seun van Ahikam, die seun van Shafan, gelos het, en die profeet Jirmejahu en Barug, die seun van Nërjja.

<sup>7</sup> En hulle het na die land Mitsrajim gegaan, want hulle het nie na die stem van יהוה geluister nie. En hulle het by Tagpánges gekom.

<sup>8</sup> En die woord van יהוה het na Jirmejahu in Tagpánges gekom en gesê:

<sup>9</sup> "Neem groot klippe in jou hand en versteek hulle voor die oë van die mans van Jahuda, in klei in die plaveisel wat by die ingang van Par'o se paleis in Tagpánges is.

<sup>10</sup> "En sê vir hulle: 'So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: "Kyk, Ek stuur en sal Nebukadrétstsar, die koning van Baβel, My dienaar bring en Ek sal sy troon neersit bo-op hierdie klippe wat Ek versteek het. En hy sal sy koninklike tapyt daaroor uitspan.

<sup>11</sup> "En hy sal kom en die land Mitsrajim verslaan: die pes vir wie die pes bestem is, wie vir die ballingskap, vir die ballingskap, en wie vir die swaard, vir die swaard!

<sup>12</sup> "En Ek sal 'n vuur aansteek in die huise van die elohim van Mitsrajim. En hy sal hulle verbrand en hulle as gevangenes wegvoer. En hy sal hom toedraai in die land van Mitsrajim soos 'n herder hom in sy kleeftoedraai, en hy sal van daar in vrede weggaan.

<sup>13</sup> "En hy sal die klippilare van Bët-

Shemesh<sup>aa</sup> wat in die land Mitsrajim is, afbreek en die huise van die elohim van Mitsrajim met vuur verbrand."

**44** Die woord wat na Jirmejahu gekom het oor al die Jahudim wat in die land Mitsrajim gewoon het, wat in Migdol en in Tagpanges en in Nof en in die land Patros gewoon het, en gesê het:

<sup>2</sup> "So sê יהוה van die leërskare, die Elohim van Jisra'ël: 'Julle het self gesien al die teëspoed wat Ek oor Jarushalajim en oor al die stede van Jahuda gebring het. En kyk, hulle is vandag 'n puinhoop, en niemand woon daarin nie,

<sup>3</sup> weens hulle boosheid wat hulle gedoen het, om My te tart deur te gaan om wierook te brand en ander elohim te dien wat hulle nie geken het, hulle of julle of julle vaders nie.

<sup>4</sup> 'En Ek het na julle al My dienaars, die profete gestuur, vroeg opgestaan en gestuur, en gesê: "Moet asseblief nie hierdie gruwelike saak wat Ek haat, doen nie."

<sup>5</sup> 'Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee om hulle van hul boosheid te draai nie, om nie vir ander elohim wierook te brand nie.

<sup>6</sup> 'Daarom is My grimmigheid en My toorn uitgestort en het dit in die stede van Jahuda en op die strate van Jarushalajim gebrand, en hulle het 'n puinhoop, 'n wildernis geword soos dit vandag is.'

<sup>7</sup> "En nou, so sê יהוה, die Elohim van die leërskare, die Elohim van Jisra'ël: 'Waarom doen julle hierdie groot boosheid teen juiself om onder julle man en vrou, kind en suigling uit Jahuda af te sny, om vir julle niemand te laat oorbly nie,

<sup>8</sup> deur My te tart met die werke van julle hande, om vir ander elohim wierook te brand in die land Mitsrajim waar julle gekom het om as vreemdelinge te bly, om juiself af te sny en 'n vloek en 'n vernedering onder al die nasies van die aarde wees?

<sup>9</sup> 'Het julle die booshede van julle vaders

en die booshede van die konings van Jahuda en die booshede van hulle vrouens en julle eie booshede en die booshede van julle vrouens wat hulle in die land Jahuda en op die strate van Jarushalajim gedoen het, vergeet?

<sup>10</sup> 'Hulle is tot vandag toe nie verbrysel nie, en hulle het nie gevrees nie en het nie in My Tora en in My wette wat Ek julle en jul vaders voorgehou het, gewandel nie.'

<sup>11</sup> "Daarom, so sê יהוה van die leërskare, die Elohim van Jisra'ël: 'Kyk, Ek rig My gesig teen julle vir teëspoed en om die hele Jahuda af te sny.

<sup>12</sup> 'En Ek sal die oorblyfsel van Jahuda wat hulle gesig gerig het om na die land Mitsrajim te gaan, om daar as vreemdelinge te bly, wegneem. En hulle sal almal in die land Mitsrajim verteer word. Deur die swaard sal hulle val, deur die hongersnood sal hulle verteer word. Groot sowel as klein: deur die swaard en die hongersnood sal hulle sterf. En hulle sal 'n verwensing, 'n verbasing en 'n vloek en 'n vernedering wees!

<sup>13</sup> 'En Ek sal die wat in die land Mitsrajim woon straf, soos Ek Jarushalajim deur die swaard, die hongersnood en die pes gestraf het.

<sup>14</sup> En geeneen van die oorblyfsel van Jahuda wat in die land Mitsrajim gekom het om daar as vreemdelinge te bly sal ontsnap of oorleef nie, dat hulle kan teruggaan in die land Jahuda waarna hulle verlang om terug te gaan, om daar te woon. Want hulle sal nie teruggaan behalwe die wat ontsnap nie."

<sup>15</sup> Toe het al die mans wat geweet het dat hulle vrouens vir ander elohim wierook gebrand het, en al die vrouens wat daar gestaan het, 'n groot menigte, en die hele volk wat in die land Mitsrajim, in Patros gewoon het, Jirmejahu geantwoord en gesê:

<sup>16</sup> "Ons gaan nie na jou luister aangaande die woord wat jy aan ons in die Naam van יהוה verkondig het nie.

<sup>17</sup> "Maar ons sal beslis alles doen wat uit

<sup>aa</sup> Huis van die Son

ons mond gegaan het, om vir die hemelkoningin wierook te brand en drankoffers vir haar uit te giet soos ons gedoen het, ons en ons vaders, ons konings en ons leiers, in die stede van Jahuda en op die strate van Jarushalajim. En ons was met brood versadig en tevrede, en ons het geen teespoed gesien nie.

<sup>18</sup> "Maar sedert ons opgehou het om vir die hemelkoningin wierook te brand en vir haar drankoffers uit te giet, het ons gebrek aan alles en het ons deur die swaard en die hongersnood omgekom.

<sup>19</sup> "En wanneer ons vir die hemelkoningin wierook brand en drankoffers vir haar uitgiet, het ons sonder ons mans vir haar koeke gemaak om haar te aanbid en drankoffers vir haar uit te giet?"

<sup>20</sup> Jirmejahu het toe met die hele volk gepraat, met die mans en die vrouens en die hele volk wat hom geantwoord het, en gesê:

<sup>21</sup> "Die wierook wat julle in die stede van Jahuda en op die strate van Jarushalajim gebrand het, julle en julle vaders, julle konings en julle leiers en die volk van die land, het יהוה nie daaraan gedink en het dit nie in Sy hart opgekom nie?"

<sup>22</sup> "En יהוה kon dit nie langer verdra weens die boosheid van julle dade, weens die gruwels wat julle bedryf het nie. Daarom het julle land 'n puinhoop geword en 'n voorwerp van verbasing en 'n vloek, sonder inwoners, soos dit vandag is.

<sup>23</sup> "Want julle het wierook gebrand en teen יהוה gesondig en nie na die stem van יהוה geluister nie en nie in Sy Tora en in Sy wette en in Sy getuïenisse gewandel nie. Daarom het hierdie teespoed oor julle gekom soos dit vandag is."

<sup>24</sup> En Jirmejahu het aan die hele volk en al die vrouens gesê: "Hoor die woord van יהוה, almal van Jahuda wat in die land Mitsrajim is!

<sup>25</sup> "So sê יהוה van die leërskaar, die Elohim van Jisra'ël, Hy sê: 'Julle en julle vrouens, julle het met julle monde gepraat en met julle hande dit vervul, en

gesê: "Ons sal ons geloftes wat ons beloof het, beslis doen om wierook vir die hemelkoningin te brand en vir haar drankoffers uit te giet. Bevestig dan nou julle geloftes, en doen julle geloftes!"

<sup>26</sup> "Daarom, hoor die woord van יהוה, almal van Jahuda wat in die land Mitsrajim woon! 'Kyk, Ek sweer by My groot Naam,' sê יהוה: 'Nooit sal My Naam meer aangeroep word deur die mond van enige man van Jahuda in die hele die land Mitsrajim nie, met die woorde: "Soos Meester יהוה leef!"

<sup>27</sup> 'Kyk, Ek is paraat oor hulle vir teespoed en nie voorspoed nie. En al die mans van Jahuda wat in die land Mitsrajim is, sal deur die swaard en die hongersnood omkom, tot hulle klaar is.

<sup>28</sup> 'En die wat van die swaard ontsnap, min in getal, sal uit die land Mitsrajim terugkom in die land Jahuda. En die hele oorblyfsel van Jahuda wat in die land Mitsrajim gekom het om daar as vreemdelinge te bly, weet wie se woord sal bestaan, Myne of hulle s'n.

<sup>29</sup> 'En dit sal vir julle die teken wees,' sê יהוה, 'dat Ek julle straf in hierdie plek, sodat julle kan weet dat My woorde verseker teen julle sal bestaan vir teespoed.'

<sup>30</sup> "So sê יהוה: 'Kyk, Ek gee Par'o Hofra, die koning van Mitsrajim, in die hand van sy vyande en in die hand van die wat sy lewe soek, soos Ek Tsidkijahu, die koning van Jahuda, in die hand van Nebuqad-réttsar, die koning van Babel, sy vyand, gegee het wat ook sy lewe gesoek het.'"

**45** Die woord wat die profeet Jirmejahu aan Barug, die seun van Nērija, gesê het toe hy hierdie woorde uit die mond van Jirmejahu in 'n boek geskryf het, in die vierde jaar van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda:

<sup>2</sup> "So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël, aangaande jou, Barug:

<sup>3</sup> 'Jy het gesê: "Wee my tog, want יהוה het kommer by my smart gevoeg. Ek is moeg van my gesug en vind geen rus nie!"

<sup>4</sup> "Sê dit vir hom: 'So sê יהוה: "Kyk, wat Ek gebou het, breek Ek af, en wat Ek geplant het, ruk Ek uit, en dit is die hele land.

<sup>5</sup> "En soek jy groot dinge vir jouself? Moenie dit soek nie, want kyk, Ek bring teëspoed oor alle vlees," sê יהוה. "Maar Ek sal jou lewe vir jou as buit gee in al die plekke waarheen jy sal gaan."'"

**46** Die woord van יהוה wat aangaande die volke na die profeet Jirmejahu gekom het.

<sup>2</sup> Oor Mitsrajim. Oor die leër van Par'o Nego, die koning van Mitsrajim, wat by die Paraatrivier by Karkemish was, wat Nebukadrétstsar, die koning van Babel, verslaan het in die vierde jaar van Jahójakim, die seun van Joshijahu, die koning van Jahuda:

<sup>3</sup> "Hou die klein en die groot skild gereed, en kom nader vir die geveg!

<sup>4</sup> "Span die perde in, en klim op, ruiters! En staan met die helms, maak die spiese skerp, trek die pantsers aan.

<sup>5</sup> "Waarom sien ek hulle bang, terug gedraai? En hulle vegters is verslaan. Hulle vlug al verder en draai nie om nie. Daar is vrees reg rondom," sê יהוה.

<sup>6</sup> Moenie die vinniges laat ontvlug nie, of die held laat ontsnap nie. Hulle sal struikel en val in die noorde, by die kant van die Paraatrivier.

<sup>7</sup> Wie is dit wat daar oprys soos 'n vloed,<sup>bb</sup> waarvan die waters deinings maak soos riviere?

<sup>8</sup> Mitsrajim rys op soos 'n vloed en sy waters maak deinings soos riviere. En hy sê: "Ek sal opgaan, die aarde oordek, ek wil die stad verwoes en sy inwoners."

<sup>9</sup> Trek op, perde, en raas, waens! En laat die helde uittrek: Kush en Puth wat die skild hanteer, en Lud wat die boog hanteer en span.

<sup>10</sup> Want dit is dié dag van Meester יהוה van die leërske, 'n dag van wraak, om wraak te neem op Sy teëstanders. En die swaard sal verslind en versadig en dronk

word van hulle bloed. Want Meester יהוה van die leërske het 'n slagting in die noorde, by die Paraatrivier.

<sup>11</sup> Gaan op na Gil'ad en neem balsem, jongvrou, dogter van Mitsrajim! Vergeefs vermeerder jy medisyne, daar is geen genesing vir jou nie.

<sup>12</sup> Die nasies het van jou skande gehoor en die land is vol van jou geskreue. Want held het teen held gestruikel, hulle het albei saam geval.

<sup>13</sup> Die woord wat יהוה vir die profeet Jirmejahu gesê het aangaande die koms van Nebukadrétstsar, die koning van Babel, om die land Mitsrajim te verslaan:

<sup>14</sup> Verkondig in Mitsrajim en vertel in Migdol. En laat dit in Nof en in Tagpanges gehoor word. Sê: 'Staan reg, en wees gereed, want die swaard sal rondom jou verslind.'

<sup>15</sup> "Waarom is jou magtige weggevee? Dit het nie bly staan nie, omdat יהוה dit weggestoot het.

<sup>16</sup> "Hy het baie laat struikel, ja, die een val oor die ander, en het gesê: 'Staan op en laat ons teruggaan na ons volk en na die land van ons geboorte weg van die verdrukkende swaard.'

<sup>17</sup> "Daar het hulle geroep: 'Par'o, die koning van Mitsrajim, is *net* rumoer. Hy het die vasgestelde tyd laat verbygaan!'

<sup>18</sup> "Soos Ek leef," sê die Koning, wie se Naam יהוה van die leërske is, "Verseker, soos Tabor onder die berge en soos Karmel by die see is, hy sal kom.

<sup>19</sup> "Inwonende dogter van Mitsrajim berei jou voor om in ballingskap te gaan! Want Nof sal 'n woesteny word en verlate sonder inwoner.

<sup>20</sup> "Mitsrajim is 'n pragtige vers, verwoesting kom, dit kom vanaf die noorde.

<sup>21</sup> "Haar huurlinge ook, daar by haar is soos kalwers uit die stal, want hulle sal ook omdraai, almal saam vlug. Hulle sal nie bly staan nie, want die dag van hulle ondergang het oor hulle gekom, die tyd van hulle straf.

<sup>22</sup> "Haar geluid is soos van 'n slang wat beweeg, want hulle kom soos 'n leërmag

<sup>bb</sup> Moontlik die Nyl.

en kom na haar met byle soos houtkappers.

<sup>23</sup> "Hulle sal haar bos afkap," sê יהוה, "want hulle is ontelbaar, want hulle is meer as sprinkane, sonder getal.

<sup>24</sup> "Die dogter van Mitsrajim staan beskaamd. Sy is oorgegee in die hand van die volk uit die noorde."

<sup>25</sup> יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'ël, sê: "Kyk, Ek bring straf oor Amon van No en oor Par'o en Mitsrajim en sy elohim en hulle konings, en, oor Par'o en die wat op hom vertrou.

<sup>26</sup> "En Ek sal hulle oorgee in die hand van die wat hulle lewe soek, en in die hand van Nebukadrétstsar, die koning van Babel, en in die hand van sy dienaars. En daarna sal dit bewoon word soos in die dae van ouds," sê יהוה.

<sup>27</sup> "Maar jy, moenie vrees nie, My dienaar Jaakob, en moenie moedeloos wees nie, Jisra'ël! Want kyk, Ek verlos jou uit verplekke en jou saad uit die land van hulle ballingskap. En Jaakob sal terugkom en stil en gerus wees sonder dat iemand hom verskrik.

<sup>28</sup> "Jy moenie vrees nie, My dienaar Jaakob," sê יהוה, "want Ek is met jou. Want Ek sal 'n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verdryf het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie. Maar Ek sal met oordeel tugtig, en jy sal verseker nie ongestraf bly nie."

**47** Die woord van יהוה wat aangaande die Palishtim na die profeet Jirmejahu gekom het voordat Par'o Asa verslaan het.

<sup>2</sup> So sê יהוה: "Kyk, die waters rys op uit die noorde en sal 'n oorstroomende vloed word. En hulle sal die land en sy volheid, die stad en die wat daarin woon oorstroom. En die mense sal skreeu, en al die inwoners van die land sal huil.

<sup>3</sup> Met die stampgeluid van sy perde se pote, weens die geraas van sy waens, die gedreun van sy wiele, sal die vaders nie na die kinders kyk nie want die hande is so slap,

<sup>4</sup> weens die dag wat kom om al die Palishtim te vernietig, om van Tsor en

Tsidon die elke oorblywende wat help af te sny. Want יהוה vernietig die Palishtim, die oorblyfsel van die eiland Kaftor.

<sup>5</sup> "n Kaal plek sal op Asa kom, Ashkelon sal vernietig saam met die oorblyfsel van hulle valleie. Hoe lank sal jy jou stukkend kerf?"

<sup>6</sup> "O, swaard van יהוה, hoe lank tot jy rus? Keer terug in jou skede, rus en wees stil.

<sup>7</sup> "Hoe sal dit rus, terwyl יהוה dit 'n bevel gegee het? Teen Ashkelon en teen die seekus. Daar het Hy dit vasgestel."

**48** Oor Moab. So sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'ël: "Wee oor Nebo! Want dit is verwoes, Kirjatájim is beskaamd, ingeneem. Die rotsvesting is beskaamd en afgebreek.

<sup>2</sup> "Daar is nie meer lof vir Moab nie. In Heshbon het hulle teespoed teen hom beplan: 'Kom laat ons hom as nasie vernietig.' Madmên, ook jy sal verwoes word, 'n swaard sal jou agtervolg.

<sup>3</sup> "n Stem skreeu uit Hōronájim, verwoesting en groot vernietiging.

<sup>4</sup> "Moab sal gebreek word, sy kleintjies sal 'n geskreeu laat hoor.

<sup>5</sup> "Want hulle gaan die hoogte van Luhit op met bitterlike geween. Want af na Hōronájim sal hulle geskreeu van verbreking hoor.

<sup>6</sup> "Vlug, red julle lewens. En word soos 'n kaal bos in die woestyn!

<sup>7</sup> "Want omdat jy vertrou het op jou dade en op jou voorrade, sal jy ook ingeneem word. En Kemosh sal in ballingskap gaan, sy priesters en sy leiers almal saam.

<sup>8</sup> "En die verwoester sal oor elke stad kom, sodat geen stad sal ontsnap nie. En die vallei sal vergaan, en die vlakke sal verlate word, soos יהוה gesê het.

<sup>9</sup> "Gee aan Moab vlerke, want hy moet wegvlug, en sy stede sal 'n ruine word, met niemand om daarin te woon nie.

<sup>10</sup> "Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van יהוה te doen, en vervloek is hy wat sy swaard van bloed terughou!

<sup>11</sup> "Moab was gerus van sy jeug af en het op sy afsaksel gerus, en is nie van wat tot

## JIRMEJAHU 48

vat leeggemaak nie. Hy het ook nie in ballingskap gegaan nie, daarom het sy smaak in hom gebly en sy reuk nie verander nie.

<sup>12</sup> "Daarom, kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat Ek aftappers na hom sal stuur wat hom sal aftap en sy vate sal leegmaak en sy kruike breek.

<sup>13</sup> "En Moab sal beskaamd staan oor Kemosh, soos die hujs van Jisra'el beskaamd was deur Bêt-Ēl, hulle toevlug.

<sup>14</sup> "Hoe kan julle sê: 'Ons is helde en kragtige mans om te veg?'

<sup>15</sup> "Moab is verwoes, en sy stede is betree. En sy beste jongmans het afgegaan om geslag te word," sê die Koning wie se Naam יהוה van die leërskaars is.

<sup>16</sup> "Die verdrukking van Moab is naby om te kom, en sy teëspoed is baie haastig.

<sup>17</sup> "Treur oor hom, almal wat rondom hom is. En almal wat sy naam ken, sê: 'Hoe is die sterk tak, die sierlike loot gebreek!'

<sup>18</sup> "Kom af uit jou aansien, en sit in dors, inwoner, dogter van Dibon! Want die verwoester van Moab sal teen jou opkom, hy sal jou vestings verwoes.

<sup>19</sup> "Gaan staan op die pad, en kyk uit, inwoner van Aro'ër! Vra hom wat vlug en vir haar wat ontsnap; sê: 'Wat het gebeur?'

<sup>20</sup> "Moab is beskaamd, want hy is afgebreek. Huil en skreeu! Verkondig dit by die Arnon dat Moab verwoes is!

<sup>21</sup> "Ja, 'n oordeel het gekom oor die gelyke land, oor Holon en oor Jahtsa en oor Měfāāt,

<sup>22</sup> en oor Dibon en oor Nebo en oor Bêt-Diblatājim,

<sup>23</sup> en oor Kirjatājim en oor Bêt-Gamul en oor Bêt-Meon,

<sup>24</sup> en oor Kérijat en oor Botsra, en oor al die stede van die land Moab, ver en naby.

<sup>25</sup> "Die horing van Moab is afgekap en sy arm is gebreek," sê יהוה.

<sup>26</sup> "Maak hom dronk, omdat hy hom groot gemaak het teen יהוה. En Moab sal in sy braaksel wegsink en hy sal ook 'n bespotting wees.

<sup>27</sup> "Want was Jisra'el vir jou nie 'n bespotting nie? Of is hy onder die diewe betrap, want wanneer jy van hom praat skud jy die kop?

<sup>28</sup> "Verlaat die stede en woon in die rots, inwoners van Moab! En wees soos 'n duif wat sy nes maak oorkant die opening van 'n gat.

<sup>29</sup> "Ons het van die trots van Moab gehoor (hy is baie trots!), van sy arrogansie en sy trots en sy hoogmoed en die verheffing van sy hart.

<sup>30</sup> "Ek ken sy grimmigheid," sê יהוה, "dit sal nie wees nie, sy leuens sal niks doen nie.

<sup>31</sup> "Daarom sal ek oor Moab huil, en oor die hele Moab dit uitskreeu. Ek sug oor die mans van Kir-Heres.

<sup>32</sup> "Wingerdstok van Sibma ek beweën jou met die geweën van Ja'sër! Jou ranke het oor die see gegaan, hulle het tot by die see van Ja'sër gekom. Die verwoester het jou somervrugte en jou druiwe-oes oorval.

<sup>33</sup> "En vreugde en blydschap is uit die boorde en uit die land Moab wegge neem, en Ek het die wyn uit die parskuip laat verdwyn. Niemand trap met geroep nie – die geroep is nie geroep nie.

<sup>34</sup> "Vanaf die geskreeu van Heshbon tot by El'alē, tot by Jahats sal hulle hul stem verhef, van Tsoar af tot by Horonājim, soos 'n vers van drie jaar, want selfs die waters van Nimrim sal 'n woestyn word.

<sup>35</sup> "En Ek sal in Moab 'n einde maak," sê יהוה, "aan hom wat op die hoogte offer en wierook brand vir sy elohim.

<sup>36</sup> "Daarom klink my hart soos fluite oor Moab, ja, my hart klink soos fluite oor die mans van Kir-Heres. Daarom sal die rykdom wat hulle verwerf het, verlore gaan.

<sup>37</sup> "Want elke kop is kaal en elke baard is afgeskeer, op al die hande is snye en om die heupe is 'n roukleed.

<sup>38</sup> "Op al die dakke van Moab en op sy pleine is net getreur, want Ek het Moab gebreek soos 'n ding waarin 'n mens geen vreugde het nie," sê יהוה.

<sup>39</sup> "Hoe is hy afgebreek! Hulle sal huil. Hoe het Moab die rug met skaamte gedraai! So sal Moab dan 'n bespotting en 'n verskrikking vir almal wat rondom hom wees.

<sup>40</sup> Want so sê יהוה: "Kyk, hy vlieg soos 'n arend en sal sy vleuels oor Moab uitsprei.

<sup>41</sup> "Kerijot sal ingeneem, en die bergvestings verower word. En die hart van die helde van Moab sal in daardie dag wees soos die hart van 'n vrou in kraam.

<sup>42</sup> "En Moab sal as volk vernietig word, omdat hy hom groot gemaak het teen יהוה.

<sup>43</sup> "Vrees en die kuil en die strik oor jou, inwoner van Moab," sê יהוה.

<sup>44</sup> "Hy wat vlug vir die vrees, sal in die kuil val, en hy wat uit die kuil klim, sal in die strik gevang word. Want Ek sal oor hom, oor Moab, die jaar van hulle straf bring," sê יהוה.

<sup>45</sup> "Die vlugtelingte staan kragteloos in die skadu van Heshbon. Maar 'n vuur sal uit Heshbon en 'n vlam uit die huis van Sihon gaan, en die kant van van Moab en die skedel van die seuns van oproer verteer.

<sup>46</sup> "Wee jou, Moab! Die volk van Kemosh het vergaan, want jou seuns is in ballingskap weggeneem en jou dogters in ballingskap.

<sup>47</sup> "Maar aan die einde van die dae sal Ek die ballingskap van Moab verander," sê יהוה. Tot sover die oordeel van Moab.

**49** Oor Ammon. So sê יהוה: "Het Jisra'el nie seuns nie? Het hy geen erfgenaam nie? Waarom het Malkam Gad in besit geneem en woon sy mense in sy stede?

<sup>2</sup> "Daarom, kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat Ek teen Rabba van die kinders van Ammon oorlogskreet sal laat hoor. En dit sal 'n verlate puinhoop, wees en sy dorpies sal met vuur verbrand word. Dan sal Jisra'el in besit neem, dié wat hom besit het," sê יהוה.

<sup>3</sup> "Huil, Heshbon, want Ai is verwoes! Skreeu, dogters van Rabba! Omgord julle met rouklere! Treur en loop rond tussen

die klipmure, want Malkam sal in ballingskap gaan, almal, sy priesters en sy leiers.

<sup>4</sup> "Waarom roem jy op die valleie, op die oorfloed van jou vallei, afvallige dogter, wat op jou voorrade vertrou en sê: 'Wie sal aan my kom?'

<sup>5</sup> "Kyk, Ek bring vrees oor jou vir almal rondom jou," sê Meester יהוה van die leërskaare. "En julle sal uitgedryf word, elkeen reguit vorentoe, en niemand vergader die swerflinge nie.

<sup>6</sup> "Maar daarna sal Ek die ballingskap van die kinders van Ammon verander," sê יהוה.

<sup>7</sup> Oor Edom. So sê יהוה van die leërskaare: "Is daar geen wysheid meer in Tëman nie? Is die raad van die verstandiges verlore? Het hulle wysheid verdwyn?

<sup>8</sup> "Vlug, draai om, skuil diep, inwoners van Dedan! Want Ek sal die ondergang van Ēsaaw oor hom bring, die tyd dat Ek hom sal straf.

<sup>9</sup> "Indien druiwesnyers na jou kom, sal hulle geen oorblyfsel laat oorbly nie? Of diewe in die nag - sal hulle sal verniel totdat hulle genog het nie?

<sup>10</sup> "Maar Ek sal Ēsaaw ontbloot, Ek sal sy skuilplekke oopgemaak, sodat hy hom nie kan wegsteek nie. Sy saad is verwoes, ook sy broers en sy bure, en hy is nie meer nie.

<sup>11</sup> "Los jou vaderloses, en Ek sal hulle in die lewe hou. En laat jou weduwees op My vertrou."

<sup>12</sup> Want so sê יהוה: "Kyk, hulle wie se oordeel nie was om die beker te drink nie, het verseker gedrink. En jy, sou jy totaal ongestraf bly? Jy sal nie ongestraf bly nie, maar sal verseker drink!

<sup>13</sup> "Want Ek het by Myself gesweer," sê יהוה, "dat Botsra 'n puinhoop, 'n skande, 'n verwoesting en 'n vloek sal word, en al sy stede sal ewige verlatenheid wees."

<sup>14</sup> Ek het 'n tyding van יהוה gehoor, en 'n boodskapper is na die nasies gestuur om te sê: "Kom bymekaar en kom aan teen hom en staan op vir die oorlog.



## JIRMEJAHU 49

<sup>15</sup> "Want kyk, Ek sal jou klein maak onder die nasies, verag onder die mense.

<sup>16</sup> "Jou vreeslikheid het jou bedrieg, die trots van jou hart, jy wat in die rotsklowe woon, jy wat die hoogte van die heuwel in besit hou! Al maak jy jou nes so hoog soos die arend sal Ek jou vandaar afgooi," sê יהוה.

<sup>17</sup> "En Edom sal 'n puinhoop wees, elkeen wat by hom verbytrek, sal hom verbaas en fluit oor al sy plaë.

<sup>18</sup> "Soos die vernietiging van Sedom en Amorra met hulle inwoners," sê יהוה, "sal niemand daar woon en geen mense-kind daar vertoef nie.

<sup>19</sup> "Kyk, soos 'n leeu kom hy op uit die bosse van die Jardēn teen die vaste woning. Want in 'n oomblik sal Ek hulle daaruit wegjaag. En Ek sal die verkose daarvoor aanstel. Want wie is soos Ek? En wie dagvaar My? En wie is daardie herder wat voor My staan?"

<sup>20</sup> Daarom, hoor die besluit van יהוה wat Hy teen Edom geneem en Sy planne wat Hy teen die inwoners van Tēman beraam het: Waarlik, die kleinste van die kudde sal weggesleep word! Waarlik, hulle weiveld sal voor hulle verwoes word!

<sup>21</sup> Die aarde sal bewee met die geluid van hulle val. Daar is 'n geskreue! Die geluid daarvan word by die Rietsee gehoor.

<sup>22</sup> Kyk, hy styg op en vlieg soos 'n arend en spei sy vlerke oor Botsra uit. En die hart van die helde van Edom sal in daardie dag wees soos die hart van 'n vrou wat in pyn is.

<sup>23</sup> Oor Damaskus. "Ĥamat en Arpad staan beskaamd, want hulle het 'n bose boodskap gehoor. Hulle smelt in angstigheid, soos die see, onmoontlik om te rus.

<sup>24</sup> "Damaskus is kragteloos, hy het omgedraai om te vlug, en vrees het hom aangegryp. Benoudheid en pyn soos van een wat kraam, het hom aangegryp.

<sup>25</sup> "Hoe is die stad van roem nie verlate nie, die stad van My vreugde!

<sup>26</sup> Daarom val sy jongmans op sy strate, en al die mans van oorlog in kom in daardie dag om," sê יהוה van die leërskaare.

<sup>27</sup> "En Ek sal 'n vuur aansteek in die muur van Damaskus, en dit sal die paleise van Bēn-Hadad verteer."

<sup>28</sup> Oor Kēdar en oor die koninkryke van Ḥatsor wat Neḅuḱadrētstsar, die koning van Bābel, verslaan het. So sê יהוה: "Staan op, gaan op na Kēdar, en verwoes die seuns van die Ooste!

<sup>29</sup> "Hulle tente en kleinvee sal wegvoer word. Hulle tentdoeke en al hulle houers en hulle kamele sal saamgeneem word. En hulle sal oor hulle uitroep: 'Vrees rondom!'

<sup>30</sup> "Vlug, vlug haastig, skuil diep, inwoners van Ḥatsor!" sê יהוה. "Want Neḅuḱadrētstsar, die koning van Bābel, het 'n besluit teen julle geneem en 'n plan teen julle beraam.

<sup>31</sup> "Staan op, gaan op na 'n sorgelose nasie wat rusttig woon," sê יהוה. "Hy het geen hekke of grendel nie, hulle woon alleen.

<sup>32</sup> "En hulle kamele sal geroof en die menigte van hulle vee gebuit word. En Ek sal hulle verstrooi na al die windstreke, dié wat die kante afskeer, en Ek sal hulle rampspoed van alle kante bring," sê יהוה.

<sup>33</sup> "En Ḥatsor sal 'n lêplek van jakkalse, 'n wildernis tot in ewigheid word. Niemand woon daar nie, en geen mensekind vertoef daar nie."

<sup>34</sup> Die woord van יהוה wat nā die profeet Jirmejahu gekom het oor Ēlam, in die begin van die regering van Tsidkijah, die koning van Jahuda, en gesê:

<sup>35</sup> "So sê יהוה van die leërskaare: 'Kyk, Ek breek die boog van Ēlam, die beste van hulle krag.

<sup>36</sup> 'En Ek sal vier winde uit die vier hoeke van die hemel oor Ēlam bring en sal hulle na al hierdie winde verstrooi. En daar sal geen nasie wees waar die bannelinge van Ēlam nie sal gaan nie.

<sup>37</sup> 'En Ek sal Ēlam voor hulle vyande en voor die wat hulle lewe soek breek. En Ek sal teëspoed oor hulle bring, My gloeiende toorn,' sê יהוה. 'En Ek sal die swaard agter hulle aan stuur totdat Ek hulle verteer het.

<sup>38</sup> "En Ek sal My troon in ʿĒlam vestig, en sal koning en leiers daar vernietig," sê יהוה.

<sup>39</sup> "Maar aan die einde van die dae sal Ek die ballingskap van ʿĒlam verander," sê יהוה."

**50** Die woord wat יהוה gesê het oor Babel, oor die land van die Kasdim deur die profeet Jirmejahu:

<sup>2</sup> "Verkondig onder die nasies en laat dit hoor. En steek ʿn banier op, laat dit hoor, moenie dit geheim hou nie. Sê: 'Babel sal ingeneem, Bēl sal beskaam, Meródag sal gebreek, haar idole sal beskaam, haar beelde sal gebreek word.

<sup>3</sup> "Want ʿn volk sal teen haar opkom uit die noorde, wat haar land ʿn woestery sal maak, en niemand sal daarin woon nie. Mense sowel as diere sal vlug, wegtrek.

<sup>4</sup> "In daardie dae en in daardie tyd," sê יהוה, "sal die kinders van Jisra'el kom, hulle en die kinders van Jahuda saam, hulle sal huilend kom en יהוה hulle Elohim soek.

<sup>5</sup> "Hulle sal die pad na Tsjon vra, hulle gesigte sal hierheen gerig wees, 'Kom en laat ons ons by יהוה aansluit in ʿn ewige verbond wat nie vergeet sal word nie.'

<sup>6</sup> "My volk was afgedwaalde skape. Hulle herders het hulle laat dwaal, hulle na die berge weggedraai. Hulle het van berg na heuwel gegaan, hulle het hul rusplek vergeet.

<sup>7</sup> "Almal wat hul teëgekom het, het hulle opgeëet. En hulle teëstanders het gesê: 'Ons maak ons nie skuldig nie, omdat hulle teen יהוה gesondig het, die Woning van geregtigheid en die Verwachting van hulle vaders, יהוה.'

<sup>8</sup> "Vlug uit Babel, en gaan uit die land van die Kasdim.<sup>cc</sup> En wees soos ramme voor die trop kleinvee uit!

<sup>9</sup> "Want kyk, Ek wek op en laat teen Babel ʿn menigte van groot nasies optrek uit die land van die noorde, en hulle sal hul teen haar opstel. Vandaar sal sy ingeneem word. Hulle pyle sal soos dié

van ʿn voorspoedige held wees wat nie met leë hande terugkom nie.

<sup>10</sup> "En Kasdim sal gebuit word, almal wat haar beroof, sal versadig word," sê יהוה.

<sup>11</sup> "Omdat julle verheug is, omdat julle jubel, plunderaars van My erfenis, omdat julle soos ʿn vers huppel wat graan dors, en julle soos die hingste runnik

<sup>12</sup> sal julle moeder grootliks beskaam word. Sy wat julle gebaar het, sal verneder word. Kyk, sy is die agterste van die nasies, ʿn woestyn, ʿn droë land en ʿn wildernis.

<sup>13</sup> "Weens die toorn van יהוה sal dit nie bewoon word nie, maar totaal verlate wees. Elkeen wat by Babel verbygaan, sal verbaas wees en fluit oor al haar plaë.

<sup>14</sup> "Stel julle teen Babel op, rondom, julle almal wat die boog span! Skiet haar, moenie die pyle spaar nie! Want sy het teen יהוה gesondig.

<sup>15</sup> "Skreeu teen haar rondom. Sy het haar oorgegee, haar pilare het geval, haar mure is afgebreek, want dit is die wraak van יהוה. Wreek julle op haar. Doen aan haar soos sy gedoen het!

<sup>16</sup> "Roei uit Babel die saaiër en die wat die sekel in die oestyd hanteer. Voor die swaard van die verdrukker draai elkeen om na sy volk en elkeen vlug na sy land!

<sup>17</sup> "Jisra'el is ʿn verstrooide skaap wat die leeus verdryf het. Eers het die koning van Ashshur hom opgeëet, en nou laaste, het Nebukadréttsar, die koning van Babel, sy bene vermorsel."

<sup>18</sup> Daarom, so sê יהוה van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: "Kyk, Ek straf die koning van Babel en sy land, soos Ek die koning van Ashshur gestraf het.

<sup>19</sup> "En Ek sal Jisra'el na sy weiveld terugbring, en hy sal op Karmel en Bashan wei. En sy wese sal op die berg Efrajim en Gil'ad versadig word.

<sup>20</sup> "In daardie dae en in daardie tyd," sê יהוה, "sal die ongeregtigheid van Jisra'el gesoek word, maar dit sal nie bestaan nie; en die sondes van Jahuda, maar hulle sal nie daar wees nie. Want Ek sal diegene wat Ek laat oorbly vergewe.

<sup>cc</sup> 51:6, 45; Jes 48:20.

<sup>21</sup> "Gaan op teen die land Meratájim, teen dit en teen die inwoners van Pekod! Verwoes en tref met die ban agter hulle," sê יהוה, "en doen alles soos Ek jou beveel het.

<sup>22</sup> "Daar is oorlogsgeskreeu in die land en 'n groot vernietiging.

<sup>23</sup> "Hoe is die hamer van die hele aarde afgesny en gebreek! Hoe het Babel 'n puinhoop onder die nasies geword!

<sup>24</sup> "Ek het vir jou 'n strik gespan, en ook jy is gevang, Babel, en jy het nie geweeet nie. Jy is gevind en ook gegryp, omdat jy teen יהוה gestry het."

<sup>25</sup> יהוה het Sy arsenaal oopgemaak en die wapens van Sy grimmigheid uitgebring, want dit is die werk wat die Meester יהוה van die leërske te doen het in die land van die Kasdim.

<sup>26</sup> Kom aan teen haar van alle kante, maak oop haar voorraadskeure, stapel haar op soos puinhope, en tref haar met die ban! Sy moet geen oorblyfsel hê nie.

<sup>27</sup> "Maak dood al haar jong bulle, laat hulle afgaan om geslag te word. Wee hulle, want hulle dag het gekom, die tyd van hulle straf.

<sup>28</sup> "Luister! Hulle vlug en ontsnap uit die land van Babel, om in Tsjion die wraak van יהוה ons Elohim, die wraak van Sy tempel te verkondig.

<sup>29</sup> "Roep skutters op teen Babel. Almal wat die boog span, slaan laer op rondom teen haar, laat niemand ontsnap nie! Vergeld haar volgens haar werk, doen met haar net soos sy gedoen het. Want sy was trots teen יהוה, teen die Afgesonderde van Jisra'ël.

<sup>30</sup> "Daarom sal haar jongmanne op haar strate val en al haar mans van oorlog in dié dag vergaan," sê יהוה.

<sup>31</sup> "Kyk, Ek is teen jou, trotsaard," sê Meester יהוה van die leërske, "want jou dag het gekom, die tyd vir jou straf.

<sup>32</sup> "En die trotsaard sal struikel en val, en daar sal niemand wees wat hom optel nie. En Ek sal 'n vuur aansteek in sy stede, en dit sal alles om hom verteer."

<sup>33</sup> So sê יהוה van die leërske: "Die

kinders van Jisra'ël was verdruk saam met die kinders van Jahuda. En almal wat hulle in ballingskap weggevoer het, het hulle vas gehou. Hulle het geweier om hulle te laat gaan.

<sup>34</sup> "Hulle Verlosser is sterk, יהוה van die leërske is Sy Naam. Hy sal hulle saak sterk verdedig, om die land rus te gee en onrus vir die die inwoners van Babel.

<sup>35</sup> "n Swaard is oor die Kasdim," sê יהוה, "en oor die inwoners van Babel en oor haar leiers en oor haar wyse mans!

<sup>36</sup> "n Swaard is oor die leuenaars, en hulle sal dwaas word! n Swaard is oor haar helde, en hulle sal gebreek word!

<sup>37</sup> "n Swaard is oor hulle perde en oor hul strydwaens en oor die hele gemengde bevolking wat daar binne-in is, en hulle sal soos vrouens word! n Swaard is oor haar skatte, en hulle sal geplunder word!

<sup>38</sup> "n Swaard is oor haar waters, en hulle sal opdroog! Want dit is 'n land van gesnede beelde, en hulle spog met hul idole.

<sup>39</sup> "Daarom sal daar wilde woestyndiere saam met jakkalse bly, en daar sal *volstruise* in bly. En in ewigheid sal dit nie meer bewoon word nie, en nie in gebly word van geslag tot geslag nie.

<sup>40</sup> "Soos Elohim Sedom en Amorra met hulle inwoners omgekeer het," sê יהוה, "sal daar niemand woon nie, en geen mensekind daar vertoef nie.

<sup>41</sup> "Kyk, daar kom 'n volk uit die noorde, en 'n groot nasie en magtige konings word opgewek uit die uithoeke van die aarde.

<sup>42</sup> "Boog en lans hanteer hulle; hulle is wreed en sonder meegevoel. Hulle klink soos die druisende see, en hulle ry op perde, in gelid soos 'n man vir die oorlog, teen jou, dogter van Babel!

<sup>43</sup> "Die koning van Babel het die gerug van hulle gehoor, en sy hande het slap geword. Benoudheid het hom aangegryp, pyn soos van een wat kraam.

<sup>44</sup> "Kyk, soos 'n leeu kom hy op uit die bosse van die Jardēn teen die vaste

woning. Want in 'n oomblik sal Ek hulle daaruit wegjaag. En Ek sal die verkose daarvoor aanstel. Want wie is soos Ek? En wie dagvaar My? En wie is daardie herder wat voor My staan?"

<sup>45</sup> Daarom, hoor die besluit van יהוה wat Hy teen Babel geneem en sy planne wat Hy teen die land van die Kasdim be-raam het: Waarlik, die kleinste van die kudde sal weggesleep word! Waarlik, hulle weiveld sal voor hulle verwoes word!

<sup>46</sup> Met die uitroep dat Babel ingeneem is, sal die aarde bewe, en die geskreeu sal onder die nasies gehoor word.

**51** So sê יהוה: "'Kyk, Ek wek die gees van 'n verwoester op teen Babel en teen die inwoners in die hart van My teëstanders.

<sup>2</sup> "En Ek sal na Babel wanners stuur wat haar sal uitwan en haar land leegmaak. Want hulle sal rondom teen haar lê op die dag van teëspoed.

<sup>3</sup> "Laat die skutter sy boog span teen hom wat span, en teen die een wat hom in sy pantser verhef. Moenie haar jongmans spaar nie, tref haar hele leer met die ban!

<sup>4</sup> "So sal daar dan gesneuweldes val in die land van die Kasdim en die wat deurboor is, op haar strate.

<sup>5</sup> "Want nie Jisra'ël of Jahuda is as weduwees gelaat deur hulle Elohim, deur יהוה van die leërske nie, al was hulle land vol skuld teen die Afgesonderde van Jisra'ël."

<sup>6</sup> Vlug uit Babel,<sup>dd</sup> en red elkeen sy lewe! Moenie in haar ongeregtigheid afgesny word nie, want dit is die tyd van wraak vir יהוה, die loon wat Hy haar betaal.

<sup>7</sup> Babel was in die hand van יהוה 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het. Die nasies het haar wyn gedrink, daarom het die nasies mal geword.

<sup>8</sup> Babel sal skielik val en gebreek word. Huil oor haar! Neem balsem vir haar pyn! Miskien sal sy genees word.

<sup>9</sup> Ons het Babel probeer genees, maar sy

<sup>dd</sup> 50:8; 51:45; Jes 48:20.

het nie genees nie. Laat ons haar verlaat, en elkeen na sy land gaan, want haar oordeel raak tot aan die hemel en is opgelig tot by die wolke.

<sup>10</sup> יהוה het ons geregtigheid voort gebring. Kom en laat ons in Tsjion die werk van יהוה ons Elohim vertel!

<sup>11</sup> Maak die pyle skerp. Trek aan die skilde! יהוה het die gees van die konings van Madai opgewek. Want Sy plan is teen Babel om dit te verwoes, want dit is die wraak van יהוה, die wraak van Sy tempel.

<sup>12</sup> Lig 'n banier op teen die mure van Babel, versterk die wagposte, plaas wagte, stel hinderlae op. Want soos יהוה beplan het, so het Hy gedoen wat Hy oor die inwoners van Babel gesê het.

<sup>13</sup> Jy wat by die groot waters woon, groot in skatte, jou einde het gekom, die maat van jou gierige wins.

<sup>14</sup> יהוה van die leërske het by Homself gesweer: "Ek sal jou vol mans maak soos sprinkane, en hulle sal 'n geskreeu oor jou aanhef."

<sup>15</sup> Hy het die aarde gemaak deur Sy krag, Hy het die wêreld gevestig deur Sy wysheid en die hemel uitgespan het deur Sy begrip.

<sup>16</sup> Wanneer Hy Sy stem laat hoor dreun die waters in die hemel, en Hy laat dampe opgaan van die einde van die aarde; Hy maak weerligstrale vir die reën en bring die wind uit Sy skure.

<sup>17</sup> Elke mens het dom geword, sonder kennis. Elke goudsmid is beskaam deur die idool, want sy gegote beeld is 'n leuen, en daar is geen gees in hulle nie.

<sup>18</sup> Hulle is nietig, werk vir bespotting. In die tyd van hulle straf gaan hulle tot niet.

<sup>19</sup> Jaakob se Deel is nie soos hulle nie, want Hy is die Maker van alles, en Jisra'ël is die stam van Sy erfenis. יהוה van die leërske is Sy Naam.

<sup>20</sup> "Jy is My strydbyl en oorlogswapens, en met jou sal Ek nasies verbrysel, en met jou sal Ek koninkryke verwoes.

<sup>21</sup> "En met jou sal Ek die perd en sy ruitser verbrysel; en met jou sal Ek die strydwaa

## JIRMEJAHU 51

en die wat daarop ry verbrysel.

<sup>22</sup> "En Met jou sal Ek man en vrou verbrysel, en met jou sal Ek grysaard en seun verbrysel, en met jou sal Ek die jongman en die jongedogter verbrysel.

<sup>23</sup> "En met jou sal Ek die herder en sy trop vee verbrysel, en met jou sal Ek die landbouer en sy span osse verbrysel, en met jou sal Ek goewerneys en owerstes verbrysel.

<sup>24</sup> "En Ek sal Babel en al die inwoners van Kasdim voor julle oë vergeld vir al hulle boosheid wat hulle in Tsjion gedoen het," sê יהוה יי.

<sup>25</sup> "Kyk, Ek is teen jou, berg wat verwoes, sê יהוה יי, "jy wat die hele aarde verwoes. En Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou van die rotse afrol en jou 'n afgebrande berg maak.

<sup>26</sup> "En hulle sal uit jou geen klip vir 'n hoek of 'n klip vir fundamente neem nie, maar jy sal vir ewig verlate wees," sê יהוה יי.

<sup>27</sup> Lig 'n banier op oor die land, blaas die ramshoring onder die nasies! Berei die nasies teen haar, roep die koninkryke van Ararat, Minni en Ashkenas teen haar op. Stel 'n bevelvoerder teen haar aan, laat perde optrek soos stekerige sprinkane!

<sup>28</sup> Berei nasies teen haar voor, die konings van Madai, die goewerneys en al die sy owerstes, ja, die hele land van sy regering.

<sup>29</sup> En die land sal bewe en krimp van pyn. Want al die planne van יהוה יי teen Babel kom tot stand, om die land van Babel 'n puin te maak, sonder inwoner.

<sup>30</sup> Die helde van Babel het opgehou om te veg, hulle het in die bergvestings gebly. Hulle mag het verdwyn, hulle het soos vrouens geword. Hulle het haar wonings aan die brand gestee. Haar grendels is gebreek.

<sup>31</sup> Die een hardloper hardloop 'n ander tegemoet en die een boodskapper ontmoet 'n ander, om aan die koning van Babel te berig dat sy stad van alle kante ingeneem is,

<sup>32</sup> en dat die driewwe beset is, en hulle die

rietvleie met vuur verbrand het, en die soldate verskrik is.

<sup>33</sup> Want so sê יהוה יי van die leërskaare, die Elohim van Jisra'el: "Die dogter van Babel is soos 'n dorsvloer in die tyd wanneer dit getrap word. Nog 'n kort rukkie, dan kom die oestyd vir haar."

<sup>34</sup> "Nebukadréttsar, die koning van Babel, het ons opgeëet, hy het ons vernietig, hy het ons soos 'n leë kruik gemaak, hy het ons ingesluk soos 'n draak. Hy het sy maag met my lekkernye gevul, hy het ons weggestoot.

<sup>35</sup> Die inwoners van Tsjion sê: "Laat die geweld wat teen my en vlees gedoen is, op Babel kom!" En Jarushalajim sê: "Laat my bloed op die inwoners van Kasdim wees!"

<sup>36</sup> Daarom, so sê יהוה יי: "Kyk, Ek verdedig jou saak. En sal vir jou wraak neem en Ek sal haar see droogmaak en haar fontein laat opdroog.

<sup>37</sup> "En Babel sal kliphope word, 'n lêplek van jakkalse, 'n voorwerp van verbasing en bespotting, sonder inwoner.

<sup>38</sup> "Saam brul hulle soos jong leeus, grom soos leeuwepies.

<sup>39</sup> "In hulle hitte, berei Ek hulle feeste. En Ek sal hulle dronkmaak, sodat hulle jubel en 'n ewige slaap kan slaap en nie wakker word nie," sê יהוה יי.

<sup>40</sup> "Ek sal hulle soos lammers afbring om geslag te word, soos ramme saam met bokramme.

<sup>41</sup> "Hoe is Shěshag ingeneem en die lof van die hele aarde gegryp! Hoe het Babel 'n puinhoop onder die nasies geword!

<sup>42</sup> "Die see het oor Babel gestyg, deur die gedruis van sy golwe is sy oordek.

<sup>43</sup> "Haar stede het 'n puinhoop geword, 'n droë land en 'n wildernis, 'n land waar niemand woon nie, en waar geen mensekind deurgaen nie.

<sup>44</sup> "En Ek sal Běl in Babel straf. En Ek sal laat uitkom wat hy ingesluk het, en nasies sal nie meer na hom stroom nie. Selfs die muur van Babel sal val.

<sup>45</sup> "Kom uit haar uit,<sup>eo</sup> My volk! En laat elkeen sy lewe red van die brandende toorn van יהוה!

<sup>46</sup> "En moenie julle hart laat sag wees nie, sodat julle bang word met die tyding wat in die land gehoor word nie – want daar sal 'n tyding in die een jaar kom, en daarna sal 'n tyding in die ander jaar kom, en geweld in die land, regeerder teen regeerder.

<sup>47</sup> "Daarom, kyk, die dae kom dat Ek die oor gesnede beelde van Babel straf sal bring, en haar hele land sal beskaam wees, en al haar gesneuweldes sal daarin val.

<sup>48</sup> "En die hemel en aarde en alles wat daarin is sal oor Babel juig, want uit die noorde sal die verwoesters oor haar kom," sê יהוה.

<sup>49</sup> Soos Babel moet val vir die gesneuweldes van Jisra'el, so sal by Babel die gesneuweldes van die hele aarde val.

<sup>50</sup> Vlugteling van die swaard, gaan weg! Moenie bly staan nie! Dink aan יהוה uit die verte, en laat Jarushalajim in julle hart opkom!

<sup>51</sup> Ons is beskaam, want ons het skande gehoor, skaamte het ons gesigte bedek, want vreemdes het in die afgesonderde plekke van die Huis van יהוה gekom.<sup>ff</sup>

<sup>52</sup> "Daarom kyk, die dae kom," sê יהוה, "dat Ek straf oor haar gesnede beelde sal bring, en die gewondes sal in haar hele land kerm.

<sup>53</sup> "Al sou Babel in die hemel opklim, en al sou sy die hoogte van haar vesting onbereikbaar maak, sal verwoesters van My oor haar kom," sê יהוה.

<sup>54</sup> Luister! Geskreeu uit Babel en groot verwoesting uit die land van die Kasdim,

<sup>55</sup> want יהוה verwoes Babel en sal haar groot stem laat verdwyn. En haar golwe sal druis soos groot waters, die gedreun van hulle stem sal weergalm.

<sup>56</sup> Want 'n verwoester sal teen haar kom, teen Babel kom, en haar helde sal

gevang word. Hulle boë sal gebreek word, want יהוה is 'n El van vergelding, Hy sal verseker vergeld.

<sup>57</sup> "En Ek sal haar leiers en haar wyse mans, haar goewerneys en haar owerstes en haar helde dronk maak. En hulle sal 'n ewige slaap slaap en nie wakker word nie," sê die Koning wie se Naam יהוה van die leërskaare is.

<sup>58</sup> So sê יהוה van die leërskaare: "Die breë mure van Babel word totaal afgebreek en sy hoë poorte met vuur verbrand, sodat volke vir niks werk en nasies hulle vir die vuur moeg maak."

<sup>59</sup> Die woord waarmee die profeet Jirmejahu Saraja, die seun van Nêrja, die seun van Magsêja, beveel het toe hy saam met Tsidkijahu, die koning van Jahuda, na Babel gegaan het, in die vierde jaar van sy regering. En Saraja was leier.

<sup>60</sup> En Jirmejahu het in 'n boek geskryf al die teespoed wat oor Babel sou kom, al hierdie woorde wat oor Babel geskryf is.

<sup>61</sup> En Jirmejahu het vir Saraja gesê: "Wanneer jy in Babel kom en dit sien, en al hierdie woorde lees,

<sup>62</sup> moet jy sê: 'יהוה, U het oor hierdie plek gepraat om dit af te sny, sodat daar geen inwoner, nie mens of dier, sal wees nie, maar dit is wildernisse vir ewig.'

<sup>63</sup> "En wanneer jy hierdie boek klaar gelees het, moet jy 'n klip daaraan vasmaak en dit in die middel van die Paraat gooi

<sup>64</sup> en jy moet sê: 'So sal Babel sink en nie weer opkom nie weens die teespoed wat Ek oor haar bring, en hulle sal hulself moeg maak.'" Tot sover die woorde van Jirmejahu.

**52** Tsidkijahu was een en twintig jaar oud toe hy begin regeer het, en hy het elf jaar in Jarushalajim regeer. En die naam van sy moeder was Hamûtal, 'n dogter van Jirmejahu uit Libna.

<sup>2</sup> En hy het boosheid gedoen in die oë van יהוה, net soos Jahôjakim gedoen het.

<sup>3</sup> Want weens die toorn van יהוה, het dit

<sup>eo</sup> 50:8; 51:6; Jes 48:20.

<sup>ff</sup> Teh 79:1-7; Eka 1:10; Dan 8:13; 11:31.

## JIRMEJAHU 52

oor Jarushalajim en Jahuda gekom totdat Hy hulle van Sy gesig af weggewerp het. En Tsidkijahu het teen die koning van Babel gerebelleer.

<sup>4</sup> En in die negende jaar van sy regering, in die tiende maand, op die tiende van die maand, het dit gebeur dat Nebukadrétstsar, die koning van Babel, hy en sy hele leër, teen Jarushalajim gekom en hulle het daarteen laer opgeslaan. En hulle het skanse rondom dit gebou.

<sup>5</sup> En die stad is beleër tot die elfde jaar van die koning Tsidkijahu.

<sup>6</sup> Die hongersnood was sterk in die stad en die mense van die land het geen brood teen die vierde maand, op die negende van die maand gehad nie.

<sup>7</sup> Toe is in die stad ingebreek, en al die soldate het gevlug en in die nag uit die stad deur die poort gegaan, tussen die twee mure wat by die koning se tuin is, terwyl die Kasdim rondom teen die stad was. En hulle het gegaan op pad van die woestynvlakte.

<sup>8</sup> Maar die leër van die Kasdim het die koning agtervolg en Tsidkijahu in die vlaktes van Jérigo ingehaal, en sy hele leër is van hom af verstrooi.

<sup>9</sup> Toe het hulle die koning gevang en hom na die koning van Babel, na Ribla, in die land Hamat opgebring, en hy het vonnis oor hom uitgespreek.

<sup>10</sup> En die koning van Babel het die seuns van Tsidkijahu voor sy oë geslag. En hy het ook al die leiers van Jahuda in Ribla geslag.

<sup>11</sup> En hy het die oë van Tsidkijahu laat verblind. En die koning van Babel het hom met koperkettings geboei, en hom na Babel geneem en hom in die gevangenis gesit tot die dag van sy dood.

<sup>12</sup> En in die vyfde maand, op die tiende van die maand, wat die negentiende jaar van koning Nebukadrétstsar, die koning van Babel was, het Nebusarádan, die owerste van die wag, wat voor die koning van Babel gestaan het, in Jarushalajim gekom.

<sup>13</sup> En hy het die Huis van יהוה en die huis

van die koning verbrand. En al die huise van Jarushalajim en elke groot huis het hy met vuur verbrand.

<sup>14</sup> En die hele leër van die Kasdim wat by die owerste van die wag was, het al die mure van Jarushalajim rondom afgebreek.

<sup>15</sup> En van die oorblyfsel van die menigte, uit die armes van die volk en die deel van die volk wat nog in die stad oor was, en die oorlopers wat na die koning van Babel oorgeloopt het, het Nebusarádan, die owerste van die wag, in ballingskap weggevoer.

<sup>16</sup> Maar uit die armes van die land het Nebusarádan, die owerste van die wag, sommige laat agterbly as wynboere en as landbouers.

<sup>17</sup> Verder het die Kasdim die koper-pilare wat in die Huis van יהוה was, en die staanders en die koperbak wat in die Huis van יהוה was, stukkend gebreek en al die koper daarvan na Babel gedra.

<sup>18</sup> Hulle het ook die potte en die skoppe en die messe en die komme en die rookpanne en al die kopergereedskap waarmee die diens verrig is, geneem.

<sup>19</sup> En die owerste van die wag het die skottels en die vuurpanne en die komme en die potte en die manoras en die rookpanne en die bekere - wat van suiwer goud en wat van suiwer silwer was, geneem.

<sup>20</sup> Die twee pilare, die een waterbak en die twaalf koperbeeste daaronder' die staanders wat koning Shelomo vir die Huis van יהוה gemaak het - die koper van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie.

<sup>21</sup> Wat betref die pilare, die hoogte van een pilaar was agttien el, en 'n lyn van twaalf el kon dit omspan, en sy dikte was vier vinger, dit was hol.

<sup>22</sup> En 'n kapiteel van koper was daarop. En die hoogte van een kapiteel was vyf el, met vlegwerk en granaatjies op die kapiteel rondom, alles van koper, en ook so aan die tweede pilaar, met granaatjies.

## JIRMEJAHU 52

<sup>23</sup> En daar was ses en negentig granaatjies aan die kant. Al die granaatjies was honderd op die vlegwerk rondom.

<sup>24</sup> En die owerste van die wag het Saraja, die hoofpriester, geneem, en Tsafanjahu, die tweede priester, en die drie deurwagters.

<sup>25</sup> En uit die stad het hy een hofdienaar wat oor die soldatee aangestel was, en sewe mans wat die koning se gesig gesien het, wat in die stad aanwesig was, en die skrywer van die leërowerste wat die mense van die land opgeroep het, en sestig mans van die mense van die land wat binne-in die stad aanwesig was, geneem.

<sup>26</sup> En Nebusarádan, die owerste van die wag, het hulle geneem en hulle na die koning van Babel, na Ribla gebring.

<sup>27</sup> En die koning van Babel het hulle in Ribla neergeslaan en hulle doodgeslaan, in die land Hamat. So is Jahuda uit sy land in ballingskap weggevoer.

<sup>28</sup> Dit is die mense wat Nebukadrétssar in ballingskap weggevoer het: in die sewende jaar, drie duisend drie en twintig Jahudim;

<sup>29</sup> in die agttiende jaar van Nebukadrétssar, uit Jarushalajim agt honderd twee en dertig wesens;

<sup>30</sup> in die drie en twintigste jaar van Nebukadrétssar het Nebusarádan, die owerste van die wag, sewe honderd vyf en veertig wesens van die Jahudim in ballingskap weggevoer. Al die wesens was vier duisend ses honderd.

<sup>31</sup> En in die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van Jahójagin, die koning van Jahuda, in die twaalfde maand, op die vyf en twintigste van die maand, het Ewil-Meródag, die koning van Babel, in die eerste jaar van sy regering die kop van Jahójagin, die koning van Jahuda, opgelig en hom uit die gevangenis gebring.

<sup>32</sup> En hy het vriendelik met hom gepraat en sy stoel bokant die stoel van die konings wat by hom in Babel was gesit.

<sup>33</sup> En hy het sy gevangenskere verander, en hy het voortdurend brood voor sy gesig geëet, al die dae van sy lewe.

<sup>34</sup> En aangaande sy lewensonderhoud, 'n vaste lewensonderhoud is hom deur die koning gegee, volgens die eis van elke dag, al die dae van sy lewe.